


# SPARTA EN ATHENE

## 'N STUDIE IN *ALTÉRITÉ*

GN MURRAY

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van  
MPhil in Antieke Kulture aan die Universiteit van Stellenbosch



Studieleier: Mnr Francois R Pauw


April 2007

## Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening: .....

Datum: .....



## Opsomming

Die doel van hierdie studie is in die eerste plek om die verskille tussen die vyfde-eeuse stadstate Athene en Sparta te ondersoek. My benadering is gebaseer op die slagwoord *altérité* (“andersheid”). Ek gee spesifiek aandag aan vier van die belangrikste sosiale groeperings, naamlik vroue, slawe, die weermag en politieke organisasie. Hierdie onderwerpe verskil elke keer drasties: Athene se slawe is mettertyd individueel aangekoop of gebuit; Sparta het vroeg reeds ’n hele nasie, die Messeniërs, oorwin en verslaaf om op lang termyn as hul slawe te dien. Atheense vroue het geen sosiale of juridiese vryheid of regte geniet nie; Spartaanse vroue het al hierdie vryhede geniet en kon eiendom besit en erf wat hul Atheense susters nie kon nie. In Athene is die belang van die vloot sedert Themistokles op die voorgrond geplaas en was die infanterie van minder belang; Sparta het vroeg reeds ’n professionele infanterie op die been gebring wat dwarsdeur die Griekssprekende wêreld erken is as die beste. Athene het relatief laat begin om aan sy konstitusie te verander, maar het van toe af aanhou verander totdat hy ’n vroeë vorm van demokrasie bereik het; Sparta het nooit verby die monargistiese stadium ontwikkel nie, maar het genoegsaam aangepas om in sy behoeftes te voorsien.

Die tweede doel van hierdie studie is om uit te vind waarom hierdie verskille so groot is. Dit is nie soseer dat Athene die model-stadstaat was wat almal probeer emuleer het nie, maar eerder dat Sparta die stadstaat was wat die meeste van die ander verskil het. Die rede vir spesifiek Sparta se “Andersheid”, argumenteer ek, lê in die jare tussen 750 en 600 toe Sparta sy grondgebied begin uitbrei het. Sparta se oorwinning in die Eerste Messeense Oorlog (735-715) het hom selfversekerd gemaak maar sy bure ontstig. Dié het teen 650 *en masse* probeer om Sparta uit te wis, maar teen 600 het Sparta reeds sy vyande se poging die hoof gebied en was Sparta die magtigste stadstaat in die Peloponnesos. Gedurende hierdie tydperk het Sparta hom in ’n militêre regime omskep en sedertdien het Sparta al sy energie ingespan om die beste moontlike soldate te kweek. Die gevolg was ’n vroeë nekslag vir Spartaanse kuns en letterkunde, alles ter wille daarvan om sy weermag te onderhou.

## Abstract

The main purpose of this study is to investigate and describe the differences between the fifth-century city states of Athens and Sparta. The approach I use is that of *altérité* (“otherness”). I look in particular at four of the most important social phenomena: women, slaves, the army and the political structures. In these respects there are extensive differences between the two city states: Athens acquired its slaves through buying them or as spoils of war over time and on an individual basis; Sparta conquered and enslaved a whole nation, the Messenians, early on to serve permanently as their slaves. Athenian women enjoyed no social or legal freedom or rights; Spartan women enjoyed all these rights and could own and inherit property and goods. In Athens, since the time of Themistocles the fleet was regarded as much more important than the infantry; Sparta had very early on developed a professional infantry which was regarded as the best right through the Greek-speaking world. Athens started changing its constitution at a relatively late stage, but once started, continued to work on it until they attained an early form of democracy; Sparta never developed beyond the monarchical stage, but did adapt it to suit their needs.

The second purpose of this study is to discover and attempt to explain why the above-mentioned differences are so great. The point here is not so much that Athens was the model city state which everybody tried to emulate, but rather that Sparta was the city state which was significantly different from any of the others. I argue that the reason for Sparta’s “Otherness” can be found in the years between 750 and 600 when Sparta started to expand its territory. Sparta’s victory over Messenia in the First Messenian War (735-715) made Sparta self-confident and discomfited its neighbours. By 650 Sparta’s neighbours tried to destroy Sparta, but by 600 Sparta had managed to overcome this threat and became the most powerful state in the Peloponnese. During this time Sparta had turned itself into a rigorous military regime and since then all its efforts went into producing the best possible soldiers. The result was the early demise of Spartan art and literature, all for the sake of supporting its army.

## Bedankings

Ek wil heel eerste my studieleier, mnr Francois Pauw, bedank vir sy leiding en ongeëwenaarde kennis van Antieke Griekeland. By tye was dit vir my moeilik om by die tema te bly en het ek afgedwaal in esoteriese en interessante, maar ontoepaslike, onderwerpe. Mnr Pauw moes telkemale opnuut weer my aandag op koers kry sodat ek meer doelgerig op die studie kon fokus. Verder het hy ook my aanvanklike historiese hoofstukke meer tematies georden.

Ook wil ek my departementshoof en werkgewer, prof Sakkie Cornelius, bedank vir sy belangstelling en ondersteuning vanaf die kantlyn. Al is hierdie onderwerp nie deel van sy akademiese spesialisering nie, kon hy altyd saam gesels en geïnteresseerd luister. Hy was ook 'n groot bron van motivering.

Verder wil ek my ouers, Georg en Hanlie Murray, bedank vir hul konstante ondersteuning en belangstelling. Ek wil veral my ma bedank wat as my proefleser gedien het vir elke manuskrip voor inhandiging. Dit was aanvanklik by haar waar ek my belangstelling in die klassieke wêreld gekry het. Ek is veral dankbaar dat ek 'n onderwerp of tema waarmee ek op enige stadium besig was met haar kon bespreek en sodoende ook meer duidelikheid oor my eie gedagtes kon kry. Wanneer ek moedeloos of radeloos was, was sy my grootste bron van hernude krag.

Die onderwerp van hierdie studie het ek hoofsaaklik te danke aan Steven Pressfield, skrywer van historiese romans. Dit was sy *Gates of Fire* wat my geïnspireer het om 'n tema rondom klassieke Sparta te kies.

Laastens wil ek die klassieke geskiedskrywers, Herodotos, Thoeekudides en Xenofoon bedank dat hulle hul geskiedenis vir die nageslag opgeteken het.

# Inhoudsopgawe

# Bladsy

<b>1. INLEIDING</b>	<b>1</b>
1.1 DIE TEMA	1
1.2 METODIEK	2
<b>2. ALTÉRITÉ: 'N DEFINISIE</b>	<b>5</b>
2.1 LÉVINAS: DIE ANDER TEEN DIE WÊRELD	5
2.2 <i>POLITEÍA</i> EN DIE <i>POLIS</i>	7
2.3 HERODOTOS: <i>TO HELLENIKON</i> TEEN <i>HOI BÁRBAROI</i>	12
<b>3. HISTORIESE ORIËNTASIE, C. 750-371</b>	<b>19</b>
3.1 DIE ARGAIËSE TYDPERK, C. 750-490	19
3.1.1 <i>Athene</i>	22
3.1.2 <i>Sparta</i>	26
3.2 DIE KLASSIEKE TYDPERK, 490-371	33
3.2.1 <i>Die Persiese Oorloë (490-478)</i>	34
3.2.2 <i>Die Peloponnesiese Oorlog en sy gevolge, 478-371</i>	42
<b>4. DIE SPIEËL TUSSEN KLASSIEKE SPARTA EN ATHENE</b>	<b>48</b>
4.1 VROUE: DIE ANDER ANDER	51
4.1.1 <i>Die korrekte Atheense vrou</i>	53
4.1.2 <i>Spartaanse gunaikokratia</i>	62
4.1.3 <i>Samevatting</i>	68
4.2 NIE-GRIEKSE SLAWE EN HELOTE	69
4.2.1 <i>Atheense slawe as privaatbesittings</i>	71
4.2.2 <i>Helote: die antitetiese Grieke in slawerny</i>	78
4.2.3 <i>Samevatting</i>	86
4.3 DIE GRIEKSE WEERMAG	87
4.3.1 <i>Atheense hoplítai en triëreis</i>	90
4.3.2 <i>Spartaanse professionalisme</i>	102
4.3.3 <i>Samevatting</i>	111
4.4 DIE <i>POLITEÍA</i>	114
4.4.1 <i>Athene: regering deur die demos</i>	116
4.4.2 <i>Sparta: regering deur die oligoi</i>	129
4.4.3 <i>Samevatting</i>	135
<b>5. GEVOLGTREKING</b>	<b>137</b>
<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>141</b>
PRIMÈRE BRONNE	141
SEKONDÈRE BRONNE	141

# 1. Inleiding

οὕτω μὲν γινώσκοντα τὰ ταῦτα νειόμισται, καὶ ὀρθῶς μοι δοκᾷ Πίνδαρος ποιῆσαι νόμον πάντων βασιλέα φήσας εἶναι.

One can see by this what custom can do, and Pindar, in my opinion, was right when he called it ‘king of all’ (Hdt. 3.38.4; De Sélincourt, 1954:169).

## 1.1 Die tema

Die tema van hierdie tesis sentreer om, soos dit in die titel lui, *altérité*. Die term *altérité* en die algemene toepassing daarvan bespreek ek meer breedvoerig in my tweede hoofstuk. Intussen kan dit met “Andersheid” of “Otherness” vertaal word. Soos die vertalings impliseer, verwys *altérité* dus na die verskille tussen ten minste twee entiteite wat vergelyk word. Maar anders as ’n gewone objektiewe vergelyking tussen twee eksterne referente (bv. “hom” en “hom”), handel *altérité* spesifiek oor die subjektiewe verskil tussen “my” en “hom”: “In watter mate is X anders as ek? Wat het of doen X wat ek nie het of doen nie?”

Athene is waarskynlik die bekendste Griekse stadstaat in die Antieke. Alhoewel hierdie stad by tye nie die sterkste of rykste van al die Griekse stadstate was nie, was hy wel een van die invloedrykste van sy tyd. Maar dit op sigself is nie genoeg om ’n stad steeds twee en ’n half duisend jaar later tot ikoon te verhef nie. ’n Stad se nalatenskap gaan nie altyd hand aan hand met die grootte van sy weermag, sy ryk, of selfs die uitgebreidheid van sy handelsroetes nie. Nalatenskap is geleë in tasbare artefakte en monumente, maar veral in nagelate literatuur. Athene het meer ekstante literêre tekste opgelewer as enige ander Griekse stadstaat van sy tyd. Ons het dit deels te danke aan Perikles (feitlik ononderbroke as *stratēgos* verkies vanaf c. 443 tot 429) wat deur middel van ’n definitiewe kulturele veldtog kunstenaars en letterkundiges as *metoikoi* na Athene gelok het. Vandag mag ons in frustrasie kennis neem van hoe min letterkunde ander stadstate opgelewer het, maar dan moet ons onthou dat ’n stadstaat nie sy hele bestaan op skrywers kon baseer as hy wou oorleef nie. Die stad moes ekonomies sterk genoeg wees dat

daar 'n klas van elite-burgers kon ontstaan wat finansiëel gemaklik genoeg geleef het om dit te bekostig om tyd af te staan aan die letterkunde en geesteswetenskappe (sien Arist. *Pol.* 1334a 22 e.v.). Dit is eers sodra jy nie meer van die hand tot die mond hoef te leef nie dat jy dit kan bekostig om tyd aan ontspanning te wy. Maar indien 'n stadstaat rykdom besit, moet hy dit ook kan beskerm: voordat daar tyd aan ontspanning bestee mag word, moet daar eers 'n weermag opgebou word om die stadstaat se grond en inwoners te beskerm. Die een stadstaat wat heeltemal na hierdie militêre kant van die skaal oorgeleun het, was Sparta, waar die hele manlike bevolking professionele soldate was. Die gevolg was egter dat alle burgers teen die sesde eeu reeds voltydse soldate was, maar met 'n ekonomie gebaseer op slawearbeid deur Helote. Dit is daarom dat die enigste letterkunde wat ons van Sparta het van voor die sesde eeu dateer. Sparta kon wel daarin slaag om Athene in die Peloponnesiese Oorlog (431-404) te verslaan en sy hegemonie oor Griekeland te vestig, maar dit was nie genoeg om die Athenosentriese beeld van die Klassieke Wêreld enigszins te beïnvloed nie.

## 1.2 Metodiek

Ek gee eers 'n oorsigtelike agtergrond van beide Sparta en Athene se geskiedenis vanaf ongeveer 750 tot 371. In hierdie tyd het beide Sparta en Athene as stadstate ontwikkel, saam die Griekse state teen die Perse beskerm (490-478) en oorlog teen mekaar gevoer (431-404). Sparta het die oorlog gewen, maar is op sy beurt deur die opkomende Boiotiese Bond verslaan (371). My vergelykings is hoofsaaklik gebaseer op die vyfde eeu, maar waar nodig verwys ek na voorbeelde van voor of ná die vyfde eeu. Daarna definieer ek die konsep van *altérité* en pas ek dit, polities en etnies, op die Griekse stadstaat toe soos wat Herodotos aanvanklik wou doen toe hy sy die konsep van 'n "Griekse volk" teenoor 'n "nie-Griekse volk" (die Perse) die eerste keer beskryf het.

Die doel van hierdie tesis is dus om vas te stel hoe Sparta, as "onbekende" teenpool van Athene, met Athene vergelyk. Ek beperk myself tot twee polariteite van die Griekse samelewing, naamlik dié van "vrye burger" en "slaaf". In die Griekse ideologie is die mensdom in "natuurlike" kategorieë en




hul teenoorgesteldes verdeel, byvoorbeeld “manlik” teenoor “vroulik” of “vrye burger” teenoor “slaaf” (Wiedeman, 1981:16, maar sien veral Arist. *Pol.* 1253b 1-20). Die man is per definisie ’n vrye burger; die status van ’n vrou was in baie opsigte vergelykbaar met dié van ’n slaaf. Maar mans, as vrye burgers van die stadstaat, het spesifiek twee verantwoordelikhede wat hulle moet nakom indien hulle hul status wou behou: deelname aan die politiek en beskerming van die stadstaat. Uit die klas van “nie-vry” lede van die samelewing is daar basies twee subgroepe, gebaseer op “direkte” en “indirekte” slawerny. Onder direkte slawerny kyk ek na die slawe self wat gekoop word om handarbeid te verrig. Maar ook Griekse vroue, selfs vrygebore vroue, was nooit volkome vry nie. Hulle het geen van die sosiale en politieke regte en pligte van die manlike burgers geniet nie.

Ek gaan dus kyk hoe hierdie vier groeperings (politieke organisasie, die weermag, slawe en vroue) in Athene en Sparta met mekaar vergelyk. Wanneer ek by hierdie vergelykings kom, ondersoek ek eers die Atheense model waarna ek die Spartaanse alternatief bespreek. By spesifiek die politiek en die weermag het ek dit nodig geag om ook na die ontwikkeling daarvan te kyk om beter begrip te hê vir die vraag waarom Athene en Sparta die sisteme ontwikkel het waarvoor hulle bekend is. Daar is egter nie in dieselfde mate sprake van ’n ontwikkelende houding t.o.v. Atheense of Spartaanse vroue en slawe nie; hul onderskeie situasies was meer ideologies van aard en nie soseer die gevolg van historiese ontwikkeling nie. Die uitsondering is die Spartaanse Helote, wat op ’n bepaalde historiese punt (650-600) verower en verslaaf is. Ná my besprekings gee ek ’n samevatting wat die onderskeie verskille tussen Sparta en Athene direk kontrasteer.

Wanneer ek na klassieke bronne verwys of dit aanhaal, gebruik ek deurgaans die Latynse benaming soos gebruik deur o.a. die Oxford Classical Dictionary. Wanneer ek Griekse eiename gebruik, gebruik ek ’n verafrikaanste spelling, bv. “Hippargos” in stede van die “gestandaardiseerde” Engels-Latynse spelling “Hipparchus”. Griekse terme wat ek translitereer sal ek kursiveer en so na as moontlik aan die oorspronklike Griekse spelling hou, in ag genome dat sekere Griekse letters (soos X en Γ) in transliterasies verwarring kan veroorsaak. Ek translitereer ἀγῶγη as *agōgē* en ἀρχὼν as *arkhōn*. By plek- en

eiename, soos Hippargos (Ἱππαρχος), gebruik ek 'n vereenvoudigde maar konsekwente sisteem waar ek 'n kompromis tussen fonetiek en spelwyse probeer aangaan het.



## 2. Altérité: 'n Definisie

### 2.1 Lévinas: die Ander teen die wêreld

Ná die Babiloniese ballingskap van 587 v.C., waartydens die oorblywende suidelike stamme van Israel hul staat en tempel verloor het, en daarmee saam hul nasionale identiteit, moes hulle die keuse maak om hul aardse en nasionale identiteit te laat vaar en eerder op hul ideologiese en religieuse identiteit, d.w.s. hul identiteit as volgelingen van die God Yahweh en van sy wette en opdragte, te fokus. Dit is in dié tydperk dat hul selfdefinisie as “Volk van Israel” ’n wysiging ondergaan het tot “Jode”. Aangesien Juda die grootste van die twee suidelike stamme was, het dié term oorspronklik bloot beteken “inwoners van Juda”, maar vandag verwys dit na ’n volk wat hul aardse nasionaliteit agtergelaat het maar hul religieuse identiteit, soos bepaal in hul tekstradisie, die wette, geskifte en profete, behou het. Vandaar dat die Jode hul selfdefinisie verander het om as volk, sonder ’n staat, te kon voortbestaan.

In 539 v.C. bring die Perse die Babiloniese ryk tot ’n val en stuur hulle die Jode terug na die land van hul voorvaders. Daar het hulle die koms van die Grieke onder Alexander die Grote oorleef en met moeite onafhanklikheid van die Seleukiede verkry (in die Makkabese oorloë, 168/7 v.C.) – ’n oorwinning wat natuurlik weer die Jode (nou Judeërs ná hul terugkeer na die nuwe staat Juda in 541 v.C.) se nasionalisme aangevuur het. In 60 v.C. het die Romeine weer die Jode oorwin. Dít het weer gelei tot die revolusie van 69-73 n.C., waartydens die nuwe tempel van Herodus vernietig is. In 135 n.C. het die Jode weer gerebelleer in die Bar Kokhba revolusie, en dié keer het die Romeine die Judese staat heeltemal vernietig. Tot in daardie stadium het die Judese akademici, die skrifgeleerdes en onderskeie rabbynse partye, die tekstradisie van die wette, geskifte en profete lewend gehou. Dit was in ieder geval die tradisie waarop die Jode teruggeval het met hul terugkeer na Juda in 541 v.C. Die gevolg was dat, met die finale vernietiging van hul staat, hulle relatief ononderbroke hul identiteit as Jode behou het terwyl hulle as haweloses die wêreld binnegegaan het. In die gevalle waar burgerskap wel ’n kwessie was, het hul identiteit as Jode prioriteit geniet bo hul identiteit as burgers van die

land waarin hulle hulself bevind het. Sedertdien was Jode die oorspronklike minderheidsgroep, die eerste identifiseerbare groep wat van die dominante nasionale groep (d.w.s. van die land waar hulle hulself op daardie oomblik bevind het) onderskeibaar was.

Tot onlangs in die moderne geskiedenis is Jode as “anders” geïdentifiseer en is daar selfs gepoog om hulle (sowel as ander minderheidsgroepe soos byvoorbeeld die sigeuners en homoseksuele) uit die “standaard”-dominante groep te verwyder. Ek verwys hier na die grootskaalse rassesuiveringsveldtog wat Hitler gedurende 1941-5 geloods het. Vandag staan dit bekend as die *Holocaust*, waarin meer as ses miljoen Europese Jode (ongeveer twee derdes van die totale getal) sistematies aangekeer en uiteindelik tereggestel is. Een van diegene wat aangekeer is, was Emmanuel Lévinas, 'n Litaus-gebore Jood wat weldra na Parys verhuis het, waar hy in 1940 deur die Duitsers gevange geneem en in 'n krygsgevangenekamp geplaas is. Omdat hy as soldaat gevange geneem is, het die Geneefse Konvensie gestipuleer dat hy nie na 'n konsentrasiekamp gestuur kon word nie. Na die oorlog het hy na Frankryk teruggekeer, waar hy sy filosofiese denke kon voortsit.

Sy werk is gebaseer op die etiek van “die Ander”, d.w.s. die subjek en die manier hoe die objek met die subjek omgaan. Met ander woorde, “ek” as eerste persoon en subjek, tree op 'n sekere manier op teenoor “iemand anders”, die derde persoon en objek. Hierdie optrede van my bepaal die verhouding tussen my en “iemand anders”. Toegepas op minderheidsgroepe sal die dominante nasionale groep die subjek (die eerste persoon) wees en die minderheidsgroep die objek (die “ander groep”, die derde persoon). Jode was al die jare sedert hulle hul staat verloor het “die Ander” groep in enige land waar hulle hulself bevind het. Maar dit was nie net eensydig nie, aangesien ook die Jode redelik elitisties was: die mensdom bestaan uit Jode en *gôyim*, heidenvolke. Die Jode self het doelbewus hul identiteit apart gehou. Dit was dus hierdie doelbewuste andersheid, *altérité*, wat die onderwerp van Lévinas se denke was. Hy het geredeneer dat “die Ander”, weens sy inherente andersheid, onbewustelik bepaal wat die subjek, die dominante party, se houding daarteenoor is. Dus lê die onus op die subjek, die dominante groep, om die posisie van “die Ander” in te sien en “die Ander” se bestaansreg soos

sy eie te aanvaar. Hierdie verhouding tussen die subjek en “die Ander” was vir Lévinas die basis van etiek. Volgens Lévinas is die enigste manier hoe “die Ander” deur die dominante groep aanvaar sou word, dat die dominante groep erkenning aan “die Ander” sou gee, en nie dat “die Ander” noodwendig hoef aan te pas of uitgeroei hoef te word nie. Met ander woorde, sien jouself in die ander persoon se posisie. Indien die dominante groep “die Ander” aanvaar, het hulle die doelwit van moraliteit bereik.

Hierdie siening is in reaksie teen die normale tendens wat ’n mens volg om die onbekende of ongewone te vermy. Dominante groepe moet besef dat hulle nie hul sekuriteit in hul identiteit as gegewe kan aanvaar as hulle minderheidsgroepe ter wille van hul eie identiteitsuiwerheid opsy skuif of afweer nie. Word die minderheid hul sekuriteit ontnem bloot omdat hulle min in getal is? Met vandag se globalisasie waar al hoe meer verskillende etniese en sosiale groepe met mekaar in aanraking kom, is dit bloot onprakties om xenofobies te wees, afgesien van morele oorwegings. Lévinas wou dus in die 1950’s reeds die aandag op “die Ander” vestig sodat elke dominante groep in enige situasie homself met die kleiner groepe kan vereenselwig, homself in die ander se posisie te plaas, en dié se bestaansreg soos sy eie aanvaar.

Mense sal egter baie lank nog veiligheid soek in die groep waarmee hulle hulself die beste identifiseer. Selfs al verdwyn kulturele en nasionale identiteite (soos wat met die Jode gebeur het), sal daar altyd ten minste ideologiese grense wees waarbinne eendersdenkende mense sal vergader om tuis te voel saam met diegene wat soos hulle dink.

## 2.2 *Politeía* en die *polis*

Lévinas baseer sy filosofie op die globale samesmelting van kultuurgroepe – ’n ideaal wat vandag nog moeilik is, maar bykans onmoontlik was in die verlede. Ideologie en nasionaliteit het tot onlangs hand aan hand geloop en mekaar ten volle ondersteun: indien iemand aan ’n bepaalde nasionaliteit behoort, hang hy uit die staanspoor die *status quo* en voorgeskrewe ideologie van daardie nasionaliteit aan.

Die Griekse *polis* was ook geen uitsondering nie aangesien lidmaatskap van sy *polis* vir die gemiddelde Griekse burger die belangrikste faset van sy bestaan was. Lidmaatskap, of eerder burgerskap, het bepaal of die persoon deel van die *polis*-samelewing sou kon wees en of hy, *polis*-loos, homself bloot as deel van die natuur, en nie van kultuur nie, moes beskou.<sup>1</sup> Die *polis* was dus die bastion van beskawing en ordelikheid, die ruimte wat die mens vir homself gemaak het om homself eerstens van die natuur te onderskei, en, tweedens, daarteen te beskerm. Hier het die mens reeds die natuur as die argetipe “Ander” geïdentifiseer: daar was geen orde of sekerheid van oorlewing nie, slegs wanorde, chaos en onsekerheid.

Weens dié onleefbare toestande het mense by mekaar begin woon – met die oog op sekuriteit in getalle – en stede gebou waar hulle in relatiewe veiligheid (veiliger as in die natuur) kon leef. Die sekuriteit van die stad en die sekerheid van oorlewing het die mens toegelaat om te ontspan en sodoende kon hy meer tyd en aandag aan kultuur bestee.

Dus was die eerste werklike vorme van identiteit te danke aan die stad, die plek waar verskeie mense nagenoeg dieselfde oortuigings het, deel het aan dieselfde vorm van kultuur, en veilig voel in mekaar se midde. So was ook die Griekse *polis* die sentrale punt waarom die lewe in antieke Griekeland gedraai het. Aristoteles (*Pol.* 1252a 1-6) skryf die volgende funksie aan die *polis* toe:

We see that every city-state is a community of some sort, and that every community is established for the sake of some good (for everyone performs every action for the sake of what he takes for good). Clearly, then, while every community aims at some good, the community that has the most authority of all and encompasses all the others aims highest, that is to say, at the good that has the most authority of all. This community is the one called a city-state, the community that is political (Reeve, 1998:1).

---

<sup>1</sup> Natuur (φύσις), d.w.s. wetteloosheid en wanorde, is die afwesigheid van νόμος, lett. “wet” of “tradisie”. Νόμος omvat beskawing en kultuur, en is vergelykbaar met die Latynse konsep van die “*mores (maiorum)*”, lett. “die gewoontes / tradisies van die voorvaders” (vgl. LSJ s.v. νόμος en Lewis & Short s.v. mos).

Aristoteles verduidelik dat elke *polis* uit verskeie gemeenskappe bestaan, byvoorbeeld families, gesinne, wyke (*demoi*), broederbonde, ens., elkeen met die doelwit om op te tree om die lewe vir hulself en hul naastes beter te maak. Maar die een gemeenskap wat al hierdie gemeenskappe omvat, wat elkeen van hierdie gemeenskappe wil bevoordeel sonder dat enige een in die proses benadeel word, is die stadstaat (Reeve, 1998:1 n. 1).

Verder argumenteer Aristoteles (1253a 1-4):

It is evident ... that a city-state is among the things that exist by nature, that a human being is by nature a political animal, and that anyone who is without a city-state, not by luck but by nature, is either a poor specimen or else a superhuman (Reeve, 1998:4).

Met ander woorde, dit is die mens se natuur, sy *fusis*, om, in die oorspronklike sin van die woord, “polities” (in interaksie met ’n gemeenskap) te verkeer. Vandaar die woord πολιτεία, waarvan ons woord “politiek” afgelei is (lett. “die gedrag van die *politai*, die burgers van die *polis*”).

Die hoofeienskap van die *polis* was sy outonomie. Alhoewel baie *poleis* se inwoners ondanks dialekverskille nagenoeg dieselfde taal, godsdiens en herkoms gedeel het, sou elke *polis* se inwoners op hul eie selfstandigheid, identiteit en politieke outonomie staan. *Poleis* sou in ekstreme gevalle saamstaan teen ’n gemeenskaplike vyand, maar sodra die gevaar uit die weg geruim, is sou hulle weer na gelang van heersende omstandighede hul houding teenoor mekaar aanpas. Wat ons dus vandag “Griekeland” noem, was aanvanklik slegs ’n versameling outonome *poleis* waarvan elkeen die ekwivalent van hedendaagse outonome lande was.<sup>2</sup>

Burgerskap, ook ingesluit onder die term πολιτεία, was geweldig eksklusief. Die kriteria vir burgerskap is op die makrovlak (d.w.s. die “nasionale” vlak teenoor die broederbonde as mikrovlak) indirek bepaal deur die insette en bydraes wat die inwoners tot die welstand van die *polis* kon lewer. In die

---

<sup>2</sup> Die Helleense Bond, wat net voor die Tweede Persiese Oorlog in 481 gestig is om die handjievul Griekse lidstede teen verdere Persiese gevaar te beskerm, kan met die hedendaagse Europese Unie vergelyk word: elke stadstaat was die ekwivalent (in status, *nomos*, kultuur en dialek) van die moderne lidlande. Na dié oorlog is die Helleense Bond ontbind en is die Deliese Bond (478) formeel gestig.

Argaïese Tydperk was die inwoners wat die belangrikste rol vir die *polis* gespeel het, uitsluitlik die krygers. Krygers (van informele milisie en skermutselaars tot swaar gewapende hopliet-infanterie) het die *polis* se reg om te bestaan gewaarborg. Hulle moet die *polis* teen enige eksterne gevare beskerm, van bendes rowers tot roofdiere wat te na aan die residensiële gebiede kom. Die weermag se effektiwiteit was natuurlik ook die *gravitas* agter politici se buitelandse beleid: in die geval van dispute oor grond, sou die betrokke *poleis* se leërs dit uitveg en die sterkste leër se *polis* sou die grond kon eis. Buiten geskille oor naburige grond was Grieke egter nooit werklik imperialisties in die sin dat hulle ander *poleis* sou oorneem en dié se grondgebied as hul eie sou opeis nie. Hulle was wel daarop gerig om hul dominansie op swakker *poleis* af te druk en belasting te eis (Austin, 1996:750). Maar voor die ontstaan van die Atheense ryk (wat uit die Deliese Bond ontwikkel het) het die Grieke nooit werklik *poleis* en dié se inwoners en grondgebied geassimileer soos die Oosterse ryke van onder andere Lidië en Persië nie. Dit was vir hulle genoeg dat een *polis* sy eie vryheid te behou deur sy superioriteit oor ander te bewys.<sup>3</sup>

Aangesien die beskerming van die *polis* dus primêr in die hande van die krygers lê, is dit vanselfsprekend dat dit hierdie groep burgers sou wees wat as een liggaam onder leiding van húl leier, die militêre aanvoerder(s), die volksvergaderings uitgemaak het. Die res van die bevolking – vroue, kinders, slawe, buitelanders, en enige jong mans wat nie in staat was om te veg nie – kon nie toegang tot die volksvergaderings kry nie aangesien hulle nie ’n rol in die beskerming van die *polis* (kon) speel nie. Gesien uit ’n man/kryger-

---

<sup>3</sup> Aristoteles (*Pol.* 1333b 38-1334a 2) spel dit redelik duidelik uit:

Training in war should not be undertaken for the sake of reducing those who do not deserve it to slavery, but, first, to avoid becoming enslaved to others; second, to pursue a position of leadership in order to benefit the ruled, not to be masters of all of them; and, third, to be masters of those who deserve to be slaves (Reeve, 1998:217).

M.a.w. indien ’n *polis* nie sy vryheid kon beskerm nie, is hy bedoel om deur ander regeer te word. Tog onderskei Aristoteles tussen *καταδουλοῦν* (om te verslaaf), *ἡγεμονία* (leiersposisie), *ἀρχόμενοι* (onderdane) en *δεσπάζειν* (om oor te heers / die meester of eienaar te wees) (LSJ s.v.). Die indruk wat dit skep is dat *poleis* nie veronderstel is om mekaar te verslaaf en te oorheers nie, maar eerder om leierskap aan die dag te lê oor diegene wat beter onderdane of volgelingen as leiers maak (vgl. Austin, 1996:750).



gesentreerde samelewing, was die rol van die vrou dus bloot om die man/kryger te versorg en soveel as moontlik krygers van as sy nasate te produseer; die rol van die slaaf was dié van 'n stuk gereedskap om die kryger se lewe by die huis makliker te maak; en die kinders was bloot krygers wat nog nie oud genoeg was om te veg nie. In vredestryd was dit in elk geval ook die manlike lede van die samelewing wat die arbeidsintensiewe ekonomie gedra het.

Om as soldaat te dien was egter nie altyd die enigste diens wat 'n burger moes lewer nie. Daar is weldra besef dat party lede byvoorbeeld beter ekonome is as wat hulle soldate is: solank hulle finansiële steun aan die staat lewer hoef hulle nie hul lewens op die slagveld te waag nie. Ook party politici of amptenare se dienste weg van die slagveld was belangriker as op die slagveld. 'n Aspirant-ekonoom wat besig was om geld te maak moes egter sy erkenning op die slagveld kry voordat hy moontlik erkenning op die openbare slagveld, die *agora*, kon kry. Eers dan sou hy moontlik van dienspelig vrygestel kon word.

*Politeía* het dus 'n tweeledige implikasie gehad, volgens Cartledge (1996:91):

... politics – in the sense of the sorts of things that went on in public spaces of a Greek city (assembly, lawcourts, *agora*, theatre, and so on), or on the battlefield – quite simply were more important than any other aspect of life [*d.w.s. private*] in Classical Greece, and so Thucydides and his epigones were right to concentrate on it.

Die internasionale slagveld (tussen *poleis*), asook die nasionale (tussen plaaslike politici), was waar *politai* hul dienste aan die *polis* moes lewer. Die res van die permanente samelewing (vroue, kinders, inwonende buitelanders, kreupeles) was tegnies nie deel van die *polis* nie, daarom nie *politai* nie, en daarom ook nie deel van volkstellings nie, maar was vanuit 'n ideologiese oogpunt slegs buitestaanders in 'n wêreld gesentreer om manlike burgers. In die *polis* was almal behalwe stemgeregtigde mans “die Ander”. Hul deelname, siening, en bestaan is dus in 'n hoë mate nie erken nie.

## 2.3 Herodotos: *to Hēllēnikon* teen *hoi Bárbaroi*

Homeros beskryf in die *Ilias* (c. 700) hoedat al die prominentste stede en koninkryke van die bekende wêreld saamgetrek het om die stad Troje te beleër. Indien daar werklik so 'n oorlog plaasgevind het, kan die beleg argeologies nagenoeg teruggevoer word tot c. 1270-1050 en bestaan die moontlikheid wel dat die ruïnes van dié tydvak histories in 'n oorlog vernietig is. Tot en met die Persiese Oorloë (490 en 480-79) was die Trojaanse Oorlog die laaste keer in die geskiedenis en literatuur van die Griekse state dat soveel Grieke teen 'n gemeenskaplike vyand saamgestaan het. Dit was vir hulle nooit nodig nie aangesien daar rondom die Griekse skiereiland geen vyand was wat 'n bedreiging vir almal was nie. Verskeie buurstate of -stamme (bv. in Trasië) het wel op die periferie van die Griekse invloedssfeer gestroop en geroof, maar die onus het op die beroofde state gerus om die moeilikheidmakers te dissiplineer. Dit sou in elk geval benede 'n Griekse stadstaat wees om hulp van 'n buurstaat te vra om “onbeskaafde” rowers agterna te sit. Buiten sulke grensgevalle het Griekse stede eerder onder mekaar oorlog gemaak as om 'n vyand van buite af te betrek. Soos reeds genoem was die Grieke (behalwe Athene en Sparta sedert die vyfde eeu) ook nooit imperialisties nie, en tot en met die Peloponnesiese Oorlog was daar nooit een enkele stadstaat wat 'n groot genoeg bedreiging was dat ander stede moes saamstaan om die aggressor die hoof te bied nie. 'n Meerderheid stede het wel die Messeniërs teen Sparta bygestaan in die Tweede Messeense Oorlog (c. 650-600). Hulle het egter nie formeel saam met die Messeniërs teen Sparta oorlog verklaar nie, maar slegs steun aan die rebellerende Messeniërs gebied.

Teen 500 het die Perse reeds die Grieke se bure, die Masedoniërs en Trasiërs, in die reusagtige Persiese Ryk opgeneem. Die Grieke het egter lank tevore reeds geweet dat hulle iewers in die tou staan om deur die Perse oorgeneem te word, en dat dit slegs 'n kwessie van tyd was. Ter voorbereiding op die komende Perse moes so veel as moontlik van die Griekse state dus hul verskille en geskille met mekaar vir eers laat vaar om tydelik saam te staan sodat hulle in groter getalle teen die Perse kon optrek.

Eers toe Herodotos 'n halfeeu later (c. 430) sy geskiedenis van dié oorloë geskryf het, is 'n term gemunt as versamelnaam vir al die Griekse stadstate: το Ἑλληνικόν, letterlik “die Grieksheid” of “Griekse ding” (Hdt. 7.139, maar ook 4.78, 108). Weens die afwesigheid van homogeniteit tussen stadstate is daar in die etnografiese en historiografiese tradisie na inwoners van stede of streke verwys, byvoorbeeld *Athenaioi* vir Atheners, *Lakedaimónioi* vir die inwoners van Lakonië, ens. Daarbenewens is daar in die mitologiese tradisie na afstammelingen van helde verwys, byvoorbeeld, die *Hērakleídai* (“dié van Herakles”) en in die Homeriese tradisie, *Danaoí* (“dié van die heldekoning Danaë van Argos”). Die rede was bloot dat nasionalisme begin en geëindig het met die stadstaat. Buite die stadstaat sou daar na die etniese en/of mitologiese groepering verwys word.

Die Persiese Oorloë was die eerste keer sedert die Trojaanse Oorlog dat soveel *Hēllēnikoi* stede en rasse saam teen 'n nie-*Hēllēnikoi* vyand geveg het. Herodotos het gemeen dat al die stede wat saam teen die Perse geveg het kultureel, etnies en ideologies homogeen genoeg was om hulle saam onder die etiket van *hoi Hēllēnikoi* te plaas in teenstelling met *hoi Bárbaroi*, die Perse. Iemand wat nie van die Griekssprekende wêreld afkomstig was nie en dus nie binne die bekende *Hēllēnikoi* etniese groepe geval het nie, was 'n *bárbaros*, 'n nie-Grieks-spreker, iemand wat “brabbel”-taal<sup>4</sup> praat. Dié term verwys egter nie eksklusief na die Perse nie: aan die hand van die betekenis van die woord was enige taal wat nie genoeg ooreenkomste met Grieks gehad het nie, tegnies 'n *bárbaros*-taal. Herodotos wou 'n kunsmatige nasionalisme vir al die Griekse stede skep, 'n nasionalisme gebaseer op hul gemene taal, godsdienst en kultuur (dialek- en ritualistiese verskille is geïgnoreer om die ooreenkomste te kontrasteer met nie-Griekse nasies). Herodotos het wel nie die term *Hēllēnikon* vir pro-Griekse propaganda gebruik nie. Vir hom as etnohistoriograaf was die term meer toepaslik om na die twee teenpartye van die oorlog te verwys: die Grieke en die Perse, *hoi Hēllēnes*<sup>5</sup> teen *hoi Persai*.

<sup>4</sup> Vir die Grieke sou die Aramees van die Achaemenide-ryk (om nie eens al die verskillende lokale dialekte van Aramees en ander tale wat onder die Achaemenide-ryk geval het, in te sluit nie) geklink het soos “bar bar bar ...”.

<sup>5</sup> Lett. diegene afkomstig van die held Hellen, seun van Deukalion, mitologiese stamvader.

Op ideologiese vlak is Herodotos se heel eerste sin redelik gelaai:

Herodotus of Halicarnassus here displays his inquiry, so that human achievements may not be forgotten in time, and great and marvellous deeds – some displayed by *Greeks*, some by *barbarians* [*my kursivering*] – may not be without glory ... (De Sélincourt, 1954:3).

Herodotos se etnografie behandel omtrent al die lande rondom Griekeland en verder: die Egiptenare en hul bure, die Perse, hul onderskeie kulture en hul bure, ensomeer. Maar al die rasse en volke in sy geskiedenis kan hier met een binêre opposisie opgesom word: die Grieke en *hoi bárbaroi*. Die wêreld bestaan dus uit 'n dualiteit van mense wat Grieks praat en mense wat nie Grieks praat nie (die res, “die Ander”) (Cartledge, 1993:11).

Met sy beskrywings van ander kulture was Herodotos relatief objektief in terme van sy implisiete veroordelings. Wanneer hy nie-Griekse nasies se gewoontes en wette beskryf, beskryf hy dit soos iemand wat in esoteriese gewoontes en gebruike geïnteresseerd is (Cartledge, 1993:54-5, 57). Wat wel kenmerkend is, is dat alles wat hy van ander kulture noem, presies dit is wat die Grieke nie deel nie. Dit is te verwagte, aangesien niemand sy werk as sinvol sou sien as hy bloot ooreenkomste lys wat almal (d.w.s. sy uitsluitlik Griekse gehoor) daagliks in hul stede ervaar nie. Hy moet noemenswaardige aspekte rapporteer anders sal dit nie interessant wees nie. Wat hy dus noem, is wat sy kontemporêre gehoor nie ken nie. Hy spreek ook nie 'n subjektiewe (Griekse) oordeel uit oor enige gebruike van ander volke nie. Natuurlik sou die aanname wees dat die Griekse model in alle opsigte superieur is bo ander kulture.

Die een kultuur wat wel vir hom op ideologiese vlak die verste verwyderd van die “Griekse” of “normale” model lê was dié van die Skitiërs,<sup>6</sup> aan wie hy die eerste kwart van Boek 4 bestee (Cartledge, 1993:54-5). Die enigste ander volk oor wie hy breedvoerig uitgebrei het was die Egiptenare (Boek 2), maar hy sou beswaarlik op hul kultuur en beskawing kon neersien bloot omdat hulle

---

<sup>6</sup> Herodotos verwys na die Androphagoi, 'n Skitiese stam, as “the most savage of men ... [who] have no notion of either law or justice” (4.106-7). Presies wie hulle was is onduidelik, behalwe dat hulle, soos die naam aandui, ook kannibalisties was.

anders as die Grieke was; intendeel, hy gee erkenning aan die Egiptenare wat, byvoorbeeld, vroeër reeds 'n beter kalender as die Grieke ontwikkel het, en die twaalf gode geïdentifiseer het voordat die Grieke (volgens hom) hulle nuwe name gegee het (2.4). Alhoewel die Egiptenare dus baie anders was as die Grieke en in verskeie opsigte die presiese teenoorgestelde, gee Herodotos erkenning aan hul kultuur. Die Skitiërs, aan die ander kant, is alles wat die Grieke nie is nie, maar ook alles wat geen kultuur van aansien behoort te wees nie (Cartledge, 1993:54, 77).

Cartledge (1979:56) evalueer Herodotos se polariteitstegniek soos volg:

Mirrors, of course, reflect back in reverse, so that in Herodotus' composite mirror of history Greeks were presented with a series of overlapping but not identical images of the barbarian Other. The Scythians—or at any rate most of them, characteristically—represented that Other in its purest polarized form, being the ideal type of the anti-Greek: non-agricultural, non-urban, uncivilized, nomadic.

Die politieke kommentator Thoeukidides het verbasend min te sê gehad oor die *bárbaroi*:

With one or two exceptions, he is in general barely interested in barbarians of any stripe or hue in his determinedly Hellenic history (Cartledge, 1993:51).

Sy geskiedenis het wel gehandel oor 'n oorlog tussen twee model Griekse stede, maar tog 'n oorlog waarin die Perse 'n klein maar kardinale rol gespeel het. Hy gee toe dat die Perse die uitslag van die oorlog gewaarborg het met hul finansiële steun aan Sparta (2.65.12).

Buiten hierdie geval is daar slegs enkele ander gevalle waar hy na *bárbaroi* verwys, en dít dan met, vir hom, ongewoon outoritêre, selfs morele, oordeel. Vir hom was die Trasiërs die mees barbaarse van al die *bárbaroi* – hulle het geen “manlikheid” (*andreia*) of dapperheid (*tharsos*) in 'n gelyke geveg teen Grieke nie, maar wanneer hulle vroue, kinders, slawe en selfs diere (hul minderes) vermoor, word hul “dapperheid” aangevuur (Cartledge, 1993:53; Thuc. 7.29-30). Die enigste keer dat Thoeukidides hom verwerdig het om die *bárbaroi* se dade te noem, was om vir sy lesers aan te dui hoe *barbaars* die

*bárbaroi* is. Verder, buiten die beduidende rol wat die Perse gespeel het in die laaste fase van die oorlog, is *bárbaroi* nie noemenswaardige subjekte om aandag aan te bestee nie. Hulle is minderwaardig en benede die Grieke.

Aristoteles, op sý beurt, het sy bes gedoen om die verskillende ingesteldhede en gewoontes van die onderskeie kulture te analiseer en aan nie-Grieke 'n "status" in vergelyking met Grieke toe te ken (Arist. *Pol.* 1327b 23-34; Reeve, 1998:202):

The nations in cold regions, particularly Europe, are full of spirit but somewhat deficient in intelligence and craft knowledge. That is precisely why they remain comparatively free, but are apolitical and incapable of ruling their neighbors. Those in Asia, on the other hand, have souls endowed with intelligence and craft knowledge, but they lack spirit. That is precisely why they are ruled and enslaved. The Greek race, however, occupies an intermediate position geographically, and so shares in both sets of characteristics. For it is both spirited and intelligent. That is precisely why it remains free, governed in the best way, and capable, if it chanches upon a single constitution, of ruling all the others.

Met ander woorde, die noordelike *bárbaroi*<sup>7</sup> kan miskien goeie vegters wees, maar het geen politieke sisteem wat hul positiewe eienskappe kan benut nie. Die oostelike en suidelike *bárbaroi* is intelligent, maar is nie van nature vry nie en kan nie veg nie. Hulle het goeie politieke sisteme maar kan dit nie militêr verdedig nie en moet onderworpe aan 'n koning wees. Die Grieke, aan die ander kant, is tussen eersgenoemde groepe, maar het slegs die beste eienskappe van beide temperamente: goeie politieke vernuf wat 'n warm temperatuur bied, sowel as 'n lewenslustigheid wat die koue temperatuur bied. Niks tussenin nie. Die Grieke was dus op alle terreine, indien nie

---

<sup>7</sup> Vir die Grieke suid van Tessalië was die Masedoniërs nog barbaars in die moderne sin van die woord. Aristoteles self is gebore in die streng gesproke nie-Griekse Khalkidike, waarna hy sy opvoeding in Athene onder Plato ontvang het. Na dié se dood is hy deur Philippos II van Masedonië genooi om die opvoeding van dié se seun, Alexander, waar te neem (342), en het hy uiteindelik na Athene teruggekeer waar hy sy Lukeion begin het. Presies waar Aristoteles dus gedink het die barbaarse noorde begin en die beskaafde Grieke geëindig het, is onduidelik, maar ongetwyfeld sou dit ten minste noord, oos en wes van Masedonië wees (Cartledge, 1979:9).

duidelik superieur nie, ten minste gelyk aan en nooit benede enige ander kultuur nie.

In 'n Hellenosentriese wêreld is die model wat Herodotos die eerste keer by die naam genoem en geïdentifiseer het, die standaard-verwysingspunt waaraan ander kulture en rasse deur Griekse skrywers gemeet sou word. Sedert Herodotos het die gegewe van Griekse superioriteit ontwikkel tot op alle terreine. Ek het myself hier hoofsaaklik beperk tot die Griek-nie-Griek-dualiteit wat, soos die Jood – *Gôyim*-mentaliteit, die hele mensdom omvat, d.w.s., die hele mensdom = *to Hēllēnikon* + *hoi Bárbaroi*. Maar daarmee saam mag die Griek, natuurlik nie, soos “die Ander” (die *bárbaroi*), ongewone en “onnatuurlike” eienskappe toon nie. Wanneer 'n geskiedskrywer noemenswaardige, d.w.s. onbekende of ongewone, verskynsels vermeld, lig hy dus ook sy teikengehoor indirek in oor hoe dié nié is nie. As Herodotos vir sy gehoor moet beklemtoon dat gewoontes in Egipte omgeruil is, dat ...


“... the Egyptians themselves in their manners and customs seem to have reversed the ordinary practices of mankind,”

dat vroue mark toe gaan terwyl die mans by die huis weef, dat mans sittend urineer en vroue staande (2.35-98), vertel hy dit met die aanname dat sý gehoor dit andersom, d.w.s. die “regte” kant om, doen en oor hierdie inligting verstom sou wees.

Verder dien sy beskrywings en afdwalings om die reeds aanwesige populêre persepsie te bevestig dat o.a. die Egiptiese kultuur alles verkeerd om doen. Soos met die Skitiërs brei Herodotos uit oor alledaagse handeling wat op vreemde en eksotiese maniere verrig word.

Die onderskeid tussen Griek en nie-Griek is bloot één van die polariteite aanwesig in die Griekse kultuur. Ek wou spesifiek hierop uitbrei om die weg te baan vir die behandeling van die kontras tussen Athene en Sparta. Aangesien die meeste bronne uit 'n oorwegend Athenosentriese invalshoek geskryf is, waar Athene die standaard of norm is, en Sparta “die Ander”, die vreemde, sal die klem in hoofstuk 4 (Die speël tussen klassieke Sparta en Athene) dan weereens op die polariteit van die onbekende, vreemde “Ander” val, volgens dieselfde paradigma as waarin die dualiteit tussen Griek en nie-

Griek beklemtoon is. In hierdie hoofstuk gaan verdere dualiteite ondersoek word, naamlik dié van Athene en Sparta se politieke sisteme (demokrasie vs. oligargie), die weermag ('n vrywilligersmag vs. professionele soldate) en die privaatsektor (man vs. vrou, en vry Griek vs. slaaf / Heloot). Dit sal geskied aan die hand van die oordeel van skrywers met verskillende ingesteldhede of voorkeure, en verskillende vlakke van subjektiwiteit.





### 3. Historiese oriëntasie, c. 750-371

Ter wille van dié tesis moes ek myself baie streng beperk sodat ek nie te diep in die voorgeskiedenis indelf nie. Wat die agtergrond vir dié tesis betref, begin ek formeel rondom die begin van die Argaïese Tydperk (c. 750), toe beide Sparta en Athene gevestigde stadstate begin ontwikkel het. Ek neem die geskiedenis deur Athene en Sparta se ontwikkeling, die Persiese Oorloë (490-478), die Peloponnesiese Oorlog (431-404) tot en met Sparta se uiteindelige val in 371.

#### 3.1 Die Argaïese Tydperk, c. 750-490

Teen die tyd dat toestande in Griekeland ná die val van die Mukeense beskawing en die daaropvolgende Donker Tydperk uiteindelik weer gestabiliseer het, het die Doriese volksverhuisings reeds tot 'n einde gekom en het nuutgestigte gemeenskappe tot relatief bestendige stadstate ontwikkel. Die Doriërs was nie die enigste groep wat tot kort tevore nog gemigreer het nie; hul blote verhuising het vele volke uit hul eie grondgebiede gedwing wat op hul beurt ook heenkome elders gaan soek het. Attika het nie die Doriese verhuisings onaangeraak oorleef nie; hul westelike bure het genoegsame druk van die pastoraliste ontvang om verder oos na Attika self te trek, wat die Ioniërs daar gedwing het om op hul beurt ook verder oos te trek. So het Ioniërs, Aioliërs en selfs ook Doriërs hulself aan die weskus van Anatolië gaan vestig. Gedurende hierdie migrasie (1200-900) sou hulle genoegsame kontak (in terme van handel, kultuur en idees) hê met die Ooste waarvan die invloed stelselmatig na die westelike vasteland oorgedra kon word.

Nedersettings het ontwikkel waarin elke inwoner grond vir homself kon afbaken waarop hy al sy lewensbehoefte kon produseer. Plase sou groot genoeg wees vir die boer om sy eie gesin te onderhou met min indien enige oorskot, aangesien die gemiddelde kleinboer nie op 'n groot genoeg skaal sou kon boer om boonop 'n behoorlike wins uit ruilhandel te kon maak nie – 'n praktyk wat voor die agste eeu slegs op baie klein skaal in Griekeland beoefen is. Die kleinboer sou die plaas aan sy nageslag nalaat, wat dit onder hulle sou verdeel. Mettertyd sou die verdelings die plaas te klein laat om 'n lewe op te

kon maak. Gedurende die agste eeu was daar ongeveer ses keer soveel sterftes as teen die eerste helfte van die Donker Eeue kort tevore wat 'n baie skielike en drastiese bevolkingsgroei impliseer (Buckley, 1996:39). Die gevolg sou 'n ernstige tekort aan bewerkbare grond vir 'n bestaansboerdery-kultuur wees. Spesialiseringsnywerhede het nog nie ontwikkel nie (daar sou in elk geval 'n te klein mark daarvoor wees) en ruilhandel binne 'n *polis* sou nie genoeg wees om 'n handelaar te onderhou nie. Die bekom van bewerkbare grond, genoeg om 'n bestaan op te kon maak, was noodsaaklik aangesien die *polis* se infrastruktuur nog nie sterk genoeg was vir die inwoners om mekaar te onderhou nie. Aristokrate, lede van die oudste en rykste families, het die meeste en beste grond besit wat die res van die gemeenskap geforseer het om op minder gunstige grond 'n lewe te probeer maak. Om daardie rede het die agste eeu die era van Griekse kolonisering ingelui (Buckley, 1996:37).<sup>8</sup> Kolonies (*ἀποικία*: lett. “nedersettings ver van die huis” LSJ *s.v.*) is hoofsaaklik gestig om van oortollige burgers ontslae te raak, en nie om die invloed van die *polis* uit te brei nie. Kolonies was gewoonlik onafhanklik van die moederstad (met selfstandige status as *polis*), maar sou wel nog 'n ritualistiese verbintenis met die moederstad behou het. Handelskolonies (*ἐμπορία*: lett. “handelsnedersettings” LSJ *s.v.*) is in die tweede fase van kolonisasie gestig en was gewoonlik nog in diens van die moederstad of handelaar. Teen die einde van die sewende eeu was daar veral handelskolonies langs die Swart See en in die suide van Frankryk: eersgenoemde vir graan, laasgenoemde vir tin, wat noodsaaklik is vir die maak van brons.

Die volgende fase was die opkoms van die tirannie, waar die adel se mag al hoe meer ondermyn is tot voordeel van die middelklas-meerderheid. Die *basileus* (lett. “koning”, maar met godsdienstige, juridiese en militêre funksies) het die gemeenskap regeer solank as wat die res van die adelstand hul steun aan hom gegee het. Hierdie “gevolg” (*filoi* of *hetairoi*) sou die koning se krygerbende wees. Maar elkeen van die adellikes, as groot landhere met 'n aantal arbeiders en lyfeienes, sou ook 'n gevolg van hul eie hê (slegs die adellikes sou behoorlike wapentuig kon bekostig). Veral in gemeenskappe wat

---

<sup>8</sup> Sirakuse in Sisilië is in c. 734 as *apoikia*, en Massalia in c. 600 as *emporion* gestig (Buckley, 1996:37, 43). Dié datums omvat nagenoeg die hele koloniserings tydperk.

die monargie verwerp het ten gunste van 'n oligargie het daar baie spanning tussen adellikes ontstaan wat nou onder mekaar gewedywer het om die meeste politieke en ekonomiese invloed. Die wenner sou deur middel van die middelklas se ondersteuning en goedkeuring die meeste mag op homself verenig en selfs meer as die tradisionele magte en funksies van die *basileus* vir homself opeis.<sup>9</sup> Die tiran sou natuurlik sy posisie moes beskerm deur die steun van die middelklas te behou en sal daarom gewoonlik wetgewing instel om die posisie van veral die kleinboere te beskerm. Die gevolg sal wees dat die adelklas teen die tiran draai en dat hy verwerp word.

Die twee groot tydperke van pre-klassieke Griekeland ná die Donker Eeue was dus eerstens die Tydperk van Kolonisasie in die agste en sewende eeu (toe *poleis* nie meer die behoeftes van die groeiende ekonomie en populasie kon aanspreek nie), en tweedens die Tydperk van Tirannieë in 650-510 (toe interne struwelinge van die adel daartoe gelei het dat enkele individue die steun van die middelklas wen en die regering oorneem).

Sparta, gestig in ongeveer 950 (Cartledge, 1979:93), het redelik vinnig 'n konstitusie ontwikkel en daarby gehou terwyl die ander Griekse stadstate jare-lange konstitusionele groeipyne (struweling tussen die aristokrasie en die *plethos*, staatsgrepe, tirannieë, en onsuksesvolle hervormings) gehad het. Thoeekudides (1.18) beskryf die deurlopendheid van die Spartaanse konstitusie soos volg:

From the time when the Dorians first settled in Sparta there had been a particularly long period of political disunity; yet the Spartan constitution goes back to a very early date, and the country has never been ruled by tyrants. For rather more than 400 years, dating from the end of the late war,<sup>10</sup> they have had the same system of government,

---

<sup>9</sup> Aristoteles (*Pol.* 1310b 1-30) kontrasteer koningskap en tirannie soos volg: konings verteenwoordig die aristokrasie en tiranne die middel- en laer klasse (wat die weermag insluit: sien Buckley, 1996:49-55). Maar ook konings kan tiranne word sodra hulle meer mag aan hulself toeken. Konings sal nog deur tradisie (*νόμος*) voorgeskryf word hoe om te regeer, maar 'n tiran kan maak wat hy wil solank as wat hy die meerderheid se ondersteuning het.

<sup>10</sup> Die Peloponnesiese Oorlog het van 431 tot 404 geduur (Buckley, 1996:70). Thoeekudides meen dus dat Sparta 400 jaar vroeër reeds (d.w.s. c. 850-800) dieselfde regeringsvorm gehad het. Hy is 'n bietjie ruim met dié tydsbepaling aangesien die

and this has been not only a source of internal strength, but has enabled them to intervene in other states (Warner, 1972:45).

Verder het Sparta ook net een keer werklik gekoloniseer, nie weens grondtekort nie, maar om van opstandige lede van die samelewing ontslae te raak (sien onder). Die grondvraagstuk, wat elke landbougebaseerde samelewing noodwendig die hoof moes bied, het Sparta op 'n redelik unieke manier in pre-klassieke Griekeland opgelos.

Die Atheense *polis*, daarenteen, het weliswaar nie dieselfde fases van ontwikkeling gevolg as die meeste ander *poleis* nie, maar was tog nader daaraan as wat Sparta was. Athene het, ten spyte daarvan dat dit so na aan die kus lê, nooit werklik gekoloniseer nie. Sy ekonomiese probleme is deur politieke hervormers (bv. Solon, 594) van selfs voor sy eie tiranne (die Peisistratidai, vanaf 560) aangepak.

### 3.1.1 Athene

Aan die begin van die sewende eeu was Athene 'n tipiese landelike gemeenskap waarvan die oorgrote meerderheid burgers selfonderhoudende kleinboere was. Alhoewel die konsep van “stad” of selfs “stadstaat” nog nie so streng gedefinieer was nie, het die kleinboere wat op die nabygeleë vlaktes geboer het, hulself tot die Atheense tempel- en markkompleks (die *akropolis* en die *agora*) gewend vir hul religieuse, ekonomiese en nywerheidsbehoefte. Die ekonomie en nywerheid was aanvanklik glad nie belowend nie. Die verwagte vereistes vir 'n suksesvolle staat is ten minste die beskikbaarheid van 'n redelik stabiele inkomste of stapelvoedsel, want dit is eers sodra genoeg mense nie meer van die hand tot die mond hoef te leef nie, dat hulle tyd aan die beoefening van ander ekonomiese of kulturele praktyke kan bestee. Attika, hoofsaaklik bergagtig maar met 'n paar vlaktes wat oënskynlik gunstig is vir landbou, is nie gepas vir graan nie, en het in die Argaïese Era geen natuurlike minerale opgelewer nie (Robinson, 1973:62). Olywe het wel gefloreer en silwermyne is later in die sesde eeu ontdek, maar nie een van dié kon in 'n groeiende nasie se voedingsbehoefte voorsien nie. Die natuurlike

---

daadwerklike regeringshervorming eerder na die afloop van die Eerste Messeense Oorlog (c. 700-650) gedateer word (Buckley, 1996:66).

hawens wat Attika gebied het, sou ook eers later (in die sesde maar veral in die vyfde eeu) ten volle benut word.

Die aristokrate, as gesiene en ryk families, was almal groot grondeienaars wat die beste grond besit het om mee te maak wat hulle wou. Inkomste is gegenerer deur enige oorskot-produkte te verruil vir ander voorrade. Selfs na 'n swak seisoen sou die landhere steeds genoeg buffervoorraad hê dat hulle nie bankrot hoef te speel nie. Die kleinboere, daarenteen, sou geen versekering teen natuurlike rampe hê nie en sou, in die afwesigheid van 'n muntstelsel, verplig wees om voorrade van die landhere te leen om ten minste tot die volgende seisoen te oorleef. Indien hulle nie die landheer op die afgesproke tyd kon terugbetaal nie, het die landheer die grond oorgeneem en moes die kleinboer as lyfeiene die grond vir die landheer bewerk. As alternatief sou kleinboere hulself vrywillig tot 'n landheer wend in ruil vir ekonomiese, maar ook militêre of juridiese, beskerming (vgl. die Middeleeuse feodale en die Romeinse *patronus-en-clientes*-sisteem). Hulle sou dan die grond as hul eie bewerk, maar 'n deel van hul oes as huur aan die landheer betaal (Buckley, 1996:91-2). Dit sou egter nie die landheer keer om die ooreenkoms so te manipuleer dat die kleinboer en sy familie verplig word om permanent in sy diens te bly nie (Buckley, 1996:93). Juridies was die kleinboer steeds vry, maar *de facto* lewenslank verkneg.

Die eerste Atheense politikus wat probeer het om die lot van die kleinboer te verbeter sonder om die posisie van die adel te bedreig, was Solon, *arkhōn* in 594/3. Aristoteles ([*Ath. Pol.*] 9.1) formuleer Solon se skuldhervormings soos volg:

The following seem to be the ... most democratic features of Solon's constitution: first and most important, the ban on loans on the security of the person ... (Rhodes, 1984:50).

Soos blyk uit bogenoemde, het Solon eerstens die kleinboere se reg op vryheid beskerm deurdat hy dit onwettig gemaak het dat enigiemand sy persoon as borg vir skuld kon aanbied. Dit het die verslawing (eksplisiet of implisiet) van

Atheense burgers deur Atheense burgers verhoed.<sup>11</sup> Hy het ook 'n limiet op die hoeveelheid grond geplaas wat 'n individu kon besit. Dit sou die landhere daarvan weerhou om te veel grond op te eis wat eerder deur selfonderhoudende kleinboere benut kon word (Robinson, 1973:67). In die proses het hy ook alle skuld gekanselleer sodat selfs die boere wat skuldarbeid moes verrig, nou wettige eienaars van hul eie grond was (Buckley, 1996:95). Solon het verder die uitvoer van graan verbied sodat dit eerder plaaslik gebruik kon word. As alternatief het hy die olyfindustrie aangemoedig om uit te voer. Aangesien die meerderheid Atheense burgers selfonderhoudende kleinboere was en die ekonomie nog nie werklik ontwikkel was nie, het Solon vakmanne laat invoer sodat gebruiksware nou op groter skaal vervaardig kon word. Die gevolge was dat boere nou op die produksie van olywe en olyfolie kon fokus en met die kapitaal wat hulle van uitvoer maak, die vakmanne kon ondersteun wat op hul beurt ook uitgevoer het (Buckley, 1996:102; Robinson, 1973:67). Om verdere voordeel uit die internasionale (d.w.s. Griekse) mark te trek, het hy oorgeskakel na die Korintiese en Euboïese gewig- en maatstandaarde, aangesien die meeste buitelandse kolonies in veral Sisilië, maar ook in die Swart See-gebied, dié standaard gevolg het.

Waarskynlik weens die tekort aan 'n behoorlike ekonomiese basis, wat groei en vooruitgang belemmer het, het Athene tot in daardie stadium geen ekspansionistiese of koloniseringsbeleid gehad nie. Slegs ná Solon se termyn as *arkhōn* het hulle daarin geslaag (c. 565) om Salamis van Megara te wen. Peisistratos (twee maal tiran tussen 560 en 550, en toe weer van 547/6 tot 527) het daarin geslaag om Sigeion, 'n strategies-belangrike stad ten suidooste van die Hellespontos, te verslaan. Boonop het een van die plaaslike stamme aan die wesbank van die Hellespontos 'n versoek om kolonisasie aan Athene gestuur. Alhoewel dié kolonie onafhanklik van die moederstad was, was dit steeds 'n baie belangrike handelsentrum wat vir Athene direkte toegang tot die Swart See-kolonies en markte gegee het. Verder het Peisistratos nie sy

---

<sup>11</sup> Die enigste uitsondering was die reg van 'n meisie se ouer of voog (*kurios*) om haar te verkoop as sy haar maagdelikheid voor haar troue verloor het (Pomeroy, 1975:57; Rabinowitz, 2001:58).

buurstate of bondgenote vervreem met 'n aggressiewe militêre beleid nie. Die enigste kere dat hy militêr aggressief opgetree het, was toe hy Athene se leër verslaan het om homself as tiran aan te stel, en toe hy Naxos binnegeval het om 'n ondersteuner as tiran aan te stel. Gedurende sy elfjaar-ballingskap het hy steeds die ondersteuning van Eretria, Thebe, Argos en Naxos gehad, en as tiran het hy bondgenootskappe met Tessalië en waarskynlik Sparta<sup>12</sup> aangeknoop (Buckley, 1996:115). Hy het Athene se aansien by die res van die Ioniese state verhoog met die rituele suiwering van die eiland Delos, die sentrum van Ioniese Apollo se kultus, waar atletiek- en poësiekompetisies ter ere van dié god gehou is.

Intern het Peisistratos ook 'n beleid van verfraaiing, religieus sowel as argitektonies, toegepas. Hy het goed geweet dat die Atheners sowel gelukkig as trots moet wees en het daardie behoefte aangespreek deur die vestiging en uitbou van verskeie Atheense feeste. Onder andere het hy die kultus van Dionusos bevorder, wat 'n geweldige opbloei van drama ter ere van dié god meegebring het. Ook die Panathenaia, die fees ter ere van die stad se beskermgodin Athena, het hy uitgebrei (Robinson, 1973:74). Dié feeste het gewoonlik gepaard gegaan met atletiekbyeenkomste, drama-opvoerings en poësiekompetisies, wat kunstenaars en atlete van veral die Ioniese state, maar ook van die res van Griekeland, gelok het.

Intussen is Athene se burgers reeds deur Solon in nuwe sosiale klasse verdeel. Die oogmerk was om die aristokraties-gedomineerde regering (*oligarkhia*) toeganklik te maak vir die middel- en laer klas. Peisistratos, asook sy seuns wat hom as tiranne opgevolg het, het verder aan hierdie hervormings gewerk en sodoende die weg vir Kleisthenes (508/7) gebaan om die Atheense *dēmokratia* verder te verfyn.

Athene het voorts sy invloed oor veral die Ioniese stede en eilande versprei. Op die vasteland was dit veral Sparta wat intussen naam gemaak het as staat wat die beste soldate in Griekeland opgelei het. Hierdie twee state se paaie het vanaf die sesde eeu al hoe meer met mekaar begin kruis.

---

<sup>12</sup> Ten minste gedurende die bewind van Hippias, soos die toespraak van Kleomenes van Sparta (Hdt.5.91) aandui.

### 3.1.2 Sparta

Die Lakoniërs se geskiedenis was reeds vanuit die staanspoor anders as dié van omtrent enige ander Griekse staat weens die feit dat die oorgrote meerderheid inwoners van die Peloponnesos Doriese nuweling was. Plaaslike Mukeense Agaïers is in die noordweste van die Peloponnesos vasgepen, die Arkadiërs is in hul eie vallei in die middel van die skiereiland afgesonder, en die Ioniërs het na die ooste en noordooste gemigreer. Die Doriese migrasie het, soos vroeër genoem, reeds in die tiende eeu in die Peloponnesos tot stilstand gekom waar dié pastoraliste meer permanente nedersettings met genoegsame weiding vir hul vee gevestig het. Die *polis* bekend as Sparta sou waarskynlik reeds teen 950 gestig gewees het (Cartledge, 1979:963). Soos baie ander stede, antiek en modern, het Sparta ontstaan uit die samesmelting van verskeie dorpieë (vier, maar vyf teen die agste eeu). Normaalweg sou elke nedersetting se grense uitbrei totdat hulle mettertyd saamsmelt om een stadstaat te vorm. Sparta was egter 'n uitsondering, soos Thoeukudides (1.10) oordeel:

Since, however, the city [*Sparta*] is not regularly planned and contains no temples or monuments of great magnificence, but is simply a collection of villages, in the ancient Hellenic way, its appearance would not come up to expectation (Warner, 1972:41).

Volgens Thoeukudides was Sparta nooit een enkele volwaardige stadstaat nie: die aparte nedersettings het nooit fisies geamalgameer nie. Cartledge (1979:106) reken egter dat, aangesien vier van die vyf dorpieë geografies nader aan mekaar geleë was en dieselfde godsdienstige kultus gedeel het, dié vier dorpieë redelik vroeg ten minste politieke 'n eenheid gevorm het. Dit is ook uit hierdie vier dorpieë waar hy reken die dubbele Spartaanse koningskap ontstaan het. Dié dorpieë sou waarskynlik kort na hul stigting twee-twee 'n eenheid gevorm het, elkeen met sy eie koninklike familie, die Agiadai en die Eurypontidai onderskeidelik. Die Agiadai het volgens Herodotos (6.52) by die orakel van Delfi erkenning as die senior familie ontvang sodat elke koning uit dié familie die senior pos kon beklee bo die Eurypontidai-koning, wat die junior pos beklee het (Cartledge, 1979:104-5). Presies waarom die vyfde dorpieë,



Amuklai, eers teen die middel van die agste eeu in die Spartaanse stadstaat ingesluit is, is onduidelik. Van die teorieë lui dat dit 'n politieke beweging van die Doriese dorpies was om die Agaïese Amuklai te inkorporeer (Cartledge, 1979:107). Amuklai, wat 'n aantal kilometer suid van die oorspronklike vier dorpies lê, kon vir die Spartane verdere toegang tot die suidelike helfte van die Peloponnesos geblokkeer het. Dit is dus onwaarskynlik (volgens Cartledge, 1979:107) dat Amuklai in 'n direkte konfrontasie oorgeneem is, maar dit is moontlik deur diplomatieke onderhandelinge oorgelok en vervolgens is die kultus van Amuklai na die ander vier dorpies versprei in ruil vir die dorpie se onafhanklikheid (Cartledge, 1979:108). Hoe dit ook al sy, teen ten minste 750 het die Spartaanse *polis* al vyf dorpies ingesluit.

Intussen het die internasionale vakuum wat in die afwesigheid van Mukeense handelskommunikasie ontstaan het, begin kwyn, en is kontak tussen Sparta en hul Doriese bure, die Messeniërs, bewerkstellig. Soos ander antieke gemeenskappe het die Spartane ook aanvanklik 'n bestaansboerdery gevoer waarmee elke familie homself moes onderhou. Soos die getal burgers begin toeneem het, het beskikbare grond afgeneem en moes daar 'n tydelike oplossing gevind word om die grondtekort te akkommodeer totdat 'n meer doeltreffende nywerheidsoplossing gevind is (Cartledge, 1979:114). Aangesien Sparta heeltemal landgebonde was en nie soos ander stede kolonies kon stig om van sy oorskot burgers ontslae te raak nie, moes hy sy grense fisies uitbrei om bewerkbare grond te annekseer. Die vanselfsprekendste teiken was Messenië, wat aan Sparta se wesgrens geleë is.

Daar is eers kolonies of nedersettings van “perioikiese” status tussen Sparta en Messenië geplaas, in 'n eerste poging om die bevolkingsdruk te verlig, maar ook om die strategiese ligging en vrugbaarheid van Messenië te toets (Cartledge, 1979:113). Hierdie *περιοίκου* (lett. “diegene wat rondom en op die periferie woon”) was bedoel om 'n bufferstaat tussen Sparta en die buiteland te wees. Die *perioikoi* was *de iure* polities onafhanklik, maar moes Sparta in alle opsigte militêr ondersteun en mannekrag bydra en was van Sparta afhanklik vir hul buitelandse beleid. Die Eerste Messeense Oorlog (735 – 715) het uiteindelik in Sparta se guns geëindig met ten minste die oostelike helfte van Messenië onder direkte Spartaanse beheer, en die res as *perioikoi* (Cartledge,

1979:118-9). Die grond is deur die aristokrasie geannekseer met die oorspronklike inwoners, nou “Helote”,<sup>13</sup> as lyfeienes wat hul eie grond vir die Spartane moes bewerk. Geboue en offerandes wat uit dié tyd dateer toon dat Sparta na hierdie oorlog geweldige rykdom bekom het. Dit was egter die aristokrasie wat die bevoorregte posisie beklee het om die buit en grond onder hulself te verdeel. Ook die meerderheid middelklas-krygers sou tevrede gewees het met die hoeveelheid buit wat hulle vir hulself kon hou.

Die einde van die agste eeu tot die begin van die sewende eeu was die tydperk wat Sparta se ontwikkeling die meeste beïnvloed het en wat myns insiens verantwoordelik was vir Sparta se uiteindelijke ideologie en xenofobiese wêrelduitkyk.

Na afloop van die Eerste Messeense Oorlog is die wesgrens van Sparta in 'n mate onder beheer gebring. Grondanneksering het voorgekom om 'n winsgewende oplossing vir sosiale spanning te bied, met buit as bonus. Sparta se militêre selfvertroue is deur die oorwinning oor Messenië aangevuur, en saam met die ekonomiese en sosiale voordele wat die anneksering van grond ingehou het, het die Spartane waarskynlik geglo dat hulle 'n wenresep beet het. Volgende aan die beurt was die relatief vrugbare noordoostelike grens van Lakonië teen Argolis.

Argos het egter teen die sewende eeu beter beheer oor taktiek gehad as die Spartane wat, selfversekerd weens hul eie oorwinning oor die Messeniërs, Argolis binnegedring het om Sparta se noordoostelike grens uit te brei. Die Spartaanse invallers is in 669 met die Slag van Husiai verslaan. Die voortdurende probleem van 'n grondtekort is nie deur die oorlog opgelos nie en Sparta het buitendien 'n groot militêre vernedering gesmaak en lewensverlies gely. Die Helote en hul mede-Messeniers buite Sparta het die penarie van die Spartane as die ideale geleentheid gesien om te rebelleer en selfs te probeer om Sparta self uit te wis. Die Messeniërs is deur Argos en 'n paar Egeïese stede bygestaan; die Spartane is van alle kante deur 'n oormag

---

<sup>13</sup> Die woord “heloot” (ἑλωσ) verwys spesifiek na die dwangarbeiders van die Spartane. Vandaar die teorie dat die woord verband hou met die aoristos-stam [έλ-] van die woord αἰρέω (“om gevange te neem”). Dit kan dus na die oorspronklike helote verwys wat inderdaad krygsgevangenes was.

beleër. Dié desperate situasie word deur die Spartaanse digter Turtaios, wat self in dié oorlog geveg het, verwoord:

For you know the destructive deeds of sorrow-inducing Ares, and you have well learnt the anger of brutal war; you, young men, have often tasted flight and pursuit, and have had your fill of both (Tyrtaeus fr. 11. 8D 6-7 soos aangehaal in Buckley, 1993:69).

Hierdie oorlog, wat waarskynlik rondom 650 uitgebreek het, sou die grootste krisis wees wat Sparta vir die volgende 300 jaar sou beleef. Presies hoe die oorlog verloop het, is onbekend. Die mees oortuigende verklaring is dat Sparta teen 600 ten minste sy aggressors verslaan het en die hele Messenië onder Spartaanse beheer gebring het (Buckley, 1996:69; Cartledge, 1979:127-8). Sparta was nou die magtigste stadstaat in die hele Peloponnesos, met tweevyftes van die hele skiereiland onder sy beheer.

Die uitdaging waarvoor die Spartane nou te staan gekom het, was hoe hulle die Messeense Helote (wat nou staatseiendom was, maar meer talryk as hul oorwinnaars) onder beheer en onderdanig moes hou. Die eerste stap was om die moontlikheid van 'n georganiseerde opstand te beperk: Messenië is gelyk onder al die Spartaanse *homoioi* verdeel met ten minste een Helote-familie per landstuk, wat as dwangarbeiders die grond vir die nuwe eienaar moes bewerk en daarvoor huur betaal in die vorm van 'n porsie van die oeste. Hierdie opset het dan ook die *homoioi* van hul ekonomiese verpligtinge bevry sodat hulle op hul militêre verpligtinge en opleiding kon konsentreer en sodoende voltydse professionele soldate kon wees.

Sparta het teen ongeveer 600 reeds genoegsame beheer oor hul nuwe grondgebied gehad om die res van die Peloponnesos met relatiewe selfvertroue te benader. Hul primêre struikelblokke was, in die eerste plek, die Messeense ondersteuners van die vorige oorlog, naamlik Argolis, maar ook Arkadië, een van die laaste Agaïes-Mukeense bastions van die Peloponnesos. Weens sy geografiese nabyheid aan Sparta moes Arkadië eerste oorwin word. Die eerste veldtog het egter misluk, en Sparta was verplig om 'n ander benadering, naamlik dié van diplomاسie, te volg (sien Hdt. 1.67, maar ook

Cartledge, 1973:137) en kon so daarin slaag om Arkadië as 'n onderdaanbondgenoot te wen.

Korinte, geleë op die ismus tussen die Peloponnesos en die Griekse vasteland, was Sparta ten minste goedgesind al was hy nie 'n direkte bondgenoot nie. Maar om toegang tot Korinte te kry moes Argos eers oorwin word: daar is ooreengekom dat 'n geritualiseerde geveg tussen Argos en Sparta die wenner sou bepaal (Hdt. 1.82). Die uitslag is bevraagteken met die gevolg dat beide partye mekaar *en masse* aangeval het, waartydens Sparta uiteindelik Argos getroef het. Die res van Argos se bondgenote het by Sparta aangesluit, en stede noord van Argos tot en met Korinte is waarskynlik ook in 'n netwerk van onderhandelinge as Spartaanse bondgenote ingesluit. Sparta was nou die onbetwiste *hēgemōn* ("leier") van die Peloponnesos, met direkte beheer oor Lakonië en Messenië, en met indirekte beheer oor Elis in die noordweste, Arkadië, Argolis en die Ismus. Waarskynlik omdat hulle besef het dat dit te gevaarlik sou wees om hul magsgebied té ver te vinnig uit te brei, het Sparta tussen 520 en 490, veral onder koning Kleomenes, hul magsposisie in die Peloponnesos gekonsolideer en toe hul debuut op die internasionale politieke front gemaak.

Thoekudides (1.18) skryf hoe die Spartane polities so selfversekerd was dat hulle selfs in ander stede se sake kon inmeng:

...the Spartans put down tyranny in the rest of Greece, most of which had been governed by tyrants for much longer than Athens (Warner, 1972:45).

Cartledge (1979:144) omskryf Sparta se oppermag verder:

In the course of it [*Kleomenes se koningskap*] Sparta became firmly established as supreme in the Peloponnese and a leader of the Greek world generally, through the control of what we call the 'Peloponnesian League' and the crushing of Argos.

Hierdie Peloponnesiese Bond (aanvanklik bekend as "die Lakedaimoniërs en hul bondgenote") was 'n stel bufferstate onderdanig aan Sparta (Cartledge, 1996a:1133). Tydens oorloë was Sparta altyd die opperbevelvoerder van die Bond en moes die lidlande sy bevele nakom; in vredestryd kon die lidlande met

mekaar oorlog maak soos hulle wou sonder om Sparta te betrek, maar hulle is verbied om buite die Bond te beweeg. Waarskynlik om 'n beter houvas oor sy onderdaan-state te handhaaf, het Sparta gewoonlik voorgeskryf dat die state wat meer direk onder sy eie beheer geval het, deur 'n regering simpatiek teenoor Sparta (gewoonlik 'n oligargie soos Sparta) gelei moes word. Met klem op konstitusionele hervorming (wat 'n oligargie sou begunstig), het hulle tirannieë beëindig en die aristokrasie weer aan bewind geplaas. State wat slegs geallieerd was, byvoorbeeld die stede noord van die Korintiese Golf, kon hul eie regering behou, mits dit Sparta goedgesind was. Indien die Spartaanse Volksvergadering gestem het vir 'n veldtog buite die Bond, moes die bondgenote daarmee saamgaan (tot 504, toe die lidlande wel oor 'n oorlogverklaringsmosie kon stem). Lidlande binne die Bond kon teen mekaar oorloë gevoer het sonder die inmenging van Sparta, solank dit net nie internasionale afmetings aangeneem het nie. Maar indien 'n lidland deur 'n staat buite die Bond bedreig is, moes Sparta ingryp (Cartledge, 1979:148).

Intussen was Athene in 'n interne magstryd gewikkel tussen die tirannie (die nageslag van Peisistratos) en die adelklas. Een familie wat gedurende die tirannie aan die kortste end getrek het, die Alkmaionidai, kon deur middel van gunste die orakel van Delfi aan hul kant kry om die Spartane aan te moedig om die Atheense adel te kom help. Sparta, onder leiding van Kleomenes, het die goddelike opdrag ernstig opgeneem en twee maal militêr ingegryp voordat hulle die Peisistratidai-tirannie tot 'n einde kon bring (511).

Sparta was gretig genoeg om op versoek hulp te verleen aan die aristokrasie van 'n stad so ver as Athene. Die geleentheid om hulp te verleen sou vir die Spartaanse buitelandse invloed van onskatbare waarde gewees het aangesien Athene reeds op pad was om sy invloed oor veral die Ioniese state uit te brei. Kleomenes se ingryping het egter nie die gevolge gehad wat die Spartane verwag het nie; intendeel, Kleisthenes se demokratiese instellings wat gevolg het (507/8), het juis Kleomenes se verwagtings omvergewerp. Weer het die Spartane ingegryp deur vir Kleisthenes en 700 ander families te verban en 'n pro-Spartaanse oligargie in te stel (Buckley, 1996:83). Die Atheners het egter nie van dié inmenging gehou nie en het openlik gerebelleer; Kleomenes is geforseer om terug te trek. Hierdie belediging sou hy nie kon ignoreer nie, en

Herodotos se beskrywing (5.74) bevestig die mag en invloed van die Spartaanse koning:

... Cleomenes, who felt that he had been insulted by the Athenians both in word and deed, was busy collecting an army from every part of the Peloponnese. His purpose, though he kept it to himself and did not publish it, was to have his revenge upon Athens ... (De Sélincourt, 1954:75).

Kleomenes kon vir 'n tyd lank daarmee wegkom om leërs van die bondgenote te versamel sonder om eens 'n rede te gee. Cartledge (1979:147) reken dat dit waarskynlik dié ongewenste intimidasie en aggressie van die Spartane was wat gemaak het dat Kleisthenes se demokratiese hervormings so buitengewoon vinnig en effektief toegepas is. Die hele veldtog was egter 'n groot mislukking aangesien Korinte hom op die laaste oomblik aan die veldtog onttrek het, op grond daarvan dat dit 'n persoonlike vendetta van Kleomenes was. Dít is gevolg deur 'n uitval tussen die twee Spartaanse konings, Kleomenes en Demaratos, en verdere onttrekkings van bondgenote (Buckley, 1996:84).

Mens sou aanvaar dat hierdie episode Sparta se posisie in die Peloponnesiese Bond sou skaad. Inteendeel, Sparta het sy bondgenote met nuwe eerbied behandel deurdat hulle daarna 'n mosie voor die bondgenote gelê het om Hippias weer as tiran<sup>14</sup> in Athene in te stel. Die mosie is afgekeur en 'n verdere veldtog na Athene is laat vaar. Die bondgenote, wat nou meer direk betrokke was by die Bond, kon nou saam besluit of 'n veldtog wedersyds voordelig vir die Bond was en nie net vir 'n Spartaanse koning nie (Buckley, 1996:84; Cartledge, 1979:147). Die gevolg was 'n sterker Bond, gebou op vertroue in samewerking deur die lidlande (alhoewel dié reg steeds van die Messeniërs en *Perioikoi* weerhou is).

---

<sup>14</sup> Sparta het die reputasie gehad dat hy tirannieë beëindig het, maar sou 'n goedgesinde tiran as skoothond bo 'n demokrasie verkies.

## 3.2 Die Klassieke Tydperk, 490-371

Die “Klassieke” Tydperk word so genoem bloot op grond van die kulturele opbloei van die stad Athene in die vyfde eeu. Die vlak van kulturele prestasies (in die letterkunde, geesteswetenskappe, kuns en argitektuur) in Athene was wel die hoogste wat tot op daardie stadium in Griekeland behaal is. Maar indien die prestasies van ander stede in die Argaïese Era vergelyk word, kan daar gesien word dat Athene baie laat eers sover ontwikkel het om op internasionale vlak te kon meeding (Hammond, 1973:89):

The origin of this view [*die superioriteit van “Klassiek” bo “Donker” of “Argaïes”*] is to be found in the predominance of the Attic tradition in Greek history, for until the late seventh century Athens was a minor power in the Greek world. ... Thus Corinth before the colonization of Syracuse in 734 B.C. and Megara before the colonization of Megara Hyblaea in 728 B.C. had become settled states in the same sense that Sparta became a πόλις.

Met ander woorde, stede wat gaan koloniseer het, moes eers ’n stabiel genoeg samelewing gehad het voordat die bevolking te swaar op die ekonomie kon steun en voordat die oorskot-bevolking ’n nuwe kolonie kon gaan stig. Sparta het, soos ons reeds gesien het, in plaas daarvan om ’n oorskot-bevolking as koloniseerders uit te voer, hul buurlande se grond oorgeneem. Nog voordat die Argaïese Tydperk behoorlik ingelui is (750), het Sparta dus reeds op die Messeniërs se voorstoep gestaan met ’n tentatiewe regsisteem (wat hulle na die tweede oorlog teen die Messeniërs behoorlik geïmplementeer het), terwyl Athene eers ’n eeu later sy eerste tiran gehad het (m.a.w. idealistiese aristokrate het tóé eers besef dat daar fout was met die toenmalige politieke sisteem). Maar ten spyte van hul agterstand kon die Atheners weens die ingryping van ’n paar politieke figure hul ekonomie en nywerheid so vinnig verbeter dat hul aansien in die Griekse wêreld in ’n relatiewe kort tydperk die hoogte in geskiet het. Gevolglik was slegs die Spartane aan die begin van die vyfde eeu in ’n beter posisie as die Atheners om die Grieke in hul verdediging teen die Perse te lei.

### 3.2.1 Die Persiese Oorloë (490-478)

Die hele doel van Herdotos se *magnum opus* was om die oorsaak van die Persiese Oorloë te ondersoek. Tog het hy in slegs 'n paar reëls (5.97.2-3) die rede saamgevat waarom 'n handjievol Griekse stadstate hulself in twee oorloë teen die geweldige Persiese oormag moes verdedig:

Apparently it is easier to impose upon a crowd than upon an individual, for Aristagoras, who had failed to impose upon Cleomenes, succeeded with thirty thousand Athenians. Once persuaded to accede to Aristagoras' appeal, the Athenians passed a decree for the dispatch of twenty ships to Ionia...

These ships were the beginning of evils for Greeks and barbarians (De Sélincourt, 1954:316-7).

Teen 500 het die Persiese Ryk reeds Masedonië en Trasië in die noorde en die Ioniese state oos van die Egeïese See ingesluit. Die meeste van die Ioniese state het hulself op vreedsame terme aan die Persiese Ryk onderwerp. Een van dié onderdaan-state, Milete, het opdrag ontvang om die naburige eiland Samos te verower, en toe dié ekspedisie misluk het, het Aristagoras van Milete gepoog om soveel as moontlik Ioniese stede in opstand te bring om die straf wat hy waarskynlik van die Perse sou ontvang vir sy mislukking, te ontduik. As die rebellie enigszins daarmee suksesvol wou wees om Persiese straf oor al die Ioniese stede te vermy, moes Aristagoras egter hulp van die Griekse vasteland ontvang. Hy het eers hulp by Kleomenes van Sparta aangevra deur hom te probeer uitlok om Persië self binne te val. Kleomenes het met tipies Spartaanse xenofobie nie kans gesien om so 'n lang reis na Persië te onderneem óf om sy stad Sparta vir so lank met 'n verkleinde staande mag te laat nie.

Hierna is Aristagoras na Athene, die tweede sterkste staat in Griekeland (Hdt. 5.97). Hy het egter geweet dat Athene kort tevore 'n slegte verhouding met Persië ontwikkel het. Die Perse het reeds tevore probeer om deur middel van diplomatie Athene onder hul beheer te kry, sowel as om daarop aan te dring om vir Hippias (wat sedert die val van die tirannie in 511 aan die Persiese hof woonagtig was) as tiran in Athene te herstel. Weens hul wantroue in die Perse



is die Atheense Volksvergadering makliker deur Aristagoras oortuig om die rebellie te ondersteun en is 'n aantal skepe na Milete gestuur (499). Die rebellie was so effektief dat die Atheners selfs daarin geslaag het om Sardis, een van die belangrikste Persiese stede in Ionië, te plunder. Die rebellie is uiteindelik in 494 tot 'n einde gebring, waarna die Perse verplig was om 'n formele strafekspedisie teen die ondersteuners van die rebellie (d.w.s. verskillende Griekse stadstate, maar veral die Atheners en Eretriërs) te loods wat Griekse onderdanigheid sou afdwing.

Die oogmerk van hierdie veldtog (die sogenaamde “Eerste Persiese Oorlog”) was spesifiek om Athene en Eretria (die hoof-ondersteuners van die Ioniese rebellie) te straf. Toe dit in 490 onder koning Darius geloods is, is Eretria sonder meer verower en die inwoners is as slawe weggevoer. Sparta het ingestem om Athene te help, maar is om religieuse redes vertraag; dit was dus net die Atheners en hul naaste bondgenote, die Plataïers, wat die Persiese oormag kon teenstaan. Die gevolg was 'n skitterende sukses vir die veel kleiner Griekse mag by Marathon, oos van Athene op die Attiese skiereiland.

Die Perse het na hul skepe teruggeval en om die skiereiland gevaar in 'n poging om die onbeskermdes Athene self binne te val. Teen die tyd dat hulle by die hawe gekom het, het die Atheense leër reeds terug gemarsjeer en betyds by die Peiraieus opgedaag om dit te beskerm. Die Perse, wat na hul onlangse nederlaag nie kans gesien het om weer die Atheense soldate teen te staan nie, het maar na Asië terugkeer (Buckley, 1996:156). Athene het geweet dat dit nie hier sou eindig nie – die Perse sou beslis terugkeer en daarom moes die Atheners voorbereidings tref om hulself en die ander Griekse state te beskerm. Daar is aanvaar dat die oorlog voortgesit sou word en enige politieke faksies wat eerder vrede met die Perse wou sluit, is geostraseer omdat hulle geweet het dat vrede onderdanigheid aan die Perse sou beteken (Buckley, 1996:157). Die keuse het dus basies daarop neergekom dat hulle óf gereed moes maak vir oorlog en die risiko van totale verwoesting loop, óf vrede met die Perse sluit en hul onafhanklikheid te verloor.

Die Atheense Volksvergadering het gestem om 200 (volgens Herodotos 7.144) óf 100 (volgens Aristoteles, *Ath. Pol.* 22.7 en Plutargos, *Vit. Them.* 4.1-3) driebankers te bou, hoofsaaklik weens die invloed van Themistokles. Dié skuif

het gemaak dat Athene se fokus in die toekoms nie meer net op sy infanterie sou wees nie, maar ook op sy vloot.

Terugskouend kan daar beweer word dat Themistokles geweldige insig gehad het in wat vir Athene voorgelê het. Volgens Thoeukudides (1.138) kon Themistokles 'n situasie lees en vooruit beplan:

Indeed, Themistocles was a man who showed an unmistakable natural genius; in this respect he was quite exceptional, and beyond all others he deserves our admiration. ... and in estimating what was likely to happen, his forecasts of the future were always more reliable than those of others. ... this man was supreme at doing precisely the right thing at the right moment (Warner, 1954:117).

Indien dit wel die geval was dat Themistokles 'n buitengewone vermoë gehad het om die toekoms te lees, was die opbou van die vloot sy groot bydrae tot, in die eerste plek, die komende Persiese oorloë (490-478), en tweedens, die konflik wat tussen Athene en Sparta sou uitbreek (431-404). Nie een van die Griekse state het tot op daardie stadium 'n werklike doeltreffende vloot gehad nie, terwyl die Perse oor sowel 'n reuse-vloot as -leër beskik het. Themistokles het nou, deur die bou van die Atheense vloot, die Griekse stadstate bemagtig om hul stede ook vanaf die see te beskerm.

Dit was werklik 'n geweldige prestasie dat Themistokles daarin kon slaag om die Volksvergadering daarvan te oortuig om die stad se reserwes in die bou van 'n vloot te belê. Hierdie vegtersklas, wat die meerderheid van die Atheense bevolking uitgemaak het, is deur Themistokles oortuig om hom toe te laat om skepe te bou wat deur *thetes* en buitelanders beman sou word, om saam met die middelklas-voetsoldate Athene te verdedig – 'n reg wat tot op daardie stadium uitsluitlik vir die voetsoldate gereserveer was (Buckley, 1996:159). Daarbenewens sou die opbou van die vloot ook groot politieke implikasies hê:

... if Athens' future greatness depended upon sea-power, the lower class thetes, who would be the oarsmen of the ships, were bound to demand more political power than was granted to them under Cleisthenes'

constitution which favoured the aristocracy and the middle classes (Buckley, 1996:159-60).

Athene se vloot kon nou ondersteuning vanaf die see bied vir wanneer die infanterie, onder leiding van Sparta, die Perse tegemoet sou gaan. Ten spyte van Sparta se afwesigheid in die vorige oorlog teen die Perse is hulle steeds eenparig deur al die Griekse stadstate erken as die beste krygers wat die Griekse state in die komende oorlog die effektiwste teen die Perse sou kon verdedig (Cartledge, 1979:202).

Sparta het ter voorbereiding boodskappers na die orakel te Delfi gestuur. Die antwoord was redelik pessimisties (Hdt. 7.220):

...for right at the outset of the war the Spartans had been told by the Delphic oracle that either their city must be laid to waste by the foreigner or a Spartan king be killed (De Sélincourt, 1954:443).

Dit was egter nie genoeg om Sparta van sy taak te laat afsien nie en die staat het steeds voortgegaan as die leier van die Helleense Bond met koning Leonidas as opperbevelvoerder op land en ter see. Hierdie Helleense Bond was 'n tydelike Bond van al die gewillige Griekse stadstate (hoofsaaklik Sparta en Athene en hul bondgenote, o.a. die hele Peloponnesiese Bond: Cartledge, 1979:202), teen Persië; ná die Persiese Oorloë sou dit ontbind word en deur die Deliese Bond (478) vervang word.

Xerxes het in 486 vir Darius as koning van Persië opgevolg; nadat hy sy mag gekonsolideer het, het hy in 484 sy aandag op Griekeland gevestig. Waar Darius slegs 'n strafekspedisie na Athene en Eretria aangevoer het, wou Xerxes stelselmatig die hele Griekeland onderwerp. Moderne historici is geneig om Herodotos (7.60, 89) se getalle vir die Persiese mag as absurd te verwerp en het op 'n meer redelike 80 000 voetsoldate en 600 skepe ooreengekom (Buckley, 1996:164). Dit was steeds veel meer as die Helleense Bond se totale 38 700 voetsoldate en 270 skepe (Buckley, 1996:166; Hdt. 9.29-30). Die Grieke het geweet (veral na Marathon) dat die Persiese voetsoldate ligter gewapen is, maar daarom beweegliker as die taamlik logge maar onstuitbare Griekse hopliete. Die Persiese kavallerie sou op oop vlaktes dodelik vir die stadiger hopliete wees en die Bond moes dus die terrein kies

waar die Perse se effektiwiteit en getalle geneutraliseer kon word en waar die Griekse hopliete die meeste voordeel sou kon trek. Daar was hoofsaaklik twee plekke wat die beste verdediging sou bied: die pas naby Thermopulai aan die suidgrens van Tessalië, óf die Ismus by Korinte, op die noordgrens van die Peloponnesos. Sparta was natuurlik ten volle ten gunste daarvan om die verdedigingslyn by die Ismus op te stel, want dit het beteken dat hulle nie die Peloponnesos hoef te verlaat om hul eie grond te beskerm nie. Die res van Griekeland suid van Tessalië het Thermopulai verkies, en Themistokles van Athene het gedreig dat indien die Perse Athene sou inneem, die Spartane die ondersteuning van die Atheense vloot sou verloor. Die implikasie sou wees dat die Perse, sonder 'n Griekse vloot wat hulle teenstaan, baie maklik om die Ismus sou kon seil om die Peloponnesos enige plek binne te val. Herodotos (7.139) spel die situasie redelik duidelik uit:

If the Athenians, through fear of the approaching danger, had abandoned their country, or if they had stayed there and submitted to Xerxes, there would have been no attempt to resist the Persians by sea; and, in the absence of a Greek fleet, it is easy to see what would have been the course of events on land. However many lines of fortification the Spartans had built across the Isthmus, they would have been deserted by their confederates; not that their allies would have willingly deserted them, but they could not have helped doing so, because one by one they would have fallen victim to Persian naval power. Thus the Spartans would have been left alone – to perform great deeds and to die nobly (De Sélincourt, 1954:415).

Daar is uiteindelik ooreengekom om die pas by Thermopulai te verdedig, maar Sparta het dit wel duidelik gemaak dat die oorgrote meerderheid van die Spartaanse troepe in die Peloponnesos sou agterbly om dit te beskerm. Buitendien was een van hul feesdae naby en kon hulle slegs 'n voorhoede stuur; die res van die beskikbare troepe sou ná die fees kom (Cartledge, 1979:202). Die Atheense vloot, onder leiding van Themistokles, sou by die kus van Artemision die strook tussen die eiland Euboia en die Griekse vasteland beskerm om te keer dat die Persiese vloot nie die Spartaanse blokkade by Thermopulai omseil nie. Die totale kontingent was 7 100 soldate: 4 000

Peloponnesiërs, wat hoofsaaklik uit Arkadiërs, Helote, *Perioikoi* en Korintiërs bestaan het (Sparta het slegs 300 soldate gestuur, met die belofte dat die res ná die feestyd sou kom), en 3 100 soldate van die naburige state suid van Thermopulai, onder andere Thebe, Thespis, Lokris en Fokis. Athene het in totaal 333 skepe verskaf (Hdt. 7.202; Buckley, 1996:171).

Toe die Perse by die pas arriveer, wou Xerxes eers wag om te sien of die Grieke, geïntimideer deur sy oormag, nie dalk sou terugtrek nie. Intussen wou hy by Demaratos, tóé in Persië, inligting kry aangaande die Spartane se verdedigingstrategie. Hy kon nie verstaan hoedat so 'n klein groepie soldate voor sy oormag sou kon staan nie. Demaratos se antwoord het soos volg gelui (Hdt. 7.209):

“But I assure you that if you can defeat these men and the rest of the Spartans who are still at home, there is no other people in the world who will dare stand firm or lift a hand against you. You have now to deal with the finest kingdom in Greece, and with the bravest men.” (De Sélincourt, 1954:440).

Op die vyfde dag wat die Grieke geen reaksie getoon het nie, het Xerxes in sy frustrasie aangeval. Die pas was so nou dat die Perse nie die Grieke kon omsingel nie en hulle was te lig gewapen om deur die Griekse linies te breek. Die Grieke was ook nie ongeskonde nie, maar Herodotos sê byna terloops dat hul verliese nie groot was nie (Hdt. 7.211). Uiteindelik het die Perse teruggetrek net om die volgende dag weer aan te val, met die hoop dat die Grieke, wat te min troepe gehad het om mekaar tussen gevegte af te los, te uitgeput sou wees om doeltreffende weerstand te bied. Weereens kon hulle geen sukses behaal nie en het hulle teruggetrek. Gelukkig vir Xerxes het daar 'n Griekse verraaier by hom opgedaag met die naam Efiialtes, wat vir 'n som geld vir die koning van die ompad om die pas vertel het. Xerxes was maar te bly oor dié inligting, en daardie selfde aand het 'n afdeling Perse die ompad gevolg. Toe dié nuus aan die res van die Grieke bekend gemaak is, is daar vergadering gehou. Leonidas het al die Grieke buiten die Thebane (wie se lojaliteit twyfelagtig was) en Spartane beveel om na hul stede terug te keer, maar slegs die Thespiërs het uit vrye keuse agtergebly omdat hul stad in elk geval te naby was (Hdt. 7.222). Die Perse het aangeval en die Grieke het

stelselmatig teruggetrek totdat hulle heeltemal omsingel is en op hul desperaatste geveg het. Tog was dit nie vir die Perse maklik nie en dié het weereens groot verliese gely, maar kon uiteindelik die Grieke met pyl en boog verslaan.

Die eerste indruk wat dié geveg skep, is dat die Griekse voetsoldate op 'n gunstige terrein soos dié van Thermopulai se pas byna onoorwinlik was. Vir twee dae kon hulle die Perse terughou sonder om self te veel verliese te ly. Dit was die ontdekking van 'n kleiner pas rondom Thermopulai en die onvermoë van die wagt om die ompad te beskerm wat die wending veroorsaak het. Die vraag wat mens dus wil vra is: hoe ernstig was spesifiek die Spartane oor die verdediging van Thermopulai? Waarom het hulle nie in die eerste plek genoegsame Spartaanse soldate gestuur wat die pas sou kon verdedig totdat Xerxes uiteindelik moed opgegee het nie? Hul hoofrede was dat hulle weens 'n ontydige religieuse funksie nie al hul magte kon mobiliseer nie. Herodotos het wel gesê (5.63):

... the commands of God were more important to them [*die Spartane*] than human ties (De Sélincourt, 1956:301).

Thoekudides voeg verder by (1.118):

The Spartans ... [were] traditionally slow to war unless they were forced into it (Warner, 1972:103).

Spartaanse godsdienstigheid het ook vroeër by die Slag van Marathon gemaak dat hulle die geveg met 'n dag gemis het (Hdt. 6.120). Leonidas en sy 300 soldate was bloot die voorhoede wat moes seker maak dat die geallieerdes nie sou dros teen die tyd dat die volle Spartaanse mag opgedaag het nie (Hdt. 205-6). Indien daar werklik nog troepe op pad was, sou die Grieke waarskynlik die pas kon verdedig het en die Perse verslaan het indien hulle nie omvleuel sou word nie.

Intussen kon die Atheense vloot ook genoegsame skade aan die Persiese vloot aanrig. Alhoewel die Persiese skepe in oop water vinniger en beter beheer kon word as die Griekse skepe, het die Grieke weereens gesorg dat hierdie voordele die Persiese vloot ontnem is. Ná die nederlaag by Thermopulai moes hulle egter terugtrek aangesien hulle nou vanaf die land blootgestel is en het

by Salamis gaan aandoen vanwaar hulle die stad Athene ontruim het. Intussen het die Persiese vloot ernstige verliese gely weens storms (Buckley, 1954:179). Die nuus dat die Atheners moontlik sou terugtrek, het Xerxes aangemoedig om nie vir die winter terug te trek en die Griekse landmagte kans te gee om weer te mobiliseer nie, maar om onmiddellik die Atheense vloot by Salamis, hul tydelike hawe, aan te val. Die Atheense vloot kon nog as 'n eenheid veg maar weens verwarring aan die Persiese kant kon nie genoeg skepe effektief genoeg veg om die Atheners te oorwin nie. Die oorblywende vloot het na die Hellespontos teruggetrek en Xerxes self het na Sardis teruggekeer.

Die res van die Persiese leër was steeds in Griekeland en generaal Mardonios moes steeds probeer om die Griekse leër te verslaan. Hy het eers probeer om die stad Athene, wat nou geen moontlikheid gehad het om 'n beleg teen te staan nie, diplomaties te oorreed. Die Atheners wou nooit 'n definitiewe antwoord gee nie, want hulle wou die Spartane kans gee om die Griekse leërs, tans by die Ismus by Korinte, tot hul redding te bring. Athene het egter steeds oor 'n vloot beskik en moes die Spartane opnuut daaraan herinner dat die Perse, sonder die Atheense vloot om teen te staan, die Peloponnesos op enige plek sou kon binneval (Hdt. 9.9). Die Spartane is opnuut oorreed en het onder leiding van koning Pausanias met 'n volle mag van 5 000 soldate opgetrek tot in Boïotië waar die Perse by Plataia gewag het. Herodotos se somtotaal werk uit op 38 700 Griekse voetsoldate, waarvan die meerderheid Atheners, Spartane en Korintiërs was (Hdt. 9.29). Indien 80 000 as die mees waarskynlike getal Persiese soldate vir die begin van die oorlog aanvaar word (Buckley, 1966:164), sou die getal soldate by Plataia nog nagenoeg dieselfde moes wees, aangesien versterkings en Griekse drosters die Perse se verliese sou aangevul het. Op die slagveld het beide magte gewag dat die ander een moes aanval omdat elkeen 'n gunstige posisie beheer het – die Grieke was in 'n nou vallei en die Perse op 'n oop vlakte. Die Spartane het uiteindelik 'n beweging uitgevoer wat die Perse laat skrik en aanval het. Die gevolg was 'n skitterende oorwinning vir die Grieke. Die Perse wat ontsnap het, moes self hul pad na Asië terugvind (Buckley, 1954:184).

Noudat die Perse uit Griekeland verdryf is, was die behoefte van baie Grieke om die Persiese vlugteling agterna te sit. Die Spartane het die Griekse vloot

slegs halfpad deur die Egeïese See agterna gestuur, maar weens hul vrees om te naby aan die steeds moontlik aktiewe Persiese vloot te kom, het hulle die offensief stopgesit. Intussen het die Ioniërs weer gerebelleer en die Persiese vloot, wat te gedemoraliseerd was om die rebellie teen te staan, het verder teruggetrek (Hdt. 9.96). Die Persiese gevaar was nou verby, maar in die vakuum wat dit gelaat het, sou nuwe spanning tussen Athene en Sparta ontstaan:

The victories at Plataea and Mycale [*waar die vloot tydelik gestasioneer was*] marked the liberation of Greece and the end of the defensive war. However, the revolt of the Ionians and their desire to join the Hellenic League would entail a radical change of military policy, if they were admitted: an offensive war against Persia in order to ensure their continued freedom. The reluctance of the Spartans and the willingness of the Athenians to take responsibility for the defence of the Asiatic Greeks laid the foundations for the super-power rivalry and conflict throughout the fifth century (Buckley, 1996:185).

Athene wou verdere druk op die Perse plaas met Ionië as wegspringplek, maar Sparta wou terugkeer na die Peloponnesos en niks verder met internasionale kwessies te doen hê nie. Beide dié state het elkeen genoeg invloed in die Helleense Bond gehad dat hulle vir mekaar moes ligloop om 'n totale breuk te voorkom. Die verwydering tussen Athene en Sparta sou egter in die loop van die vyfde eeu toeneem en uiteindelik kulmineer in die Peloponnesiese Oorlog (431-404).

### 3.2.2 Die Peloponnesiese Oorlog en sy gevolge, 478-371

Teen 478 het dit geblyk dat die Spartaanse opperbevelvoerder die mag wat deur die Griekse geallieerde state aan hom toegeken is, misbruik het. Die tydelike anti-Persiese Helleense Bond is ontbind en 'n nuwe bond is gestig op die heilige eiland Delos met Athene as leier van al die lidlande. Hierdie Deliese Bond moes soos vroeër die Griekse state teen 'n moontlike Persiese inval beskerm, maar het ook hard gewerk om enige Persiese basisse uit Griekeland en die omringende lande te verwyder. Intussen het Athene hard probeer om meer lidlande en belasting (geld en skepe) vir die Bond te werf.



Nadat die Spartaanse Helote in 465 gerebelleer het en Athene hulp gestuur het om die rebellie te onderdruk (soos bepaal in die verdrag wat gesluit is: Thuc. 5.23), het Sparta vir Athene openlik beledig deur hom, alleen van al die bondgenote wat kom hulp bydra het, weg te stuur. Sparta se vrees was dat die Atheense soldate meer simpatiek teenoor die Helote-vryheidsvegters sou wees en moontlik die Helote sou ondersteun (Thuc. 1.102). Hierdie belediging was vir die Atheners onvergeeflik en oorlog tussen dié twee state was onvermydelik. Athene was egter nog aktief betrokke in 'n veldtog om enige Persiese vestings uit die Egeïese See te verwyder en sou nie 'n oorlog op twee fronte kon bekostig nie. Daar is toe besluit om Egipte van die Persiese Ryk af te neem om hul graanvoorraad vir Athene te verseker. Hierdie poging het egter heeltemal misluk. Die Deliese Bond se skatkis is toe weens “sekuriteitsredes” van die eiland Delos na Athene verskuif (454) waar Athene direkte toegang tot die belastinggeld gekry het. Die Deliese “bondgenote” se status het spoedig verander na dié van “state oor wie Athene heers” (Meiggs & Hornblower, 1996:441). Lidlande wat nie die belasting kon betaal nie, is swaar gestraf en Athene het mettertyd al hoe meer onpopulêr geraak. Sparta het die groeiende “Atheense ryk” gevrees en het namens die Griekse state geëis dat Athene sy imperialistiese beleid moet staak (Thuc. 2.8.4).

Die gevolg was die uitbreek van die Peloponnesiese<sup>15</sup> Oorlog (431-404) tussen Sparta en sy Peloponnesiese Bond aan die een kant en Athene en sy Deliese Bond aan die ander. Die eerste fase van die oorlog was die sogenaamde Argidamiese Oorlog (vernoem na koning Argidamos van Sparta) of Tienjarige Oorlog (431-421). Gedurende hierdie fase was Sparta se hoop om op die konvensionele manier Attika binne te val, die land te plunder, die Atheense leër uit te lok en dit eenkeer te verslaan en die oorlog te wen (Buckley, 1996:354). Dit is die Spartaanse benadering wat Perikles verwag het. Hy het dus daarop aangedring dat die Atheners al hul eiendom buite Athene moet prysgee en binne die stad se mure saamtrek. Dit het nie saak gemaak dat die plase buite Athene vernietig word nie, want Athene sou deur sy vloot onderhou word wat voorraad vanaf die bondgenote sou invoer (Thuc. 2.13).

---

<sup>15</sup> Daar was reeds van 461 tot 446 'n sogenaamde “Eerste Peloponnesiese Oorlog” tussen Athene en Korinte, Sparta se belangrikste bondgenoot.

Aangesien die Spartane die aggressors was en die inisiatief moes toon deur elke seisoen Attika binne te val sonder enige daadwerklike effek, het Perikles gehoop dat hulle naderhand sou tou opgooi as die Atheners binne die stadsmure bly en onverstoord hul seeryk met hul vloot regeer. Verder sou die vloot op hul beurt die Peloponnesos via die see kon binneval, plundertogte uitvoer en moontlik selfs die Helote tot rebellie aanhits (Buckley, 1996:352).

Perikles het egter een belangrike voorwaarde gehad (Thuc. 2.65.7):

For Pericles had said that Athens would be victorious if she bided her time and took care of her navy, if she avoided trying to add to her empire during the course of the war, and if she did nothing to risk the safety of the city itself (Warner, 1954:163).

Ná Perikles se dood in 429 het van sy ondersteuners met moeite sy beleid voortgesit. Die oorlog is tydelik onderbreek met die Vrede van Nikias (421-413), maar is weldra hervat. Perikles se teenstanders het steun gewen om die beleid van verdediging wat Perikles voorgestaan het, te verwerp en self begin om die inisiatief te neem en as aggressors op te tree. Die oogmerk was om die Spartaanse bondgenoot Sirakuse in Sisilië te gaan beleër en te oorwin. Dit sou maak dat Spartaanse voorraad drasties afgesny sou word en dat hulle met groter risiko en koste voorraad van ander punte na die Peloponnesos sou moes invoer.

Wat gevolg het was die ramspoedige Sisiliaanse Ekspedisie (415-413): in 415 het 134 driebankers, 5 100 hopliete en meer as 'n duisend liggewapendes vertrek om Sirakuse te gaan oorwin<sup>16</sup> (Thuc. 6.43). Thokudides was seker dat indien die veldtog ander leiers gehad het, hulle moontlik sukses kon behaal het (2.65.11), maar dit was van die begin af reeds 'n taktiese fout om so 'n groot mag van Athene weg te stuur. Sy kommentaar oor die veldtog lui soos volg (7.87.5-6):

This was the greatest Hellenic action that took place during this war, and, in my opinion, the greatest action that we know of in Hellenic history – to the victors the most brilliant of successes, to the vanquished

---

<sup>16</sup> In 414 is tien skepe en in 413 is 65 skepe en 1 200 hopliete as versterkings gestuur (Thuc. 7.16; Buckley, 1996:385).

the most calamitous of defeats; for they were utterly and entirely defeated; their sufferings were on an enormous scale; their losses were, as they say, total; army, navy, everything was destroyed, and, out of many, only few returned (Warner, 1954:536-7).

Die mislukking van hierdie veldtog het Athene se bondgenote aangemoedig om te rebelleer en Sparta het self 'n vloot gebou om hierdie opstande te ondersteun (Buckley, 1996:394). Wat gevolg het (412-404) was die sogenaamde Ioniese Oorloë waartydens Athene sy bes gedoen het om sy bondgenote se rebellies te onderdruk. Suksesse is weerskante behaal, maar dit was hoofsaaklik Athene se superieure vloot wat elke keer sy voorraadlyne moes terugwen sodra Sparta dit probeer afsny het. Sparta het finansiële steun van Persië ontvang om elke keer 'n nuwe vloot te bou en te beman, en het uiteindelik daarin geslaag om teen 405 Athene se laaste voorraadlyn, die graanlyn vanaf die Swart See, af te sny met die Slag van Aigospotamoi (Buckley, 1996:405, Xen. *Hist.* 2.1). Athene, geblokkeer op land en ter see, met hul voorraadlyne heeltemal afgesny, het die volgende jaar (404) oorgegee.

Sparta was nou die onbetwyfelde leier en “beskermer” van die Griekse state. Ná die Peloponnesiese Oorlog wou verskeie stede sien dat Athene heeltemal vernietig word, maar Sparta het dit meer voordelig gevind om, tot die bondgenote se frustrasie, 'n pro-Spartaanse oligargiese regering, die Dertig Tiranne, in Athene aan te stel (Buckley, 1996:431). Sparta wou nou sy posisie op die Griekse vasteland konsolideer, maar ook in die vakuum van die Atheense seeryk tree. Verder wou hy ook die oorlog teen Persië verder voer. Sparta se bondgenote was bang dat Sparta imperialistiese neigings begin toon het en hierdie vrese het uitgeloop op die Korintiese Oorlog (395-386). Hierdie oorlog was 'n geweldige terugslag vir Sparta aangesien die koalisie wat hom teengestaan het, sy twee beste bondgenote (Boiotië en Korinte) en grootste vyand<sup>17</sup> (Argos) ingesluit het (Buckley, 1996:425).

---


<sup>17</sup> Athene het teen 403 van die Dertig Tiranne ontslae geraak en 'n tydelike Raad van Tien is ingestel, maar na onderhandelinge met die Spartane is die demokrasie dieselfde jaar herstel. Teen 395 was Athene egter sterk genoeg om deel van die koalisie te wees wat Sparta in die Korintiese Oorlog teengestaan het.

Sparta het weer steun by die Perse aangevra, maar ná hul onlangse anti-Persiese beleid (400-395) was die Perse nie te gretig om te help nie (Buckley, 1996:438). Alle moontlike steun is aan Athene gebied en dié kon spoedig weer 'n vloot opbou. Athene het egter sy seeryk van vroeër probeer terugwen en het blatant anti-Persiese ooreenkomste aangegaan met naburige state wat teen Persië gerebelleer het. Dit het die Perse laat besef dat 'n Atheense seeryk veel meer skade sou aanrig as 'n Spartaanse landryk; hulle het dus weer vir Sparta teen Athene gesteun (Buckley, 1996:440). Sirakuse het ook 'n aantal skepe gestuur waarmee die Spartane weereens die Hellespontos geblokkeer het, wat Athene se graanvoorraad afgesny het. Athene het hom aan die oorlog onttrek, maar omdat hy teen dié tyd die leiding in die oorlog teen Sparta geneem het, is die oorlog by verstek beëindig (Buckley, 1996:440-1).

'n Verdrag (die Koning se Vrede in 386) is met die koning van Persië gesluit wat die volgende gestipuleer het: alle Asiatiese Griekse state behoort aan Persië; alle Griekse state is outonoom soos voor die Persiese Oorloë (Xen. *Hist.* 5.1). Hierdie verdrag is afgedwing deur die Spartane wat hul eie Peloponnesiese Bond kon behou (dit is reeds voor die Persiese Oorloë gestig), maar alle ander Bonde wat intussen tot stand gekom het (die Boiotiese Bond, die nuwe Atheense seeryk, en die koalisie tussen Korinte en Argos) moes ontbind word (Buckley, 1996:441). Sparta was nou sonder enige teenstand die *hēgemōn* van Griekeland, maar met Persiese ondersteuning.

In 378 is 'n Spartaanse mag na Boiotië gestuur nadat 'n anti-Spartaanse komplot openbaar is. 'n Poging om die Peiraieus in te neem het die Atheners laat protesteer dat die Koning se Vrede eerste deur die Spartane verbreek is en Athene het dus weer alliansies begin sluit. Thebe het ook weer sy Boiotiese Bond op die been gebring. Spartaanse pogings om hierdie alliansies te verhinder was nie suksesvol nie. Die Spartaanse vloot is deur Athene verslaan. Die Boiotiese Bond onder leiding van Thebe het intussen al hoe meer state van die Peloponnesiese Bond afgerokkel. Die spoed waarteen Thebe suksesse behaal het, het selfs vir Athene ontstel en in 386 het Sparta en Athene 'n verdrag gesluit waarin Sparta vrye teuels gegee het aan die Atheense vloot in die Egeïese See (Buckley, 1996:448). 'n Nuwe verdrag is met Persië gesluit wat basies die vorige een hernu het, maar met die verskil dat Athene ook


uitgesluit moes word van outonomie. Die verdrag is onderteken, maar die Thebane was van mening dat “die Thebane” sinoniem met “die Boiotiërs” was en dat hulle outonoom was soos die verdrag stipuleer (Buckley, 1996:448-9). Daar is besluit om die saak uit te veg. Die Spartane het Boiotië binnegeval, maar is in 371 met die Slag van Leuktra beslissend verslaan. Thebe, as leier van die Boiotiërs, was nou die magtigste staat in Griekeland. Sparta is verneder, om nooit weer te herstel nie, maar Athene, steeds bang vir ’n enkele dominante mag in Griekeland (buiten homself), het weer met Sparta ’n verdrag gesluit in ’n poging om ’n balans teen Thebe te handhaaf.



## 4. Die spieël tussen klassieke Sparta en Athene

Geïsoleerde gemeenskappe wat slegs in hul eie onmiddellike behoeftes hoef te voorsien, sal 'n heeltemal ander lewensuitkyk ontwikkel as geïsoleerde gemeenskappe wat in ander toestande moet oorleef. Onbewustelik sal elkeen van hierdie gemeenskappe hul eie lewensuitkyk en manier van doen as die norm, die *status quo*, aanvaar en getrou daarby hou. Volgens hul eie ideologie is dit wat hulle in die natuur waargeneem het hoe die kosmos funksioneer.

Egipte, byvoorbeeld, is uniek in die antieke wêreld in die sin dat die land bekend is vir sy vrugbaarheid ten spyte daarvan dit geen reën kry nie. Die Nyl wat jaarliks oorstrom, verskaf al die vrugbaarheid en water wat die ooste deur die seisoen sal onderhou. Herodotos het reeds gesê dat Egipte 'n geskenk van die Nyl is (2.5): daarsonder sou die Saharawoestyn ononderbroke van Afrika se weskus tot teen die ooskus by die Rooi See gestrek het. Dit was vir die Egiptenare vreemd om in Sirië, byvoorbeeld, te sien hoe reën uit die lug val. Vandaar die volgende verwysing in die Himne aan die Aten (Lichtheim, 1997:46):



You [*the Aten*] made Hapy<sup>18</sup> in the *Duat*,<sup>19</sup>  
You bring him when you will,  
To nourish the people,  
...  
All distant lands, you make them live,  
You made a heavenly Hapy descend from them;  
He makes waves on the mountains like the sea,  
To drench their fields and their towns.  
...  
A Hapy from the heaven for foreign peoples,  
And all lands' creatures that walk on legs,  
For Egypt the Hapy who comes from the *Duat*.

---

<sup>18</sup> Die Nyl (Lichtheim, 1997:46, n. 6).

<sup>19</sup> Die onderwêreld (Lichtheim, 1997:46, n. 5).

In Egipte kom die Nyl vanuit die onderwêreld (soos die son) om sy oewers te oorstrom en die landerye onder water te laat. In die res van die wêreld (wat “anders” is) daal die “Nyl” vanuit die hemel op die land neer. In die konteks waarin dié himne geskryf is, sal die Aten nie net vir Egipte sorg nie, maar sy goedheid strek tot oor al die ander vreemde lande. Omdat die Aten ’n Egiptiese god is, geniet Egipte sy sorg, maar sy goedheid kan ook oor ander nasies strek. Egipte bly egter die norm met sy Nyl vanuit die onderwêreld, soos dit veronderstel is om te wees.

Egipte en dié se klimaat is natuurlik ’n ekstreme voorbeeld. Die Egiptenare het boonop ongeveer een en ’n half duisend jaar van relatiewe isolasie geniet (vanaf die Pre-Dinastieke tydperk, 3100, tot die Tweede Tussenfase, 1600) voordat die eerste buitelanders, die Hiksos, hul verskyning gemaak het en ’n daadwerklike invloed op hulle gehad het (invloede soos o.a. ’n verbeterde weermag en die gebruik van die perd en strydwa).

Griekse stadstate, wat tussen ’n dag of twee en ’n paar weke se reis van mekaar geleë is, het natuurlik ook met verbasing gekyk na waar, by wyse van spreke, elkeen se reën vandaan kom. Die verskille tussen Griekse stadstate was darem meer subtiel as byvoorbeeld waar hul water vandaan kom, maar het ’n diep genoeg impak op die burgers van ’n betrokke stadstaat gemaak om hulle enige ander ideologie of manier van doen met wantroue te laat betrag.

Soos reeds genoem in die eerste hoofstuk, sal slegs inligting wat noemenswaardig is deur historiograwe opgeteken word. Hoe belangriker, interessanter en selfs sensasioneler die gegewens is, hoe beter die kans dat meer mense die spesifieke historiograaf se werk sal lees. Noemenswaardige inligting is natuurlik ook relatief tot die teikengehoor. In Herodotos se geval (sowel as die oorgrote meerderheid van skrywers na wie ek gaan kyk) was die teikengehoor eerstens die Atheense gehoor en dan enigiemand wat gemaklik met Ioniese Grieks kon omgaan. Die ander prominentste Griekse stadstaat buiten Athene was natuurlik Sparta. Vir die gemiddelde Attiër was Sparta ’n enigma op sy eie: byna uit ’n fantasieverhaal, maar tog deel van die realiteit. Elkeen van die Griekse stede sou ’n sekere beeld van Sparta gehad het – militaristies, ongecultiveerd, grof, maar ook religieus. Met ander woorde *spartaans* (in die moderne sin van die woord). Hulle was die uitsondering, die

xenofobiese, geheimsinnige militêre staat wat niks met die buiteland (noord en oos van die Peloponnesos) te doen wou hê nie.

Volgens Herodotos, wat 'n gesamentlike Griekse bewussyn en identiteit, *to Hēllēnikon*, probeer skep het, bestaan die mensdom uit Griekssprekendes en al die “Ander”, naamlik die *bárbaroi*. Sy Griekse identiteit was wel baie kunsmatig en sou met moeite al die dialektiese, religieuse en ideologiese verskille van al die “Griekssprekende” stadstate kon omvat (Cartledge, 1993:3). Binne Herodotos se kunsmatige Griekse klub was daar natuurlik lidlande wat meer “anders” as ander was. Nadat Athene die Eerste Persiese Oorlog bykans man alleen met die Slag van Marathon (490) gewen het, en nadat sy aansien in veral die Ioniese state die hoogte in geskiet het, was dit hoofsaaklik Athene wat die kulturele pas vir die lidlande van die “Griekse klub” aangegee het. Sparta, die ander stadstaat wat die meeste invloed in hierdie klub gehad het, was ook die vreemdste (Cartledge, 1993:80):

It is a little noticed or even appreciated fact that Sparta is the only Greek state that Herodotos treats in his ethnographic manner, describing some of the Spartans' customs as if they might be as unfamiliar and outlandish to his audience as those of the Nasamonēs.<sup>20</sup> The Spartans, that is, function as Herodotus' Greek Other, a kind of control on the Greek side of the Greek-barbarian polarity.

Terwyl Herodotos die mensdom in *to Hēllēnikon* (wat Sparta insluit) en *bárbaroi* verdeel het, het Spartaanse xenofobie die mensdom in Spartane (*homoioi* of *Spartiates*) en almal anders (*xenoi*, vreemdelinge, buitelanders) verdeel (Cartledge, 1993:47).

---

<sup>20</sup> 'n Libiese stam suidwes van Sirene (Hdt.4.172). Herodotos gee 'n kort beskrywing van die Nasamoniërs: met 'n man se eerste troue het al die gaste omgang met die bruid waarna sy 'n geskenk ontvang. Verder was hulle ook poligamies. Vir die gemiddelde Griek, waar die vrou – die man se besitting wat direk aan sy eer gekoppel is – nie haar verskyning in die openbaar mag maak nie (Cartledge, 1993:74), sou dit ondenkbaar en skandalig wees. Aristoteles verwys neerhalend na die Spartane omdat hul vroue baie dinge in die openbaar beheer (Cartledge, 1993:70; Arist. *Pol.* 1269b 30-1), 'n oordrewe stereotipering wat waarskynlik sy oorsprong daarin het dat Spartaanse vroue grond en eiendom kon besit (Cartledge, 1993:81). Maar die rol van Spartaanse vroue sou 'n Griekse gehoor darem nie so erg skok soos dié van die Nasamoniërs nie. Dus is die vergelyking myns insiens 'n bietjie oordrewe – die Spartane was vreemd, maar darem nie só vreemd nie.



Athene en Sparta het elkeen in verskillende omstandighede ontwikkel. Albei was op 'n relatief vroeë stadium reeds bewus van mekaar. Daar was in Griekeland nooit iets soos 'n kulturbotsing tussen die stadstate wat 'n drastiese verandering in een of meer kulture mee gebring het (soos bv. die invloed van Griekse kultuur op die ooste in die Hellenistiese Era of selfs op die Romeine ná 146) nie. Griekse stadstate het teen die agste eeu reeds kolonies gestig maar was van vroeër af reeds bewus van ander kulture. Maar bewustheid van die bestaan van 'n alternatiewe kultuur beteken nie noodwendig goedkeuring daarvan nie. Inteendeel, wanneer 'n kultuur van sy eie identiteit en uniekheid bewus is in die konteks van vele ander kulture, gee dit hom soveel meer rede om uniek te bly en om sy eie identiteit en kultuur eg en eng te hou. Natuurlike assimilering en ideewisseling sal wel plaasvind, maar die punt is om nie met ander verwar te word nie. Jy hoef nie noodwendig anders of verskillend te wees nie, maar jy moet ten minste erkenbaar en herkenbaar wees, onderskeibaar van die res.

Sparta en Athene het weliswaar nie met die doelwit ontwikkel om van mekaar onderskeibaar te wees nie. Elkeen het op natuurlike wyse ontwikkel soos die omstandighede dit vereis het. Kennelik het Athene makliker aanhou ontwikkel toe Sparta reeds kultureel gestagneer het, ook toe hy *moes* verander het teen die einde van die vyfde eeu. Die Spartane het egter net gehou by wat hulle geglo het hul eg en eng Spartaanse tradisie en manier van lewe was.

Sparta en Athene het dus op baie terreine verskil. Party verskille is natuurlik meer ooglopend en verreikend as ander. In ieder geval gaan dit oor hoe Athene, ons hoofbron, hierdie verskille waarneem en beskryf en hoe ons as onbedoelde gehoor dit moet interpreteer. Athene sou meermale Spartaanse gebruike as negatief of ten minste onnodig veroordeel, gewoonlik bloot omdat dit vreemd was. Daarom was dit by uitstek as defektief gesien.

## 4.1 Vroue: die ander Ander

Ons het klaar gesien hoedat die mees basiese polariteit in die Griekse wêreld, ideologies gesproke, dié tussen Griek en *bárbaros* is. 'n Ander meer fundamentele maar net so ooglopende polariteit is die biologiese verdeling tussen die manlike en vroulike geslag. Is dit toevallig dat die geskiedenis byna

uitsluitlik deur die manlike geslag gedomineer is? Waarom dan, wanneer die een biologies afhanklik van die ander is om voort te plant, is die een, by wyse van spreke, verheewe bo die ander?

Hoewel godsdiens-dogma meermale gebruik word om konvensies en tradisies etiologies te regverdig (d.w.s. te verklaar maar veral te formaliseer), is dit slegs moontlik in 'n homogene godsdiens (bv. die Judaïsme of die Christendom). Die Grieke het wel nagenoeg dieselfde pantheon gedeel, maar elke stadstaat het sy eie mitologiese ontstaanslegendes, helde, kultusse en beskermgode gehad en onderhou. Die konsep van religieuse dogma en ortodoksie was onbekend aan die Grieke (Cartledge, 1993:65) en die potensiaal daarvan is ten minste nooit benut soos in die Judaïes-Christelike tradisie nie. Daarom was die stand of status van die vrou in die Griekse samelewing nooit deur middel van godsdiens dogma gedefinieer soos in die Judaïes-Christelike tradisie nie. Haar plek is gedefinieer deur die spesifieke stadstaat se tradisies en gewoontes (*nomoi*). Hierdie menslik-gedefinieerde *nomos* was meer relatief van stadstaat tot stadstaat en was te triviaal om onder die gode se jurisdiksie te val. Gedragskonvensies en –gewoontes wat deur die jare as vanselfsprekend deur die gemeenskap aanvaar word, sou wel duidelik neerslag gevind het in die letterkunde, veral die drama (deur die dramatisering van die mites). Die opvoering van dramas en die lees van letterkunde wat (bewustelik of onbewustelik) hierdie gedragskonvensies bevat, sou die toepassing van hierdie konvensies verder verseker. Hierdie media verteenwoordig in die eerste plek die gebruike en gewoontes, maar was ook indirek didakties van aard: “dít is hoe ons gemeenskap lyk en behoort te lyk”.

Ek kyk nou eerstens na die tradisionele, “standaard” Griekse vrou, soos verteenwoordig deur hoofsaaklik Atheense bronne. Atheense vroue is streng opgepas deur die mans in hul familie en hoe meer respektabel die vrou was, hoe minder kon sy in die openbaar verskyn. Sy het min regte gehad aangesien haar doel in die lewe was om te trou en so gou as moontlik kinders, verkieslik seuns, te verwek. Spartaanse vroue, daarenteen, het veel meer sosiale vryhede geniet. Hulle moes natuurlik ook trou en kinders kry, maar hulle kon baie makliker in die openbaar beweeg sonder dat dit enigsins aan immorele gedrag

gegrens het. Die prys wat hulle daarvoor moes betaal, was egter om met mans getroud te wees wat permanent op aktiewe militêre diens was.

#### 4.1.1 Die korrekte Atheense vrou

Ek wil eerstens na Hesiodos se *Opera et Dies* verwys (soos aangehaal in Harris & Platzner, 2001: 129). Nadat Prometheus vuur van die gode gesteel het, wou Zeus die mensdom straf deur die vrou Pandora (lett. “alle geskenke”) as geskenk aan hulle te gee. Hefaistos het die liggaam gemaak en Athena en Afrodite het al die begeerlike “vroulike” eienskappe (skoonheid, begeerlikheid, vaardigheid in die weefkunste) aan haar gegee. Hermes moes op sy beurt al die ongunstige eienskappe wat met vroue geassosieer is aan haar gee, naamlik slinksheid, oneerlikheid, ontrouheid en onredelikheid.

Volgens Hesiodos (*Op.* 102) was die gevolg:

... And she was a real pain for human beings.

Wat die rol van vroue in die mitologie betref, gee Harris en Platzner (2001:339) vyf tipes rolle wat ’n vroulike karakter speel: 1) vroue en moeders van helde; 2) verloofdes wat hulp moet bied net om agtergelaat te word; 3) helde-nabootsers wat geslagskonvensies verbreek; 4) “bruide van die dood” wat sterf voor hulle trou; en 5) vroue wat dinamies kon optree sonder om enige konvensionele grense te oorskry. Alhoewel simplisties, gee dit ’n goeie indruk van wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar was vir vroulike optrede. As potensiële protagonis kon vroue nie met mans meeding nie. Die naaste wat vrouekarakters enigsins aan hierdie manlik-gedomineerde rolle kon kom, word in 2) en 3) saamgevat. My voorbeelde oorvleuel met spesifieke verwysing na Medeia (as helper en helde-nabootser) en Klutaimnestra (as helde-nabootser).

Wat die populêre vermaak betref, was die drama die direkste medium waarmee ’n digter deur middel van sy (manlike) akteurs ’n gedramatiseerde verhaal aan sy (manlike) gehoor kon oordra. Die tragedies wat inherente (manlike) vrees vir vroue die beste verteenwoordig, sal kennelik die *Agamemnon* (die eerste deel van die *Oresteia*-trilogie van Aiskhulos, 458) en die *Medea* (Euripides, 431) wees. Al twee dié tragedies is gebaseer op reeds bestaande mites waaraan op die verhoog gestalte gegee word en beeld uit wat

gebeur as mans beheer oor hul vroue verloor en die vrou heeltemal buite konvensie en verwagting optree. Die belangrikste vrouepersonasies in dié tragedies, Klutaimnestra en Medeia, tree uit wraaksug op: Klutaimnestra omdat Agamemnon hul dogter Ifigenia geoffer het om na die Trojaanse Oorlog te kon seil, en Medeia omdat sy haar geboortestad moes verraaï om Jason te help, hoewel hy dan 'n ander vrou in haar plek kry.<sup>21</sup>

Die direkte teenpool van dié beeld, die inherente vrees vir vroue wat buite die konvensie optree, is die komieklikheid van vroue wat buite die konvensie optree. Die komedie *Lysistrata* (Aristofanes, 411) skep 'n anomale “werklikheid” waarin die vroue van verskeie stede saamsweer om hul eie seksuele gewilligheid te weerhou tot hul mans ophou oorlog maak. Wat egter noodsaaklik is om in gedagte te hou is dat die opvoering kort na die mislukte Sisiliaanse Ekspedisie (415-413) op die planke gebring is. Dié ekspedisie het die laaste reserves van die mobiliseerbare Atheense leër en vloot uitgeput, wat die stad heeltemal weerloos teen 'n moontlike Spartaanse aanval gelaat het. Die komedie beeld 'n omgekeerde werklikheid uit in 'n absurde, ondenkbare scenario: vroue (wat in die werklike Athene nie eens die huis mag verlaat nie) kom van dwarsoor oorlogvoerende Griekeland in Athene bymekaar om hul mans te forseer (d.m.v. 'n uiters private praktyk, nl. 'n seksstaking) om vrede te maak. Aristofanes skeer myns insiens egter nie die gek met óf mans óf vroue nie. Hy gee nie voor dat mans se hele bestaan van seksuele plesier afhang, of dat vroue so skaamteloos is om in die openbaar hulself daarvan te weerhou nie. Hy was ook, soos almal, moeg van die oorlog en bang vir 'n einde waarin Athene fisies en ideologies verneder sou word. Waarskynlik het hy gedink, soos die vertaler in sy inleiding tereg sê:

“How on earth could this war be brought to an end, with honor satisfied on all sides? Well, suppose the women ...” (Sommerstein, 1973:178)

---

<sup>21</sup> Medeia was egter 'n spesiale geval wat goddelike sowel as menslike vergelding vrygespring het. Waar Klutaimnestra deur die noodlot ingehaal is en deur haar seun Orestes doodgemaak is vir die moord op Agamemnon (Orestes is ná 'n verhoor in die *Eumenides*, die laaste deel van die *Oresteia*-trilogie, vrygespreek van vergelding), is Medeia self nooit gestraf nie. Weens haar Kolkhiese afkoms van was sy nie onderworpe aan “beskaafde” Griekeland se konvensies en reëls nie (Hunter, 1996:944). Sy is dus meer vergelykbaar met die Amasone, 'n anomale groep wat buite die reëls van die beskawing en moraliteit optree.

Op mitologies-historiese terrein is daar 'n verdere sosiale groep wat byna die presiese teenpool van 'n Grieks-gedefinieerde polariteit is, naamlik die Amasone, vroue-krygers wat boonop ook barbaars is – vroulike weergawes van Herodotos se Skitiërs. Maar so on-Grieks soos wat die Skitiërs was, was die Amasone nog 'n stap verder verwyder. Herodotos (4.114) laat 'n Amasone die volgende aan 'n Skitiër sê:

“We and the women of your nation could never live together; our ways are too much at variance. We are riders; our business is with the bow and the spear, and *we know nothing of women's work [my kursivering]*; but in your country no woman has anything to do with such things – your women stay at home in their wagons occupied with feminine tasks, and never go out to hunt or for any other purpose.” (De Sélincourt, 1973:251)

Die Skitiese vroue kon net sowel Griekse vroue gewees het as dit nie was dat hulle in waens geleef het nie. In Herodotos se oë was die Skitiërs dus wel barbaars, maar hulle kon ten minste die korrekte geslagsrolle handhaaf.<sup>22</sup>

'n Laaste staaltjie van Herodotos (8.87-8) om die verwagte vroulike rol uit te beeld, is te vinde tydens die seegeveg by Salamis (480). Terwyl die Perse en Grieke geveg het, was 'n onderdaan-koningin van die Perse, Artemisia van Halikarnassos, se vlagskip op die punt om deur 'n Atheense skip gestamp te word. In 'n poging om dié skip te ontduik, stamp sy toe 'n Persiese skip. Die Atheense skip het omgedraai omdat hy gedink het dat haar skip aan sy kant was. Xerxes, wat die geveg dopgehou het, was baie beïndruk met haar (almal het aanvaar dat die skip wat sy gekelder het 'n Griekse skip was). Herodotos,

---

<sup>22</sup> Aristofanes maak in sy komedie *Lysistrata* van 'n Skitiese polisievrue (184) gebruik wanneer die Atheense vroue die eed swaar. Later (451), wanneer die mans probeer om die vroue tot bedaring te bring, bring die mans vier Skitiese boogskutters saam. Skitiërs was die polisiemag van Athene, en, as Aristoteles se “boogskutters” (τοξόται) as Skitiese boogskutters aanvaar word, was daar 1 600 Skitiese boogskutters met staatsfondse aangestel om die stad intern te beskerm (*Ath. Pol.* 24.3). Herodotos (4.117) verwys spesifiek na een van die Skitiese groepe of rasse, die Sauromatiërs, se geslagsrolle. Volgens hom is die Sauromatiërs afstammelingen van bogenoemde (Hdt. 4.114) Skitiese mans en Amasone-vroue. Die vroue het hul gewoontes behou en dit is daarom dat Sauromatiese vroue saam met die mans veg en 'n meisie nie kon trou voor sy nie 'n man doodgemaak het nie. Dus sou Herodotos aanvaar dat die res van die “standaard”-Skitiërs by hul korrekte geslagsrolle, soos in 4.114 genoem, sou hou.

oorspronklik afkomstig van Halikarnassos, was seker ekstra trots op die koningin toe hy die volgende skryf (8.88):

Xerxes' comment on what was told him is said to have been: "My men have turned into women, my women into men." (De Sélincourt, 1973:477).

Aan die een kant is dit 'n belediging vir die Persiese soldate wat so nutteloos is dat selfs (Griekse) vroue beter as hulle veg, maar verder bevestig dit die beeld van die ooste, waar die geslagsrolle omgeruil word en waar die mans van nature meer vroulik is. Wat wel moontlik teen sy gehoor se vooroordele sou kon indruis, was dat sy een van haar eie skepe gesink het om haar eie lewe te red (Cartledge, 1993:83).

Thoekudides, op sý beurt, was oortuig dat vroue (soos *bárbaroi*) nie onderwerpe is wat onder gesprek behoort te val nie. Die *politeía*, wat alle fasette van die openbare sektor, die *agora* en die slagveld, insluit, is nie 'n terrein waar vroue (behoort te) verkeer nie. *Bárbaroi* was vir Thoekudides net nie noemenswaardig nie. Maar vroue, veral Griekse vroue, het in die eerste plek geen bydraes tot die openbare lewe gelewer nie en dit sou boonop oneerbiedigheid teenoor hul manlike familie toon as daar staaltjies oor hulle vertel word (Cartledge, 1993:71; 2004:122). Bloot die verwerwing van enigets noemenswaardig deur 'n vrou sou die familie in die verleentheid bring. Byna asof hy sy houding regverdig, haal Thoekudides Perikles se begrafnistoespraak (430) aan waarin Perikles die familie van die slagoffers van die oorlog toespreek. Die toespraak self is lank en indrukwekkend (2.35-46), maar slegs die laaste paar sinne rig Perikles tot die vroue:

"Perhaps I should say a word or two on the duties of women to those among you who are now widowed. I can say all I have to say in a short word of advice. Your great glory is not to be inferior to what God has made you, and the greatest glory of a woman is to be least talked about by men, whether they are praising you or criticizing you." (Warner, 1972:151).

'n Respektabele vrou het dus nie vir Perikles en Thoekudides in die openbaar bestaan nie. Hierdie beleid was so belangrik dat 'n vrou se naam nie eens

tydens 'n hofspraak genoem sou word nie – selfs al is sy die beskuldigde; daar sou slegs na haar verwys word as so-en-so se vrou of dogter (Blundell, 2001:57).

Een vrou wat wel van hoë aansien was, maar wat nie skinder en gerugte kon vryspring nie, was, ironies genoeg, Perikles se eie tweede vrou Aspasia, 'n buitelandse vrou van Milete.<sup>23</sup> Perikles het in 450/1 'n wet voorgestel wat gestipuleer het dat slegs die nasate van Atheense inwoners mag erf (met die man wat die familienaam oordra tot sy manlike nageslag). Vroeër kon slegs manlike burgers erf, maar met die aanname dat ten minste die pa 'n Atheense burger was. Met ander woorde, die kind kon mettertyd burgerskap ontvang en erf, al was die ma 'n buitelandse, solank as wat die pa 'n plaaslike 'n burger is (Pomeroy, 1975:67). Dus is die pa die draer van die “burgerlike” geen terwyl die ma slegs 'n tydelike draer daarvan tot die geboorte van die kind is. Perikles se wet het nou bepaal dat ook die ma van Atheense afkoms moet wees indien die familienaam behou wil word. Maar in 430, kort nadat die plaag Athene getref het waarin Perikles se wettige seuns by sy vorige Atheense vrou gesterf het, het die Vergadering Perikles se onegte seun as eg erken sodat dié sy naam kon erf (Cartledge, 1993:72).

'n Verdere ontwikkeling tydens die langdurige oorlog met Sparta en die uitdunning van Atheense mans was die vergunning aan Atheense mans om tot twee vroue te hê. Dit was slegs 'n tydelike vergunning gedurende die Peloponnesiese Oorlog sodat die vele ongetroude vrouens en weduwees wat andersins geen kans sou kry om te trou nie, tog 'n kans kon kry om 'n nageslag te laat (Pomeroy, 1975:67). Kinders van 'n addisionele vrou (selfs 'n buitelandse vrou) sou, soos voor Perikles se wetgewing van 450/1, volwaardige burgerskap kon ontvang solank die pa 'n burger was.

Aristoteles was 'n wetenskaplike wat die natuur ondersoek en analiseer het, maar tog het hy in die slaggetrap om sosiale konvensies vanuit 'n wetenskaplike oogpunt te beredeneer, te bevestig en te verdedig. Hy reken dat

---

<sup>23</sup> Sien bv. Aristofanes se *Acharnia* (opgevoer in 425), 515 e.v. waarin die hoofkarakter, Dikaiopolis, beweer dat die oorlog teen Sparta ontstaan het omdat die Spartaanse bondgenoot, Megara, twee “gesellinne” wat aan Aspasia behoort, gesteel het. Aspasia was definitief invloedryk en kon as buitelandse vrou in die kollig beweeg waar Atheense aristokratiese vroue nie kon nie (Blundell, 2001:98-9). Volgens Plutargos (*Vit. Per.* 24) het sy 'n retoriekskool aangebied en selfs met Sokrates gesprekke gevoer.

elke lewende wese 'n mikpunt, 'n τέλος (lett. “einde” of “voltooiing”) het om na te streef. So is die mens die mees voltooide wese wat leef – indien nog nie perfek nie, dan ten minste nader aan perfeksie as enige ander wese (Cartledge, 1993:67). Maar dit is eintlik die manlike mens wat nagenoeg perfek is. Die vrou is bloot 'n onvoltooide of foutiewe man, afkomstig van die linkertestikel se saad, terwyl mans van die regtertestikel afkomstig is. Verder ontwikkel vroulike fetusse links in die baarmoeder en manlike fetusse regs. Cartledge (1993:67) se oordeel oor Aristoteles se pseudo-wetenskap is verdoemend:

... the old right-left hierarchical polarity again, almost wearisomely familiar from a wide range of otherwise utterly disparate societies. ... no amount of scientific instrumentation or exploration could have demonstrated these “laws of nature”. They are pure sexist ideology.

Verder is die man meer natuurlik geskik om te heers (in die huishouding en daarom ook in die staat) as die vrou, aangesien hy oor redenasievermoë (λογισμός) beskik wat sy nie het nie. Om te kan regeer, heers en lei, moet daar logiese denke wees sowel as die outoriteit om bevele te laat gehoorsaam. Die vrou het boonop van nature geen vaardigheid om outoriteit enigsins toe te pas nie (Cartledge, 1993:69).

... it was an essential part of the nature of women to be inferior, whether mentally or physically, to man, and therefore it was necessary for all women to be subordinate in practice to all men both in private and, *a fortiori*, in public (Cartledge, 2004:125).

Die primêre funksie van die vrou was eerstens om 'n nageslag vir die man te verskaf sodat die man se *oikos*, sy “familienaam”, nie uitsterf nie, en tweedens om die huishouding te administreer. Enige praktyke wat enigiets buiten die vervulling van bogenoemde twee behels, sou ongewens, onaanvaarbaar en selfs onwettig wees. Adellike vroue moes indien moontlik heeltemal daarvan weerhou word om buite die huis te verskyn. Amptenare is aangestel om die bewegings van vroue (sowel as kinders) dop te hou terwyl hul manlike familie politiek aktief is. Wanneer Aristoteles die posisie van sekere sosiale praktyke en die plek daarvan in die Atheense demokrasie bespreek, is hy van mening



dat hierdie amptenare, die *gunaikonomoi*, slegs funksioneel is in 'n aristokrasie en nie in 'n demokrasie nie (Powell, 1996:339):

...for how can one prevent the women of the poor from going outdoors?  
(Arist. *Pol.* 1300a 5-6; Reeve, 1998:130).

Ongelukkig moet die vroue van die armes tog uitgaan om die huishouding te help onderhou, hetsy met fisiese arbeid óf met klein besighede. Indien moontlik moes dit egter vermy word aangesien die enigste arbeid wat hulle kon verrig spesifiek met slawearbeid geassosieer is (Powell, 1996:341; Wiedemann, 1981:154).

Meisies was volgens wet reeds vanaf hul veertiende<sup>24</sup> jaar oud genoeg om te trou. Aristoteles het egter aanbeveel dat dit beter sou wees (uit 'n biologiese sowel as sosiaal-morele oogpunt) dat meisies eers op agtien jaar en mans op sewe en dertig jaar, of bietjie vroeër, behoort te trou<sup>25</sup> (*Pol.* 1335a 26-8). Hy aanvaar dat die eerste kind binne 'n jaar of twee van die huwelik gebore sou word en as die meisie dan nog te jonk is, sou sy moontlik te swak wees om die geboorte te oorleef, wat die kind ook in gevaar sou stel. Weens die noodsaak om so gou as moontlik na die huwelik kinders te begin verwek (Powell, 1996:351) moes die man later as die vrou trou sodat hy kans kon kry om finansiëel onafhanklik te wees teen die tyd dat hy trou. Indien sy eerste kind 'n meisie is sou hy in staat moes wees om vir haar 'n aantreklike bruidskat gereed te hê teen die tyd dat sy trou. 'n Ongetroude meisie, wat nie toegelaat is om uit te gaan nie, sou 'n las in haar ouerhuis wees totdat sy die huis verlaat om te trou en kinders te verwek. Die bruidskat wat saam met die bruid gaan, word dan in die man se besit gelaat en hy kon daarmee doen wat hy wou. Maar indien hy voor haar sterf of hulle skei, neem haar *kurios* (“voog”) beheer van die bruidskat oor totdat sy weer trou (Powell, 1996:347). Gewoonlik sou die

---

<sup>24</sup> Volgens Aristotles ([*Ath.Pol.*] 56.7) is dit die ouderdom van wanneer af 'n weeskind haar ouers se grond (wat tydelik deur die staat onderhou is) terugkry en sy formeel die status van ἐπίκληρος (erfgename) kry. Sy sou nou met die volgende manlike erfgenaam van haar pa moes trou sodat besit van die grond na dié oorgeplaas kon word. 'n Mens kan dus aanvaar dat dit volgens wet die “volwasse” of “oud-genoeg-om-te-trou”-ouderdom vir alle Atheense meisies was.

<sup>25</sup> Vrouens verloor hul vrugbaarheid op vyftig en mans op sewentig. 'n Egpaar, redeneer Aristoteles (1335a), moet daarom nie veel meer of minder as twintig jaar verskil in hul ouderdom hê nie.

besluit om te skei by die man lê (bv. indien die vrou nie kinders kan verwek nie), maar dit was moontlik vir die vrou se familie om, ongeag haar wense, namens haar 'n egskeiding te eis (bv. indien die man finansiële probleme het) (Blundell, 2001:54).

Liefde was nie 'n faktor wanneer 'n Atheense man en vrou trou nie: die doel van 'n troue was 'n geformaliseerde verbintenis tussen twee *oikoi* om 'n nageslag daar te stel wat die man se eie *oikos* moet voortdra en die eiendom moet erf (Blundell, 2001:47-8). 'n Meisie het in elk geval nie 'n sê gehad in die man van haar *kurios* se keuse nie (Blundell, 2001:29). Liefde was 'n toevallige bonus indien dit enigsins aanwesig was. Waar die vrou in die huis moes bly, kon die man daarenteen liefde op ander terreine soek. Dit was nie onwettig of onaanvaarbaar vir getroude mans om 'n verhouding met 'n ander vrou te hê nie; intendeel, die wet het sulke vroue beskerm en die mans verplig om hul minnaresse te onderhou. Die kern van die saak was egter dat dit onwettig was om so 'n verhouding met enige vrou te hê wat onder die beskerming van 'n Atheense burger (hetsy haar man, pa of *kurios*) val. Dit sluit dus elke respektable Atheense vrou uit. Die enigste vroue wat oorbly is slavinne, prostitute<sup>26</sup> en buitelanders (Blundell, 2001:55). In die geval van werklike egbreuk tussen 'n getroude vrou en 'n minnaar, was die vrou se man ten volle geregtig om die minnaar dood te maak as hy hulle op heterdaad betrap. Hy sou natuurlik sy daad in die hof moet kan verdedig indien die familie van die “tereggestelde” skuld ontken en 'n saak van manslagting aanhangig wou maak. As alternatief sou die minnaar 'n boete moes betaal waarop die veronregte man moes ooreenkom. Die vrou, interessant genoeg, sou net verplig wees om van die man te skei en sou voortsaan van enige openbare religieuse aktiwiteite verbied word (Blundell, 2001:56).

Hoe ryker die familie waarin die vrou getrou het, hoe minder kon die vrou doen of in die openbaar verskyn. Sy was egter nie heeltemal van die openbaar weggesteek nie: sy was die fokus van die gemeenskap tydens religieuse optogte, byvoorbeeld die Panathenaïese optog, haar troue en begrafnisse, maar

---

<sup>26</sup> Prostitute was gewoonlik ook slavinne. Daarbenewens was daar egter ook *hetairai* (hoëklas-prostitute of gesellinne) wat selfs vrygeborenes met Atheense ouers kon wees.

by enige ander geleentheid is daar van haar verwag om in die huis te bly en, indien moontlik, slawe te stuur om mark toe te gaan (Blundell, 2001:11, 33).

Dit was dus nie nodig om meisies aan opvoeding bloot te stel nie aangesien hulle dit nêrens sou kon gebruik nie. Verder was sy veronderstel om min te hê om te sê (Arist. *Pol.* 1260a 27-30):

Consequently we must take what the poet<sup>27</sup> says about a women as our guide in every case: “To a women silence is a crowning glory” – whereas this does not apply to a man (Reeve, 1998:24).

Indien mens in ag neem dat die vrou in die eerste plek nie buite die huis kon verskyn nie, dat sy nie enige bedryf behalwe die administrasie van die huishouding en van slawe kon beoefen nie,<sup>28</sup> dat sy geen deelname aan die *politeia* gehad nie, dat sy geen opvoeding ontvang het nie,<sup>29</sup> en dat daar ongeveer twintig jaar verskil tussen haar en haar man se ouderdomme was, sou die vrou in elk geval weinig gehad het om te sê. Haar stilte sou haar onderdanigheid aan haar man en haar eie beskeidenheid weerspieël.

Xenofoon (*Ec.* 7.6) was egter van mening dat meisies voor hul troue ten minste algemene praktiese vaardighede aangeleer moes word, soos die spin van wol, die maak van klere, voorbereiding van kos, en beheer uitoefen oor slawe. Hierdie vaardighede kon hulle dan as getroude vroue toepas en dan ook sommer ’n bietjie fisiese oefening in die proses kry wat hulle aantrekliker vir hul mans sou laat lyk (10.11).

In die volgende aanhaling (Xen. *Ec.* 3.12-3) speel Xenofoon duiwelsadvokaat wanneer hy ’n adellike vriend oor dié se vrou ondervra:

“Is there anyone to whom you commit more affairs of importance than you commit to your wife?”

---

<sup>27</sup> Soph. *Aj.* 293, heeltemal buite konteks aangehaal.

<sup>28</sup> Powell (1996:348-9) verwys na ’n Atheense wet wat gestipuleer het dat geen Atheense vrou ’n transaksie van meer as die waarde van een *medimnos* (25 kg) graan kon aangaan nie, dus ongeveer gelyk aan ’n arbeider se loon vir ’n paar dae se werk. Sien ook Blundell, 2001:41.

<sup>29</sup> Geletterdheid was nie ’n gegewe nie, maar wel aanbeveel solank dit met die administrasie van die huishouding kon help. Die algemene idee was egter om vroue van letterkunde te weerhou sodat hulle nie van hul huishoudelike werk afgelei kan word of oor onnodige goed klets nie (Powell, 1996:342).

“There is not.”

“Is there anyone with whom you talk less?”

“There are few or none, I confess.”

“And you married her when she was a mere child and had seen and heard almost nothing?”

“Certainly.”

“Then it would be far more surprising if she understood what she should say or do than if she made mistakes.”

Behalwe vir die laaste sin verteenwoordig bogenoemde aanhaling die norm en korrekte manier van doen ten opsigte van vroue, veral onder die adellikes.

#### 4.1.2 Spartaanse *gunaikokratia*

Ons het nou gesien wat die status van vroue in Athene was. In Sparta het die vrou effens meer regte gehad en kon hulle in die openbaar verskyn sonder om enigsins 'n verleentheid vir hul manlike familie te wees. Hierdie realiteit het natuurlik vir Aristoteles dwars in die krop gestee, wat gemaak het dat hy Sparta met die volgende veralgemening veroordeel het (*Pol.* 1269b 29-31):

... for all warlike men seem obsessed with sexual relations with either men or women. That is why the same happened to the Spartans, and why in the days of their hegemony, many things were managed by the women (Reeve, 1998:50).

Indien Aristoteles (384-322) slegs een generasie vroeër geskryf het, sou hy waarskynlik 'n heeltemal ander houding teenoor die Spartane ingeneem het. Soos ons egter reeds gesien het, verteenwoordig Aristoteles 'n ideologie waarin vroue 'n laer status as mans beklee. Daarom sal hy enige sisteem wat anders as dié ideologie werk, as foutief aanvaar. Dat die Spartane, wat wel meer regte as die gemiddelde stadstaat aan vroue toegeken het, kort na Aristoteles se geboorte vir die eerste keer finaal deur die Thebane verslaan is (371) en vir die res van die vierde eeu in obskuriteit verval het, het Aristoteles as die onvermydelike gevolg van 'n *gunaikokratiese* samelewing gesien. Maar indien hy Sparta se oorwinning in die Peloponnesiese Oorlog oor Athene ervaar het, sou hy myns insiens (vgl. Cartledge, 2004:166) 'n ander siening gehad het. Hy

sou waarskynlik dieselfde houding teenoor vroue gehad het, maar hy sou nie Spartaanse *gunaikokratia* vir enigiets verantwoordelik kon hou nie.

Ten spyte daarvan dat Sparta in Aristoteles se tyd van die internasionale verhoog verdwyn het, het die Spartane steeds getrou gehou by hul wette, tradisies en manier van lewe, soos deur Lukoergos gestipuleer. Daarom is Aristoteles se beskrywing (1269b 12 – 1270a 33), alhoewel krities, steeds handig om 'n beeld van Spartaanse vroue te kry.

Hy gee te kenne dat as gevolg van al die oorloë waarby die Spartaanse mans altyd betrokke was, die vroue alleen by die huis agtergebly het om die huis en erf te onderhou. Hy aanvaar dat al die buit wat die mans maak, reguit na die vroue gaan, wat na luuksheid streef. Spartaanse vroue kon in hul eie name erf, met die gevolg dat groot erwe wat meer soldate kon huisves in een familie of vrou se besit bly (Aristoteles (*Pol.* 1270a 23) reken dat, in sy tyd, tot twee vyfdes van Spartaanse grond aan die vroue behoort het). In vrede tyd het die mans hulself onder die wette van Lukoergos geplaas, maar Lukoergos self kon in sy leeftyd nie die vroue in toom hou nie, en daarom val hulle buite die wet en oorheers hulle hul mans (vgl. Cartledge, 2004:167).

Aristoteles was dus onder die indruk dat terwyl die mans Lukoergos se wette slaafs navolg, die vroue basies gedoen het wat hulle wou (*Pol.* 1269b 16-21):

So in all constitutions in which the position of the women is bad, half the city-state should be regarded as having no laws. And this is exactly what has happened in Sparta. For the legislator, wishing the whole city-state to have endurance, makes his wish evident where the men are concerned, but has been negligent in the case of women (Reeve, 1998:50).

Inderdaad, as ek weer Cartledge (1993:67) mag aanhaal:

They [*Aristoteles se “laws of nature”*] are pure sexist ideology.

Vroue is biologies defek en handhaaf 'n posisie benede mans, redeneer Aristoteles. In die res van Griekeland het mans genoeg beheer oor hul vroue om hulle op hul plek te hou. Spartaanse vroue het egter uit die staanspoor, toe Lukoergos sy wette opgestel het, rebelseid en ongedissiplineerdheid getoon

en geweier om die wette te aanvaar, en sedertdien 'n luuksueuse lewe gelei (*Pol.* 1269b; Cartledge, 2004:167). Inteendeel, in die werklikheid moes ook die Spartaanse meisies, soos die seuns, fisiese oefeninge doen om hul liggame fiks en sterk te hou, omdat, redeneer Xenofoon (*Lac.* 1.4), twee fisies fikse ouers natuurlike fikse nasate sal agterlaat. Aristoteles span hier bloot dieselfde tegniek in om aan te toon hoe “onnatuurlik” die Spartaanse samelewing is, deur te beklemtoon dat die geslagsrolle omgeruil is.

Die twee noemenswaardigste punte waar Spartaanse vrouens van dié van die res van Griekeland maar spesifiek Athene verskil het, is die volgende:

Spartaanse vroue kon in hul eie naam erf. Herodotos verwys byna in die verbygang hierna wanneer hy die pligte van die Spartaanse konings opnoem (6.57):

... if a girl inherits<sup>30</sup> her father's estate and has not been betrothed by him to anybody, the kings decide who has the right to marry her ... (De Sélincourt, 1954:342).

Aristoteles (*Pol.* 1270a 22-3) verwys krities spesifiek hierna:

Indeed, nearly two-fifths of all the [*Peloponnesian*] land belongs to the women, both because many become heiresses and because large dowries are given (Reeve, 1998:51).

Die tweede punt is dat daar in Sparta geen konsep van egbreuk was nie: “ontrouheid” is nie volgens hul ideologie en wet as verkeerd of immoreel gesien nie. Vroue kon deur hul mans aan ander mans “geleen” word om óf vir die ander man óf vir die ware eggenoot 'n wettige nasaat te laat (*Xen. Lac.* 1.6-8; *Plut. Vit. Lyc.* 15; Cartledge, 2004:169). Polubios (12.6b) voeg by dat veral broers meer geneig sou wees om dieselfde vrou te deel (Oliva, 1971:32). Die

---

<sup>30</sup> Lett. πατρούχος (παρθένος) (“houer van die vader se erfdeel”). Indien 'n man slegs een dogter agtergelaat het, sou sy in haar eie naam kon erf (dit is egter nog die konings se verantwoordelikheid om, namens haar pa, vir haar 'n man te kry). Cartledge (1993:81 en 2004:169) lê klem daarop dat sulke vroue in Athene ἐπίκληρος (“op die toegekende deel”) genoem word, m.a.w. die erfdeel word via die vrou afgegee tot die volgende erwer, gewoonlik haar eerste seun. 'n Ander weergawe (LSJ) lui dat die volgende man in die lyn (die afgestorwe man se broer of neef) geregtig of veronderstel was om met die *epiklēros* te trou. As die vrou egter reeds getroud was, kon sy verplig word om te skei om met die volgende bloedfamilie van die gestorwene te trou (Powell, 1996:349).

idee agter dié praktyk was eerstens die behoefte en plig om kinders te verwek, en tweedens, dat kinders primêr staatsbesittings was. Dit was die ouers se plig om vir die staat goeie en gesonde kinders beskikbaar te stel.

Verder was die gesinsgebaseerde opvoeding van die kinders (voordat hulle by die *agōgē* aansluit) 'n burgerlike diens: ouers kon hul kinders met ander ouers deel wat die onderhoud en dissiplinerings betref sodat enigiemand wat 'n gebrek in 'n kind se opvoeding sien, die kind daar en dan kan tereg wys en dissiplineer (Xen. *Lac.* 6.1-2). Maar ook alledaagse “gebruikersware” soos slawe, perde en jaghonde was, ten spyte daarvan dat dit privaat eiendom was, beskikbaar vir openbare gebruik (Xen. *Lac.* 6.3). Die bedoeling was dat gebruikersware algemeen beskikbaar moes wees, ook vir dié wat dit nie het. Die aanvaarde “ooreenkoms” was dat jy ander mense se besittings soos jou eie sou oppas, en hulle jou eiendom soos hul eie (Xen. *Lac.* 6.2). Binne 'n paradigma waarin ook burgers as utilitêre staatseiendom deur mekaar opgepas en benut word, is die konsep van egbreuk dus nie toepaslik nie. Dit kom daarop neer dat indien dit ter wille van mede-burgers en die staat is, dit aanvaarbaar is.

Daar was drie fases in die Spartaanse vrou se lewe, waaraan elkeen in 'n mindere of meerdere mate van die Atheense model verskil (Cartledge, 2004:172-4). Van geboorte tot troudag was die meisie 'n παρθένος, 'n jong (maagdelike) meisie, wat saam met die seuns gespeel het en later, sodra die seuns op sewe-jarige ouderdom by die barakke aangesluit het, by die huis gewerk het en deur die ma en Helote-huishulpe opgevoed is. Opvoeding was glad nie so eksklusief soos in die res van Griekeland nie. Verder moes die meisies ook, soos die seuns, aan die staatsgeborgde fiksheidsprogramme en kooruitvoerings deelneem, laasgenoemde tydens religieuse feeste of vierings, 'n praktyk wat uniek was in Griekeland. Later (vanaf die vyfde eeu) het die meisiekoor, soos die meeste fasette van die Spartaanse sosiale lewe, in 'n formele kompetisie (die *partheneion*) ontwikkel.

Wanneer 'n meisie trou, is sy 'n νύμφη (bruid), en direk daarna 'n γυνή ('n [getroude] vrou). Cartledge (2004:174-5) beklemtoon die semantiese verskil tussen *parthenos* en *gunē* deur te argumenteer dat daar wel teoreties *parthenoi* kon wees wat ouer as party *gunaikes* was – bloot omdat laasgenoemde vroeër


kon getrou het. 'n *Parthenos* het egter steeds, op grond van mindere eerbiedwaardigheid en status, 'n laer rang as 'n *gunē* beklee omdat dié nou kon begin om soldate vir Sparta te produseer.

'n Verdere probleem wat die res van Griekeland met Spartaanse vroue sou hê, verwoord Cartledge (2004:178) soos volg:

Apart from their shameful – or rather shameless – sexuality, what most transfixed outsiders' attention was the fact that they did not perform the absolutely standard Greek female role of weeping and wailing a death in the family.

Hy gaan voort deur Xenofoon (*Hist.* 6.4.16) se beskrywing aan te haal toe die nuus van Sparta se nederlaag by Leuktra (371) in Sparta bekend gemaak is:

... while they gave the names of all the dead to the relatives concerned, they told the women to bear their suffering in silence and to avoid any cries of lamentation. And on the following day you could see those whose relatives had been killed about in public looking bright and happy, while those whose relatives had been reported living, there were not many of them to be seen, and those who were to be seen were walking about looking gloomy and sorry for themselves (Warner, 1966:273).



Cartledge beweer dat hierdie houding die Spartaanse mentaliteit bepaal het. Ongeag wat gebeur, ongeag hoe groot die krisis, jy gaan voort en doen wat gedoen moet word ter wille van Sparta. Emosie speel nie 'n rol in die beskerming en uitbou van die staat nie. Ek wil self, aan die hand van Xenofoon (*Lac.* 9), byvoeg dat 'n eerbare dood in die Spartaanse ideologie veel meer wenslik is as 'n oneerbare lewe. Hy maak dit duidelik dat die lewe van 'n lafaard so ondraaglik is dat 'n soldaat veel eerder 'n sekere dood in die oë sal staar as om te vlug. Die vroue en familie van die oorlewendes het dus waarskynlik gedink: "Hoekom het *jy* bly leef as julle die geveg verloor het?" Die oorlewendes hoef nie noodwendig te gevlug het om te oorleef nie, maar dit is *hulle* wat die oneer van die geveg moet dra. Dié wat gesterf het, kon darem die oneer van 'n verlore stryd vryspring deur dapper te sterf.



Ek wil hierdie houding van die Spartaanse vroue vergelyk met 'n episode tussen Athene en Aigina (505). Herodotos vertel (5.87) dat Athene, na 'n onderonsie met die eiland Aigina, 'n paar oorlogskepe (volgens die Atheners was dit slegs een oorlogskip) op 'n strafekspedisie na Aigina gestuur het. Laasgenoemde het vroegtydig die hulp van Argos ingeroep, met die gevolg dat slegs een Atheense soldaat teruggekeer het.

... for when he reached Athens with the report of the disaster, the wives of the other men who had gone with him to Aegina, in grief and anger that he alone should have escaped, crowded round him and thrust the brooches, which they used for fastening their dresses, into his flesh, each one, as she struck, asking him where her husband was. So he perished ... (De Sélincourt, 1954:310).

Herodotos sê spesifiek dat die Atheners meer geskok was oor die heengaan van hierdie een soldaat as oor die verlies van al die ander soldate. Alhoewel dit nie die plek is om 'n oordeel oor die Spartaanse en die Atheense vroue se optredes te vel nie, kan ek net sê dat die Spartaanse vroue veel beter (of strenger) doelbewuste gedragsopvoeding ondergaan het, juis sodat hulle die staat bo hul persoonlike behoeftes en begeertes kon plaas. Leuktra (371) was die grootste nederlaag wat Sparta ooit gely het, met die grootste persentasie mannekrag wat op een slag gesneuwel het. Sparta se posisie op die internasionale verhoog is van hom ontnem. Tog gaan die vroue voort soos op die vorige dag. Niemand hoef vir hulle te sê wat hulle moet doen nie.

Die punt is dat soos hul mans, Spartaanse vroue met die implikasies van 'n Spartaanse lewe moes saamleef. Die doel van die vroue was, soos in al die ander Griekse state, om kinders te verwek, maar anders as in al die ander Griekse state het dit minder om kinders gegaan en meer om toekomstige soldate. Die ander Griekse state wou bloot 'n nageslag hê, maar Sparta wou Spartaanse soldate hê. Om goeie soldate te "teel" moes sowel die pa as die ma in 'n goeie fisiese toestand wees. Vandaar dat die meisies saam met die seuns fisiese opvoeding ontvang het. Maar die vrou is boonop erken as gelyke bydraer tot die toekomstige soldaat en kon daarom dieselfde regte as die man geniet, byvoorbeeld om in haar eie naam te erf, eiendom te besit en te bestuur

en om in die openbaar te verskyn – alles regte wat nie aan die Atheense vrou toegeken is nie.

### 4.1.3 Samevatting

Dit is maklik om te veralgemeen en die stelling te maak dat Atheense vroue geen regte gehad het nie. Vroue, getroud of ongetroud, het bitter min van die sosiale vryhede geniet wat hul Spartaanse susters gehad het. Hulle kon nie erf nie en kon slegs 'n minimum transaksies per dag uitvoer. Tog was vroue 'n waardevolle noodsaaklikheid vir die voortbestaan van die *polis* en die *oikos*. Hierdie inkorting van vroue se bewegings weerspieël in der waarheid hoe waardevol hulle geag is. Ongelukkig was hierdie waarde van vroue op hul utilitêre funksie gebaseer, naamlik die verwekking van 'n regmatige nageslag. 'n Mens kan dus veralgemeen deur te redeneer dat die hele proses om teling gegaan het: dit was die ouers se plig om die bes moontlike nageslag te verwek (Pomeroy, 1975:60).

Die meisie sou 'n ongeskonde reputasie moes hê: hoe minder sy in die openbare oog verskyn het (behalwe natuurlik vir religieuse aktiwiteite), hoe beter. Sy moes so onskuldig as moontlik grootgemaak word sodat 'n man van 'n goeie familie haar as 'n goeie eggenoot kan aanvaar wat nie 'n klad op sy reputasie en *oikos* kan bring nie. Natuurlik sou die bruidskat wat saam met die meisie gaan haar ouers en/of die *kurios* in staat stel om hul standarde hoër te stel en selfs 'n beter man vir die meisie te kies. Die kinders moes ten alle koste regmatig wees: indien 'n meisie verkrag of verlei word, was die man volgens wet verplig om van haar te skei. Interessant genoeg is 'n verkragter nie so swaar gestraf as 'n verleidster nie (Pomeroy, 1275:87), aangesien 'n verleidster lank in die man se huis kon deurgebring het, die getroude man se *oikos* en eer geringskat het en die heilige instelling van trou geminag het. Die vrou is egter steeds geskei en kon nooit weer trou nie.

Buiten die chauvinistiese houding wat met hierdie sosiale instelling saamgegaan het en waaraan onder andere Aristoteles uiting gee, was hierdie instelling daarop gemik om die vroue te beskerm, maar in die proses heeltemal van die samelewing, d.w.s. die *polis* en die *politeía*, af te sluit. Hulle

moes beskerm word om eerstens die *polis* se burgerlikes suiwer te hou, en tweedens om die man se *oikos* suiwer te hou.

In Sparta het die vroue veel meer vryhede geniet, onder andere om in die openbaar te verskyn, grond en eiendom te besit en om te erf. Die logiese rede was dat aangesien die mans permanent militêr aktief was, die onus op die vroue gerus het om die eiendom te onderhou.

Verder was die vroue veronderstel om fisies en emosioneel sterk te wees. Volgens hul wette moes meisies, soos seuns, fisiese oefeninge doen en aan atletiek deelneem sodat beide ouers kon bydra tot fisies sterker kinders (Xen. *Lac.* 1.4). Ook kon hulle nie soos dit die gewoonte in Griekeland was, rou of treur nie, selfs nie na 'n nasionale tragedie soos die Slag van Leuktra (371) nie, waarna die vroue van gesneuwelde soldate met hul koppe omhoog geloop het (Xen. *Hist.* 6.4.16).

Rasse- en burgerlike suiwerheid was natuurlik ook 'n gegewe, maar *oikos*-suiwerheid kon onderhandel word: vroue kon, met hul mans se toestemming, kinders by ander mans verwek, en mans kon ook, met hul vrouens se toestemming, kinders by ander vroue verwek. Die doelwit was om 'n goeie nageslag te verwek. Die nageslag was belangriker vir die staat Sparta as vir die spesifieke *oikos* waarin dit toevallig gebore is.

## 4.2 Nie-Griekse slawe en Helote

Volgens Aristoteles is die hoofdoelwit van enige stadstaat die strewe na vrye tyd. Vrye tyd beteken hoofsaaklik die afwesigheid van oorlog sowel as 'n selfonderhoudende ekonomie waarin mense nie soos slawe hoef te werk nie. Natuurlik is vrye tyd as sodanig gevaarlik, en die bestudering van filosofie is dan nodig (Arist. *Pol.* 1334a 22 e.v.):

Courage and endurance are required for work, philosophy for leisure, and temperance and justice for both, but particularly for peace and leisure. ... For they [*the inhabitants of the Isle of the Blessed*] will be in most need of philosophy, temperance, and justice the more they live at leisure amidst an abundance of such goods. It is evident, then, why a

city-state that is happy and good should share in these virtues (Reeve, 1998:218).

Die enigste manier om meer vrye tyd tot jou beskikking te hê is om slawe te besit om vir jou inkomste te genereer (Cartledge, 1993:120, 127). Dit bring ons terug na Aristoteles se ideale huishouding, naamlik die “monargistiese” huiseienaar wat oor slawe heers (*Pol.* 1255b). Die eienaar moet die slawe administreer terwyl die slawe die werk doen (1256a 11-2):

It is clear that household management is not the same as wealth acquisition, since the former uses resources, while the latter provides them ... (Reeve, 1998:13).

Aristoteles brei verder hierop uit deur daarop klem te lê dat die huishouding se natuurlike behoefte die bekom van voorrade (rykdom) is, terwyl die huiseienaar slegs oor die slawe moet heers (vir 'n vollediger analise, sien Cartledge, 1993:123). Die implisiete aanname is dus dat die eienaar self nie enige werk buiten die administrasie van die slawe moet verrig nie. Sodoende kan hy vrye tyd bekom om die hoër kultuur, naamlik politiek en filosofie (*Pol.* 1255b 36-7), te beoefen. Natuurlik is hierdie ideaal slegs haalbaar vir die aristokrasie; die middel-, en veral laer klasse, sou slegs die minimum slawe kon bekostig, wat nie genoeg sou wees om die hele huishouding se inkomste te genereer nie.

Slawerny is boonop as normaal beskou in die sin dat daar “natuurlike” meesters en “natuurlike” slawe is (*Pol.* 1252a 32-35):

For if something is capable of rational foresight, it is a natural leader and master, whereas whatever can use its body to labor is ruled and is a natural slave. That is why the same thing is beneficial for both master and slave (Reeve, 1998:2).

Met ander woorde, die meester kan nie self die werk doen wat gedoen moet word nie, en die slaaf besit nie die rasonele denke om self te besluit wat om te doen nie. Die twee het mekaar dus nodig. Dit spruit uit die ideologie dat mense in definitiewe kategorieë ingedeel moet word. 'n Persoon is óf manlik óf vroulik; daarom moet hy of sy ook van nature vry óf slaaf wees (Wiedemann, 1981:16).

In hierdie hoofstuk kyk ek eerstens na die houding ten opsigte van Atheense slawe. Een van Solon (*arkhōn* van 594/3) se eerste en belangrikste stukke wetgewing was dié wat die verkoop van Atheense burgers as slawe verbied het ([*Ath. Pol.*] 9.1). Dit was hoofsaaklik daarop gemik om die kleinboere te beskerm wie se grond stelselmatig deur die groot landhere opgeraap is. Indien 'n kleinboer te diep in die skuld verval het, was die krediteure by magte om hom as slaaf te verkoop en sy grond op te eis. Solon het hierdie praktyk beëindig aangesien hy gevoel het dat dit onaanvaarbaar was vir Atheners om mede-Atheners te besit.

#### 4.2.1 Atheense slawe as privaatbesittings

Slawe was, in Aristoteles se ideologie, 'n onontbeerlike faset van die funksionerende stadstaat. Daarom het hy die status van slawe in vergelyking met die ideale groep, naamlik vry Grieke, ondersoek. 'n Slaaf was uit-en-uit 'n stuk gereedskap, kennelik geanimeerd met 'n *psukhe* ('n “lewensasem”). 'n Stuk gereedskap se doel in die lewe is om deur 'n gebruiker wat kundig is ten opsigte van dié stuk gereedskap, gebruik te word om inkomste te genereer. 'n Slawe-eienaar, meestal sinoniem met 'n huiseienaar, is die gebruiker en die slaaf die gereedskap (*Arist. Pol.* 1253b-4a; Cartledge, 1993:123).

Slawerny was egter lank voor Aristoteles se tyd reeds diep in die Griekse ideologie gewortel. Weens die vele oorloë wat die onderskeie stadstate sedert die Heroïese Tydperk met mekaar gevoer het, was daar nooit 'n tekort aan slawe nie. Homeros (*Il.* 6.463) verwys reeds na δούλιον ἦμαρ (“die dag van slawerny”), wanneer Troje uiteindelik tot 'n val gaan kom en die vroue na die stede van die oorwinnaars weggevoer gaan word.

Soos ons reeds met die Griek-*bárbaros*-polariteit gesien het, het Aristoteles geredeneer dat daar iets soos “natuurlike” leiers of meesters en “natuurlike” onderdane of slawe is (*Pol.* 1327b 29-32). Dié houding was verteenwoordigend van die algemene Griekse ideologie sedert die Eerste Persiese Oorlog (490) en kom veral na vore in Aiskhulos se dramas *Persai* (472) en *Agamemnon* (458)<sup>31</sup>

---

<sup>31</sup> Wanneer Klutaimnestra met Cassandra, prinses en priesteres van Troje, praat, gee laasgenoemde voor dat sy nie Grieks verstaan nie (1040-68). Klutaimnestra vererg haarself en verkleineer Cassandra as 'n barbaar met 'n onbeskaafde taal (1050-2).

(McCoskey, 2001:40, 44-5). Slawerny en die vryheid wat dit vir die Griekse heersersklas gebring het, was vir die Grieke dus sinoniem met hul oorwinning en meerwaardigheid oor die *bárbaroi*-rasse (Cartledge, 1993:127). Daarom, selfs voor Aristoteles se analyses, was *bárbaroi*-slawe meer van 'n natuurlike gegewe en het dit heeltemal onnatuurlik geraak vir 'n Griekse burger om 'n mede-Griek as slaaf aan te hou, aangesien laasgenoemde 'n lid van die “superieure” Griekse volk was.

Interessant genoeg was die enkele ras (*genos*) wat veral as slawe gebruik is, die Trasiërs: 'n veglustige nasie wat persoonlike rykdom deur middel van oorloë insamel en geen gewetensbesware het om mekaar te verslaaf en te verkoop nie. Herodotos (5.6) gee interessante insigte in dié nasie wat die gevolglike verslawing deur Grieke heel “natuurlik” (d.w.s. normaal of aanvaarbaar) maak: Trasiëse ouers oefen geen beheer uit oor hul kinders nie – meisies kan omgang hê met wie hulle wil en wanneer hulle wil. Kinders word verkoop soos die ouers wil, en eers wanneer 'n man 'n vrou vir homself gekoop het, sal hy streng beheer oor haar, as sy eiendom, uitoefen. Ons sien reeds op welke vlakke die Trasiërs as inherent benede die Grieke geag is: behoorlike ouerskap ontbreek (en hulle is boonop poligaam); kinders, spesifiek meisies, word sedeloos groot; en hul optrede impliseer hul “natuurlike” (*kata fusin*) laer status as *genos* teenoor dié van die Grieke.

Die suidelike kus van Trasië en Masedonië was alreeds sedert die begin van die agste eeu deur veral die Euboïers (Khalkis en Eretria) gekoloniseer, met die gevolg dat die Griekse stede van vroeg reeds toegang tot dié mark gehad het (Buckley, 1996:37). Tussen die stigting van die Deliese Bond in 478 en die uitbreek van die Peloponnesiese Oorlog in 431 is alle Attiese en Ioniese bondgenote, sowel as hul kolonies, onder Atheense beheer gebring. Dit het meegebring dat Athene self reeds redelik vroeg in die vyfde eeu direkte toegang tot die kolonies aan die kus van Trasië en die Swart See gehad het. Die ander populêre slawe-volk was die Skitiërs, spesifiek hul boogskutters. Streng gesproke was dié boogskutters, wat as 'n informele polisiediens in Athene opgetree het, staatseiendom. Aristoteles (*Ath. Pol.* 24.3) vertel dat Athene vroeg in die 480's 'n wet deurgevoer het om alle “staatsamptenare” (bv. jurielede, die kavallerie, en hawe- en Akropoliswagte) uit die Deliese

skatpligtigheidsbydraes te onderhou. In sy lys poste noem hy die 1 600 τοξόται (boogskutters), waarskynlik van Skitiese oorsprong, wat onder andere onderhou moes word. Die Trasiiese slawe was egter meermale huishoudelike slawe (οἰκέται, lett. huisslawe, en περιόκοι, diegene wat om die huis, d.w.s. op die landerye, gewerk het) terwyl die Skitiërs meermale staatslawe was.

Alle slawe was nie ewe waardevol nie (Cartledge, 1996b:1415). Die waardevolste Atheense slawe (dié met die hoogste opvoeding of intelligensie) was diegene wat in openbare poste as administrateurs of klerke gedien het. Hulle kon nou wel nie volwaardige staatsdiensposte beklee nie, maar sou deur reeds-verkose of aangestelde amptenare aangestel word om die administrasie te hanteer wat saam met die pos kom. Die volgende vlak was slawe in die tegniese kunste en bedrywe, dit wil sê slawe wat deur ambagsmanne besit is. In die gevalle waar die slaaf nie net as handlanger aangestel is nie, moes hy waarskynlik meermale die hele bedryf self onderhou. So 'n slaaf het gewoonlik ook in die werkswinkel van die eienaar geleef aan wie die slaaf die profyt moes oorhandig (vandaar χωρὶς οἰκοῦντες – “dié wat apart woon”). Afhangende van hoe kundig die slaaf was, sou hy 'n redelik selfonderhoudende lewe kon voer met die inkomste wat hy vir homself kon neem (indien dit toegelaat is). Die volgende klas was die οἰκέται, die bediendes in en om die huis. Die περιόκοι moes spesifiek die landerye onderhou. As dit te groot was, kon addisionele *choris oikountes* van 'n slawekamp met oestyd gehuur word, en as dit klein genoeg was, kon dit deur die *oiketai* self onderhou word. Die laagste vlak vir enige slaaf was om in die myne te werk, waar 'n noodlottige ongeluk die enigste tydige verlossing was.

Wanneer noodtoestande dit vereis het, is slawe gewerf om die stadstaat te help beskerm. Thøekudides (3.73) vertel van die burgeroorlog in Kerkura (427), waartydens beide die demokrate en die oligarge die steun van die slawe aangevra het met die belofte van vryheid. Die meeste slawe het die demokrate ondersteun en die oligarge moes hulle tot huursoldate wend. Weens die demokrate se desperate posisie het ook die vroue aan die demokrate se kant as skermutselaars geveg. Cartledge (1993:72, maar ook 134) beklemtoon Thøekudides se misnoë met die demokrate dat hulle met slawe- en vroue-skermutselaars (laasgenoemde met dapperheid *para fusin*, d.w.s. teenstrydig

met hul natuur) geveg het terwyl die oligarge 'n konvensionele geveg met huursoldate probeer voer het:

The very conjunction of women and slaves, openly active in a public, civic context, was antinomian (Cartledge: 1993:72).

Naby die einde van die Peloponnesiese Oorlog is slawe op nog 'n meer ongewone wyse ingespan. Die rampspoedige Sisiliaanse Ekspedisie (415-413) het byna die laaste reserwes van die Atheense weermag uitgeput. Toe die Spartane, met finansiële steun van Persië, 'n vloot opgebou het om bondgenote van die blootgestelde Atheense ryk af te rokkel, was die Atheners verplig om nog een laaste poging aan te wend om hul ryk te beskerm. Xenofoon (1.6.24) vertel hoedat die Volksvergadering vir die bou van 110 skepe gestem het (Warner, 1966:41):

... and put aboard these ships all men of military age, slave or free. ... There were even many men who were entitled to serve in the cavalry who took part in this expedition.

Die Atheense vloot is nooit tevore deur slawe beman nie. Dié plig het die *thetes* (Solon se vierde klas, van wie die lede te arm was om die basiese hopliet-wapenrusting te kon bekostig) toegeval. Op dié manier kon selfs die armste lede van die samelewing help om die stadstaat te dien. Die konvensie was egter dat daar slegs van vryburgers en huursoldate gebruik gemaak is om die skepe te beman. Die gebruik van slawe (sowel as lede van die *Hippeis*-klas!) bevestig die desperate posisie waarin Athene was. Slawe is nie net met vrystelling (Ar. *Ran.* 193) omgekoop nie, maar ook met burgerskap (Ar. *Ran.* 693-4;<sup>32</sup> Barrett, 1966:221 n. 101). Een driebanker sou ongeveer 200 manne benodig om te onderhou (Cartledge, 1993:133). Athene se 110 skepe sou dus 'n addisionele minimum van 20 000 manne noodsaak, en veral na die noodlottige Sisiliaanse Ekspedisie was Athene se werfbare mannekrag reeds ver uitgedun. Slawe was nie vry nie en kon nie kies om te veg as hul eienaars dit nie toelaat nie. Slegs wanneer die vyand reeds in die stad is en die slaaf óf homself, óf sy eienaar en dié se familie wou beskerm, sou hy uit desperaatheid kon veg –

---

<sup>32</sup> Because it's disgraceful that those who fought just once at sea should suddenly be ... masters instead of slaves.



soos Thoeekudides (3.74) beskryf hoe die vroue van Kerkura in 427 vanaf huise se dakke as skermutselaars geveg het.

Die doel van die slawe was eerstens om die arbeidslas van burgers te verlig en tweedens om die inkomstevloei te verbeter. Welgestelde mense wat genoeg slawe kon bekostig kon al hul vrye tyd aan enige intellektuele aktiwiteite van hul keuse wy. Die doel van slawe was om die werk te doen. Slawe het dus nie die voorreg gehad om 'n stem te hê (d.w.s. oor hulself te praat of skryf) nie, en hulle was ook nie interessant genoeg om uitvoerig oor geskryf te word nie. Hulle was maar net daar en moes gebruik word.

Daar was verskillende tipes arbeid wat aanvaarbaar of onaanvaarbaar vir die Griekse burger was. Die kleinboer was vir lank die ruggraat van die gemiddelde Griekse stadstaat se ekonomie. Die plaaslewe was dus so deel van Atheense kultuur dat dit as benydenswaardig beskou is. Eers onder Solon (594) is daar buitelandse vakmanne in Athene ingevoer (Plut. *Vit. Sol.* 24.2) en hierdie groep was altyd onderskeibaar van die res van die bevolking omdat hulle nie boere was nie. In die 470's was daar drie prominente politieke groepe aanwesig in Athene, naamlik die *Paralioi* (dié wat aan die kus woon, d.w.s. die vakmanne), die *Pediakoi* (dié wat op die vlaktes woon, d.w.s. die groot landhere), en die *Huperakrioi* of *Diakrioi* (dié wat op die heuwels woon, d.w.s. die kleinboere) (Arist. [*Ath. Pol.*] 4.3). Dus was dit een vakman-party en twee plaas-partye; eersgenoemde verteenwoordig die nuweling vakmanne en laasgenoemde verteenwoordig die ou adellike en laer klasse. Dus is die vakmanne (*kheirotekhnai*: lett. "handewerkers"), wat nie self grond besit het nie, nie as volwaardige burgers aanvaar nie. Aristoteles het self nog in die middel van die vierde eeu gewonder of vakmanne burgers is of nie (*Pol.* 1277b 35). Herodotos (2.167) was van mening dat die volke waaroor hy skryf, meestal op vakmanne en handelaars neersien: van al die Grieke die Spartane die meeste en die Korintiërs die minste.

Cartledge (1993:149) verklaar die algemene negatiewe houding teenoor vakmanne:

However, if peasant agriculture *per se* escaped upper-class condescension, manual craftsmanship by contrast, no matter how

skilled, did not: partly because such skilled craftsmen ... were regularly slaves, their jobs were considered intrinsically incompatible with the freedom of the true citizen.

'n Plaaslewe, ongeag hoe veeleisend dit is, was 'n vryburger se lewe. Maar enige tegniese dienste is slawewerk, of dit deur vryburgers verrig word of nie.

Die verskillende terme vir slawe kan 'n interessante lig op hul status werp. Die mees algemene term was δούλος (lett. “gebondene”, daarom “slaaf”). 'n Ander algemene term was οἰκέτης (lett. “huishoudelike”, daarom “huisslaaf” of “bediende”). Wanneer daar na massas slawe verwys word (bv. landbewerkers, krygsgevangenes, of net as versamelnaam), word die term ἀνδράποδα (lett. “mensvoetiges”) gebruik. Cartledge (1993:136) is van mening dat dié term afgelei is van die algemene term vir beeste, naamlik *tetrapoda* (lett. “vierpotiges”). Die implikasie is dus dat slawe as groep net so gesig- en identiteitsloos soos 'n kudde beeste was.

Aristoteles (*Pol.* 1330a 25 e.v.) was van mening dat die ideale plaas deur gedweë slawe van verskillende herkoms bewerk moes word om produksie te vermeerder en die risiko van opstande te verminder. Wanneer leërs op mars was, veral teen *bárbaroi*, was daar onder andere *andrapodistai* (“slawehandelaars”) in die agterryers.

Dit was egter moreel onaanvaarbaar vir Grieke om mede-Grieke te verslaaf. Desondanks noem Herodotos (1.151) een geval waar vyf Lesbiese stede saam 'n sesde stad ingeneem het en die inwoners (mede-Aioliërs) verslaaf het deur die proses van *andrapodismos* (Cartledge, 1993:137). Solon het reeds in 594 die verslawing van Atheense burgers deur Atheense burgers verbied. Die enigste uitsondering was die reg van 'n meisie se *kurios* (haar pa of voog) om haar te verkoop as sy haar maagdelikheid voor haar troue verloor het (Pomeroy, 1975:57; Rabinowitz, 2001:58). Maar na die Eerste Persiese Oorlog het die “Griekse bewussyn” teenoor die *bárbaroi* die verslawing van Grieke deur mede-Grieke onaanvaarbaar gemaak. Die volgende toespraak (8.144), wat die Atheners gelewer het toe die Spartane hul lojaliteit bevraagteken het net voor Xerxes se inval in Griekeland, bevestig Herodotos se klem op *to Hellenikon* (De Sélincourt, 1954:498):

There are many compelling reasons against our doing so,<sup>33</sup> even if we wished: the first and greatest is the burning of the temples and images of our gods – now ashes and rubble. It is our bounden duty to avenge this desecration with all our might – not to clasp the hand that wrought it. Again, there is the Greek nation (*to Hēllēnikon*) – the community (*koina*) of blood and language, temples and ritual, and our common customs (*homotropa*); if Athens were to betray all this, it would not be well done.

In watter mate hierdie toespraak uit Herodotos se eie mond gekom het, is natuurlik oop vir spekulاسie. Die feit bly egter staan dat Grieke, hoe verskillend hul plaaslike gewoontes en oortuigings ook al was, mekaar as mede-Grieke erken en gerespekteer het. Met die *bárbaroi* op hul voorstoep het hulle hul verskille vir eers opsy gesit om as homogene nasie saam te staan.

Gedurende die Peloponnesiese Oorlog is die gemeenskaplike Griekse trots van die Persiese Oorloë op die agtergrond geskuif terwyl die Griekse stadstate teen mekaar geveg het. Thokudides noem twee gevalle (5.3 en 5.116) waar mede-Grieke verslaaf word. In beide gevalle word die oorblywende mans van militêre ouderdom óf vir die duur van die oorlog as krygsgevangenes aangehou óf summier doodgemaak, en slegs die vroue en kinders as slawe verkoop. Vroue en kinders is in die eerste plek makliker om te beheer, hulle is nie burgers (*politai*) nie, en vroue is van nature veronderstel om, soos die *bárbaroi*-slawe met wie hulle al vereenselwig is (Thuc. 3.73), onderdanig te wees. Ons sien ook in Aristoteles se teorie oor die huishouding die polariteite van vry teenoor slaaf, dominant teenoor onderdanig: op die eerste vlak is meester en slaaf, dan man en vrou, en, laaste, vader en kind (*Pol.* 1253b 6). Die meester, man en vader sou elke keer dieselfde persoon wees, en die slaaf, vrou en kind sou elke keer die onderdanige posisie teenoor hom inneem (sien ook Cartledge, 1993:145). Met ander woorde, die samelewing bestaan uit twee groepe: enersyds burgers (*politai*), die meesters, mans en vaders; en andersyds dié wat as teenoorgesteldes en nie-*politai* onderdanig teenoor hulle

---

<sup>33</sup> M.a.w. dat Athene Griekeland verraai en trou aan Persië sweer.

staan, naamlik die slawe, vroue en kinders. Aristoteles (*Pol.* 1252b 7) spel hierdie polariteit van vry Griek teenoor “natuurlik” verslaafde *bárbaros* uit:

That is why our poets say<sup>34</sup> “it is proper for Greeks to rule non-Greeks”, implying that non-Greek and slave are in nature the same (Reeve, 1998:2).

#### 4.2.2 Helote: die antitetiese Grieke in slawerny

What struck non-Spartans from at least the fifth century was, in the first instance, the sheer number of the Helots in comparison to the surprisingly small, and shrinking, master class. Secondarily, it was noted that the Helots were Greeks who, at least in the case of the Messenians, were being denied their legitimate political aspirations – political precisely because the Messenian Helots wished to become the polis of “the Messenians” (Cartledge, 1979:161).

Sparta was een van die min<sup>35</sup> antieke Griekse state wat van ’n tipe kastesistiem gebruik gemaak het. Dit is te onderskei van bv. Solon se Atheense klasse, waar dit moontlik was om op grond van ekonomiese voor- of agteruitgang die klassegrense oor te steek. Die Spartaanse sisteem was op herkoms (*genos*) gebaseer. Griekse slawe, soos reeds gesien, is gewoonlik in ’n groep uit hul geboorteland verwyder. Hulle is dan, gewoonlik in ’n vreemde land en stad, as besittings verkoop om tot die voordeel van hul nuwe eienaars gebruik te word. Slawe is dus van hul identiteit, hul nasionaliteit, agtergrond en bestaansreg ontnem om vir hul nuwe eienaars te leef en te werk. Verder was die meerderheid slawe privaatbesittings, gebonde aan een enkele persoon wat hul bestaansreg gekoop het. Middelklas-huishoudings (d.w.s. elke burger wat die hopliet-wapenrusting kon bekostig) sou daarna streef om ten minste een slaaf (*oiketēs*) aan te hou (Cartledge, 1993:141). Groter landhere sou meer

---

<sup>34</sup> Euripides (*IA.* 1400), waar Ifigenia haar ma Klutaimnestra oortuig dat sy gewillig is om geoffer te word sodat die Grieke vir Troje kan gaan inneem:

... it is right, mother, that Hellenes should rule barbarians, but not barbarians Hellenes, those being slaves, while these are free.

<sup>35</sup> Aristoteles (*Pol.* 1269a 36 e.v.) verwys spesifiek na Thessaliese *penestai* (lyfeienes), Spartaanse Helote en Kretaanse *perioikoi* as onderdanige volke (vgl. *Pol.* 1271b 29 e.v., 1272a 17f).

slawe (*oiketai*, *perioikoi* en *choris oikountes*) aanhou, wat die moontlikheid vir die onderskeie slawe sou bied om met gesinne te begin, maar met die aanname dat enige nasate<sup>36</sup> outomaties op dieselfde terme as die ouers aan die landheer sou behoort (Wiedemann, 1981:185).

Die Spartanse sisteem, aan die ander kant, het op herkoms berus: indien jy 'n afstammeling van die Messeense volk was wat teen 600<sup>37</sup> reeds onderwerp is, was jy 'n “krygsgevangene” en eiendom van die staat. Hierdie “krygsgevangenes” is Helote genoem, maar hul status was dié van die gewone *douloi*,<sup>38</sup> hul werk dieselfde as *oiketai*.<sup>39</sup> Thoekudides (1.101) het reeds gewet dat die Helote afstammeling was van die “antieke” Messeniërs, wat teen die einde van die Tweede (“Groot”) Messeense Oorlog verslaaf was. Antieke etimoloë het die term “Helote” na die dorp Helos in Lakonië probeer terugvoer (Cartledge, 1979:97); die feit dat dié spesifieke deel van Lakonië, geleë in die vrugbare Eurotas-vallei, 'n groot konsentrasie Helote gehuisves het, het dié siening versterk. Deesdae word daar aanvaar, soos Thoekudides reeds aangedui het, dat hulle krygsgevangenes was wat van Messenië gekom het en dat die term Ἑλλως nie van die pleknaam Ἑλλος afgelei is nie, maar van die aoristos-stam (ἐλ-) van αἰρέω (“om te verower”) (LSJ). Dié term is waarskynlik reeds op die oorspronklike Lakoniese krygsgevangenes (9de tot 8ste eeu) toegepas (Cartledge, 1973:97).

Cartledge (1973:96) is op grond van onder andere etimologiese argumente oortuig dat die Messeniërs se bloedlyn (saam met bv. die Akhaïers) direk teruggevoer kan word na Mukeense tye, omdat hul dialek (sover dit van Doriese Grieks onderskeibaar is) ooreenkomste toon met Mukeense Liniër B. Hoe dit ook al sy, teen die einde van die sewende eeu was die hele Lakonië en Messenië onder direkte Spartaanse beheer. Messeense Helote het egter tot aan

---

<sup>36</sup> Kinders wat in slawery gebore is was οἰκογενεῖς, lett. “huisgeborenes”, en was van 'n hoër status aangesien hulle as deel van die huisslawe (*oiketai*) gebore is en nie van buite af ingekoop is nie (Wiedemann, 1981:185-6).

<sup>37</sup> Die *terminus ante quem* vir die einde van die Tweede Messeense Oorlog. Teen die einde van dié oorlog het Sparta twee vyfdes van die hele Peloponnesos (Lakonië en Messenië) besit (Buckley, 1996:69-70).

<sup>38</sup> Soos gebruik in o.a. Thuc. 5.23; Xen. *Hell.* 7.1.13, *Lac. Pol.* 12.4.

<sup>39</sup> Soos gebruik in o.a. Xen. *Lac. Pol.* 6.3, 7.5.

die einde van Sparta se oorheersing in 371 'n nasionalistiese bewussyn gehad wat die Spartane nie van hulle kon ontnem nie, maar slegs kon probeer onderdruk. Lakoniese Helote was veel meer gedweë (of vroeër onderdruk en “gedenasionaliseer”) en was dus nie 'n faktor *per se* in Helote-opstande (wat gewoonlik deur Messeniërs begin is) nie.

Ná die onderskeie Messeense Oorloë is Messenië verdeel in 'n paar duisend *klēroi* (κλήρος: lett. “grond toegeken deur loting of oorerwing”). By die antieke skrywers was daar egter nie enige instemming oor die aantal *klēroi* selfs net in Lakonië nie (sien Cartledge, 1973:166-7 vir die verskillende getalle), maar die aanname by almal was dat dit een van Lukoergos se hervormings was met die oogmerk dat elke hopliet 'n erf sou hê om homself mee te onderhou. Cartledge (1973:168) onderskei verder tussen die “antieke *klēroi*”, waarskynlik in Lakonië gesetel en die eiendom van spesifiek die aristokrasie, en die “nuwe *klēroi*” van Messenië, waarskynlik toegeken aan die middelklas-soldate. Elke *klēros* sou ten minste een Helote-familie gehad het wat die grond bewoon en bewerk het en 'n vasgestelde deel van hul opbrengs aan die eienaar moes lewer.

Xenofon (*Hell.* 3.3.4-11) vertel van 'n beoogde staatsgreep waarin die hoofsaamewerder die numeriese verskille tussen die “vyand” (Spartaanse offisiere) en “medestryders” (Helote, vrymanne, laeklas-Spartane <sup>40</sup> en *perioikoi*) beskryf:

And in looking over the people who happened to be on the country estates belonging to the officer class, he [*die hoofsaamewerder wat tans aan die woord is*] would point out more, namely, the owner, as an “enemy”, but would find on each estate a great many “allies” (Warner, 1966:116).

Met die slag van Plataia het die Spartane 5 000<sup>41</sup> soldate gestuur, elkeen met sewe liggewapende soldate (Hdt. 9.10, 28, 29), dit wil sê 35 000 ekstra

---

<sup>40</sup> D.w.s. Spartane wat óf nie die inisiasie geslaag het nie óf nie aan die basiese vereistes van burgerskap kon voldoen nie (Xen. *Lac.* 10.7; Moore, 1986:69, 105).

<sup>41</sup> Dit sou ongeveer die normale twee derdes wees wat op 'n veldtog sou kon gaan (Thuc. 2.10; 3.15), terwyl 'n derde Lakonië oppas indien Damaratos se totale 8 000 burgers (Hdt. 7.234) letterlik opgeneem word (Cartledge, 1979:207-8).

liggewapendes. Herodotos verskaf vir ons hier die enigste numeriese verhouding tussen Spartane en Helote, maar in 'n militêre konteks klink 'n sewe-tot-een-verhouding onrealisties hoog. Twee oorwegings kan myns insiens hierdie verhouding beïnvloed: sou die Spartane soveel Helote-soldate van twyfelagtige lojaliteit op so 'n belangrike veldtog saamneem, of sou hulle dié agterlaat terwyl die oorgrote meerderheid Spartaanse soldate Lakonië verlaat? Sparta was altyd bang om te veel *Spartiatai*-soldate uit die land uit te neem, juis uit vrees dat die Helote in opstand kan kom terwyl hulle nie daar is nie. Cartledge (1973:175) is van mening dat hierdie sewe-tot-een-verhouding na die verhouding tussen alle Spartaanse mans en alle Helote-mans verwys, nie net oproepbare Helote nie. Daar sou steeds genoeg mans moes agterbly om te verhoed dat die landerye vir die duur van die veldtog agteruitgaan.

In ieder geval was daar veel meer onderdrukte Helote as Spartaanse hopliete. Thoeekudides (4.80) sê spesifiek:

...they [*die Spartane*] were so frightened of their [*die Helote se*] unyielding character and of their numbers that they had had recourse to the following plan (Warner, 1972:313).

Dié plan het, volgens Thoeekudides, behels dat die Spartane, toe die Peloponnesos deur die Atheners bedreig is, aangebied het om 2 000 van die dapperste Helote vry te stel sodat hulle vir Sparta op die slagveld kan dien.

Soon afterwards, however, the Spartans did away with them, and no one ever knew exactly how each of them was killed (Thuc. 4.80; Warner, 1972:313).

Die implikasie is duidelik: die 2 000 dapperste Helote sou die mees waarskynlike leiers van 'n opstand teen Sparta kon wees, veral aangesien Athene in hierdie stadium van die Oorlog (425) amper die oorhand gehad het. Dat die Helote in geheimsinnige omstandighede (waarskynlik in die nag, sien Hdt. 4.146) doodgemaak is, sou natuurlik die res van die Helote-samelewing meer vreesbevange gemaak het as 'n openbare teregstelling.

Thoeekudides (4.80) verklaar die rede vir die teregstellings:

Spartan policy with regard to the helots had always been based almost entirely on the idea of security (Warner, 1972:313).

Dit bring ons by die *krupteia*, die geheime “staatspolisie”-dienste wat jong Spartaanse seuns as deel van hul inisiasie moes verrig. Op die oog af het dit as ’n tipe kommando-opvoeding gedien: die seuns moes, gewapen met ’n dolk en met die minimum kos, ’n sekere tyd in die wildernis deurbring. Hulle moes self skuiling en kos soek. In die nag moes hulle enige Helote wat hulle op die pad sien, teregstel. Maar selfs in die dag sou hulle Helote, wat as potensieel gevaarlik geïdentifiseer is, somer in die landerye doodmaak (Plut. *Vit. Lyc.* 28). Die tipe Helote wat hulself as die dapperste sou voordoen, sou mees waarskynlik opstande teen Sparta kon lei, en dit was hierdie Helote wat die *krupteia* uit die Helote-samelewing wou verwyder. Tog het die Spartane se religieusheid hulle nie toegelaat om Helote links en regs te vermoor soos hulle wou nie. Maar hulle kon nietemin daarin slaag om rondom hierdie morele kwessie te kom deurdat die *Eforoi* jaarliks, sodra hulle hul pos aanvaar het, formeel oorlog teen die Helote verklaar het. Dit sou enige moord op enige Heloot deur enige Spartaan, ongeag die omstandighede, sanksioneer as ’n oorlogsdaad, dus sonder enige goddelike of menslike juridiese vergelding (Plut. *Vit. Lyc.* 28).

Tog moet daar onthou word dat Spartane nie somer na willekeur, met of sonder sanksionering, Helote kon teregstel nie. Indien te veel Helote op een slag tereggestel sou word, sou Sparta se ekonomie direk daaronder ly. Indien Herodotos (9.10 e.v.) se verhouding van 1:7 (d.w.s. 5 000 Spartaanse burgers teenoor 35 000 Helote) aanvaar word, sal elke Spartaan nie meer as drie Helote kon doodmaak voordat die Helote se getalle amper gehalveer is nie. Die Spartane se landerye sou eerste daaronder ly aangesien hul arbeidsmag uitgedun sou wees. Dit sou natuurlik verdere sosiale gevolge hê. Elke dienspligtige Spartaan moes, nadat hy sy inisiasie in die *agōgē* ondergaan het, sy dae saam met sy mede-dienspligtiges in ’n militêre kommune (*sussition* [Hdt. 1.65] of *feiditia* [Arist. *Pol.* 1271a 26]) deurbring. Elke lid moes per maand ’n minimum hoeveelheid kos, gelewer deur die feodale Helote, vanaf die huis saambring om saam met sy kamerade te eet. Dié etes was tipies Spartaans: garsprodukte (brood en/of sop), kaas, vye, en wyn om die dors te les (Cartledge,



1979:170). Wildsvleis sou 'n luukse aanvulling wees. Indien die Helote se getalle te drasties afneem, sou hulle nie die toegekende erwe ten volle kon bewerk nie, met die gevolg dat te veel Spartane nie meer die minimum kwota per maand kon lewer om hul burgerskap te behou nie (Buckley, 1996:79; Cartledge, 1973:165).

Verder is Helote ook uit gewoonte verneder: hulle is by geleentheid gedwing om hulself onkapabel te drink om as voorbeeld te dien vir Spartaanse jongmense oor die negatiewe effekte van drank;<sup>42</sup> hulle het openbare lyfstraf ontvang en moes growwe dierevel-klere dra as bevestiging van hul minderwaardige status (Plut. *Vit. Lyc.* 28; Cartledge, 1973:177).

Die Spartane het daarin geslaag om, tot hul eie voordeel, 'n homogene volk wat meer getalryk as hulle was, te verslaaf, hulle uit hul oorspronklike stede en dorpies te deporteer en op Spartaanse grond as pligarbeiders te laat werk. Die natuurlike gevolg was dus 'n permanente toestand van paranoia aan die Spartane se kant. Die rede daarvoor was, in Aristoteles (1269a 36) se woorde:

... the helots – always lying in wait, as it were, for their masters' misfortunes – attacked the Spartans (Reeve, 1998:49).

Plutargos (*Vit. Lyc.* 28) was egter vas oortuig dat die *krupteia* sulke massateregstellings onderneem het eers nadat Sparta in c. 465 deur 'n aardbewing getref is en die Helote *en masse* in opstand gekom het (Cartledge, 1979:176). Sedert die aardbewing was die Spartane op hul mees paranoïese en sou hulle met meer effektiwiteit en meedoënloosheid Helote teregstel soos hulle dit nodig geag het. Met ander woorde, die Spartane sou die Helote bly onderdruk, verneder en teregstel solank as wat die Helote moontlik weerstand kon bied.

Die Spartane was goed daarvan bewus dat die Helote, ten spyte van hul krygsgevangeneskap, 'n homogene Griekse volk was wie se verslawing nie die goedkeuring van die ander Griekse state sou wegdra nie. Die opstand van c.

---

<sup>42</sup> Oor die Spartane se houding t.o.v. drank, sien Xen. *Pol. Lac.* 1.3, maar spesifiek 5.4. In die eerste geval drink kinders (Xenofoon verwys spesifiek na meisies) glad nie, of bloot verdunde wyn. In die tweede geval (5.4) is die gebruik van drank as gewoonte (bv. tydens die kommunale etes) verbied. Wyn is slegs toegelaat om die dors te les, aangesien

... [wine] harms the body and fuddles the wits... (Moore, 1986:81).

465 was op so 'n groot skaal dat selfs twee van die Perioikiese stede saam met die Messeense Helote in opstand gekom het. Ironies genoeg was die Perioikoi die Spartane se eerste verdedigingslyn tussen hulself en die buiteland, maar omdat daar klaarblyklik so min Perioikiese stede in Messenië was, sou dié stede geen doel teen 'n massa-opstand dien nie (Cartledge, 1979:180; 2004:151). Kort tevore (481) het Sparta en Athene, met die stigting van die anti-Persiese Helleense Bond, onderneem om mekaar te help wanneer óf die een óf die ander se grondgebied deur 'n vyand betree word (Thuc. 5.23). Interessant genoeg was daar 'n verdere klousule met betrekking tot Sparta se Helote:

In case of a rising of the slaves,<sup>43</sup> the Athenians are to come to the aid of the Spartans with all their strength, according to their resources (Warner, 1972:362).

Sparta het toe inderdaad met die opstand vir Athene om hulp gevra en Athene het onder die pro-Spartaanse Kimon 'n groot mag van 4 000 soldate gestuur (Thuc. 1.102). Die Messeniërs het hulself in die ou fort van Ithome gaan ingrawe en die Spartane, onkundig in beleëringstegnieke, het spesifiek om dié rede hulp by die Atheners aangevra. Maar nadat die beleg reeds drie jaar geduur het, het die Spartane bang geraak dat die Atheners, as hoofkampvegters vir demokrasie, meer simpatiek met die Messeense vryheidsvegters sou raak en moontlik hul rebellie meer direk sou ondersteun:

The Spartans, failing to capture Ithome by assault, grew afraid of the enterprise and the unorthodoxy of the Athenians; they reflected, too, that they were of a different nationality and feared that, if they stayed on in the Peloponnese, they might listen to the people in Ithome and become sponsors of some revolutionary policy. So, while keeping the rest of their allies, they sent the Athenians home again, not saying openly what their suspicions were, but merely declaring that they had no further need of Athenian help (Thuc. 1.102; Warner, 1972:95).

Die Atheners het egter vinnig besef dat hulle gewantou word en was hoogs verontwaardig om die enigste van die bondgenote te wees om teruggestuur te

---

<sup>43</sup> Thoeekudides gebruik die woord *douleia* ("slaweklas"), in stede van *douloi* ("slawe"). Sien Cartledge, 1993:129.

word. Thoeukudides (1.102) sê spesifiek dat hulle met hul terugkoms die alliansie met Sparta beëindig het en 'n nuwe een met Sparta se aartsvyand Argos gesluit het terwyl Sparta weer een met Thessalië gesluit het. Die Spartane kon wel daarin slaag om die rebellie te beëindig, waarskynlik voor 460,<sup>44</sup> maar in elk geval betyds vir die uitbreek vir die sogenaamde Eerste Peloponnesiese Oorlog (460-445).

Griekse slawe was per definisie *bárbaroi*, nie mede-Griek nie. Cartledge (2004:152-3) verklaar die Atheners se reaksie op eerstehandse blootstelling aan Helote:

Yet even they [*die Atheners*] were citizens of a city that had by then lived under some form of democracy for almost half a century, and their surprise and shock at discovering that the Spartans' Helot 'slaves' were not barbarians but fellow Greeks with proud traditions of their own may well have been intense.

Die Spartaanse gebruik was om dwangbeiders te besit wat die handarbeid verrig. Dit sou, in Aristoteles se terme (*Pol.* 1334a 22 e.v.), die maksimum vrye tyd verskaf. Maar, om te verhoed dat dié manier van doen versteur word, word elke sekonde van dié vrye tyd gebruik om oor die pligarbeiders te waak (*Pol.* 1334b 1-5):

... they [*die Spartane*] train themselves only in the virtue that is useful for acquiring them [*d.w.s. "goods obtainable by this virtue"*], and ignore the virtue that is exercised in leisure ... (Reeve, 1998:219).

Die Spartane, soos bykans al die ander Griekse, het fisiese arbeid as benede hulself beskou. Herodotos (2.167) sê spesifiek dat die Spartane meer op handarbeiders (*kheirotekhnai*) neergesien het as enige ander Griekse staat. Die rede was dat terwyl die meeste Griekse stede wel die plaaslewe as lofwaardig beskou het, die Spartane hulself dit ontsê het. Hierdie aversie van die Spartane teenoor vakmanne en enige vorm van ekonomie is ook in hul wetgewing bevestig. Ter wille van klasse-eenvormigheid is Spartaanse burgers verbied om 'n vak te beoefen om daarmee geld te verdien (*Xen. Lac.* 7.2). Dit

---

<sup>44</sup> Die 10 jaar wat Thoeukudides (1.103) vermeld, is onwaarskynlik lank. Sien Warner, 1972:95 n. 20.

het eintlik meer daarmee te doen gehad dat finansiële rykdom as sodanig verbied is en as onprakties vir 'n *Spartiates* se lewe beskou is. Om te veralgemeen: die Perioikoi was die Spartane se vakmanne en die Helote hul landbewerkers (Cartledge, 1979:185). Aristoteles (*Rh.* 1.9.26) koppel die Spartane se werkskuheid aan hul haarmodes:

... in Lacedaemon it is noble to wear one's hair long, for it is the mark of a gentleman, the performance of any servile task being difficult for one whose hair is long.

Bogenoemde word bevestig deur Herodotos (7.208, 209), wat vertel van die Perse se verbasing, net voor die slag van Thermopulai, toe hulle sien dat die Spartane hul hare voor die geveg kam. Xenofoon (*Lac.* 11.3) verduidelik dat die lang hare van soldate veronderstel is om hulle langer en meer indrukwekkend te laat lyk.<sup>45</sup> Dit was dus algemeen vir die Spartaanse mans om hul hare lank te dra, 'n gewoonte wat veronderstel was om hulle ongeskik vir enige handarbeid te maak.

### 4.2.3 Samevatting

Die grootste en mees ooglopende verskil tussen Atheense slawe en Spartaanse Helote was die feit dat Athene deur die bank van nie-Griekse slawe gebruik gemaak het, terwyl die Spartane 'n Griekse nasie, die Messeniërs, formeel sedert 650-600 *en masse* verslaaf het en as slawe aangehou het (Cartledge, 1979:161). Die Spartane was natuurlik bewus daarvan dat ander Grieke, maar spesifiek die Atheners, hierdie stand van sake nie sou goedkeur nie, soos gesien tydens die Helote-rebellie van 465 (Thuc. 1.102): die Atheners het Sparta kom help, maar die Spartane het spoedig die Atheners begin wantrou en gevrees dat hulle simpatiek teenoor die Helote sou raak en hulle sou ondersteun. Om dit te voorkom, het Sparta sy verhouding met Athene versuur deur Kimon se hopliete sonder 'n formele rede weg te wys.

---

<sup>45</sup> Herodotos (1.82) vertel dat nadat Sparta vir Argos met die beslissing van die "Geveg van Kampioene" (545) verneder het, die Argeërs, wat tot dusver uit tradisie hul hare lank gedra het, dit kort begin dra het totdat hulle die grondgebied wat hulle verloor het kon terugkry, en dat die Spartane toe begin het om hul eie hare lank te dra.

Atheense slawe is hoofsaaklik van Trasië ingevoer, maar enige ander nie-Griekse slaaf, byvoorbeeld Skitiërs, was in orde. Hierdie slawe is van verskillende plekke oor verskillende tye ingevoer en verkoop, en 'n slaaf sou selde indien ooit met iemand in aanraking kon kom wat hy of sy vroeër geken het. Atheense slawe het dus geen gemene identiteit gehad wat hulle sou kon aanhits om as groep of klas in opstand te kom nie. In tye van nood sou hulle eerder vlug of selfs die familie in wie se diens hulle is, help beskerm (Thuc. 3.73). Die Atheense slaaf was egter altyd 'n nie-Griek en die assosiasie wat geskep is, was dat dit “natuurlik” was vir nie-Grieke om deur Grieke verslaaf te word (Arist. *Pol.* 1252a 32-35).

Die Spartane was egter meer pragmaties ten opsigte van die Helote: hulle het geweet dat die Helote sou rebelleer die oomblik wat hulle die geleentheid sou kry en hulle was daarom permanent op hulle hoede. Anders as enige ander slawe was die Helote 'n homogene groep met hul eie identiteit. Hulle het hul eie dorpies en gemeenskappe gehad en kon met mekaar kommunikeer. Boonop was daar veel meer Helote as Spartane in Lakonië en Messenië: Herodotos (9.10, 28, 29; maar sien ook Cartledge, 1973:175) was van mening dat met die Slag van Plataia (479) daar sewe Helote-knegte as liggewapendes was vir elke Spartaanse soldaat. Die Spartane het dus rede gehad om in 'n permanente toestand van paranoia te leef aangesien hulle deurgaans 'n Helote-opstand verwag het (Thuc. 1.80; Arist. *Pol.* 1269a 36). Dit was veral weens hierdie vrees vir die Helote dat die Spartane hul hele samelewing herontwerp het tot 'n permanente militêre stadstaat wat te enige tyd 'n Helote-opstand in die kiem kon smoor: elke Spartaan was permanent op militêre diens; hy kon geen praktyk buiten dié van militêre oefeninge en opleiding beoefen nie; die Helote moes deur die *krupteia* dopgehou en by tye uitgedun word. Verder moes die Helote natuurlik, soos van alle slawe verwag word, al die arbeid verrig.

### 4.3 Die Griekse weermag

Oorlogvoering is sedert die vroegste tye 'n integrale aspek van die mens se natuur. In hierdie deel bespreek ek eerstens die status, rol en ontwikkeling van oorlogvoering soos gesien in die konteks van die *politeía*. Sparta was die

enigste stadstaat wat 'n professionele infanterie-weermag op die been gebring het; nie een van die ander Griekse stadstate het soveel aandag aan hul eie weermag gegee nie. Die uitsondering was egter Athene wat, alhoewel relatief laat, die eerste professionele vloot in Griekeland gehuisves het. Die eerste deel van hierdie hoofstuk kyk ek dus na die Griekse standaard-model van oorlogvoering, maar met spesiale verwysing na die Atheense vloot. Die res van die hoofstuk handel spesifiek oor die Spartaanse model.

In Griekeland was oorlogvoering 'n oorwegend ongewensde realiteit wat wel ekonomiese en politieke voordele kon inhou. Dit was die meer aktiewe en dodelike aspek van die openbare lewe, terwyl die volksvergaderings in die *agora* die veiliger en meer verbale teenpool was; tog was die deelname aan beide hierdie afdelings vanaf die vroegste tye vir elke burger 'n gegewe reg wat uitgeoefen moes word. Aristoteles (*Pol.* 1297b 17-25) bied die volgende verklaring vir die mate waarin aktiewe deelname aan die staat se beskerming burgers se sosiale status sowel as hul posisie in die regering beïnvloed het:

... the first constitution (*politeía*) that arose among the Greeks after kingships also consisted of the defensive warriors. Initially, it consisted of the cavalymen (*hippeis*), since their strength and superiority in war lay in them. For a hoplite force is useless without organized formations, and experience in such things and organizations did not exist among the ancients. Hence their strength lay in their cavalry. But as city-states grew larger and those with hoplite weapons became a stronger force, more people came to participate in the constitution (Reeve, 1998:124).

Aristoteles stel hier twee belangrike punte: 1) die *politeía* bestaan uit die vegtersklas wat die stadstaat verdedig (*polemountes*: lett. “dié wat oorlog maak”), en 2) die eerste vegtersklas (d.w.s. lede wat deel het aan die konstitusie) na die koningskap was die *hippeis* (riddersklas).

Oor die eerste punt hoef daar nie te veel gesê te word nie: mans, as die vegters, was die enigste lede van die samelewing wat as burgers beskou is. Die res, naamlik slawe, vroue, en kinders, was nie burgers nie (*Arist. Pol.* 1253b 6; Cartledge, 1993:145). Mans, wat die stadstaat (*polis*) met hul eie lewens

verdedig, was met reg burgers (*politai*) wat aan die openbare politiek (*politeía*) deelgeneem het en dit in 'n hoë mate letterlik beliggaam het.

Aristoteles se tweede punt is egter meer kompleks: hy aanvaar dat slegs die vegtersklas op enige stadium deel aan die regering het, en dat, voor die koms van die hopliet-falanks, slegs die aristokrasie oorlogstuig (perde en wapenrusting) kon bekostig en daarom die stadstaat dus die beste kon verdedig. Die behoorlik gewapende aristokrasie verdedig die stadstaat dus die beste aangesien die laerklas-voetsoldate nog in wanorde en sonder effektiewe wapentuig geveg het – *daarom* was die aristokrasie (d.w.s. die oligargiese regerings na die konings) die beste in staat om die laer klasse te regeer. Eers met die koms van die hopliet-falanks, wat as eenheid veel meer effektief as enige kavallerie-aanval was, kon die voetsoldate-klas deel aan die regering (d.w.s. die demokratiese regerings wat party oligargieë vervang het) hê. Met ander woorde: effektiwiteit op die oorlogsveld het bepaal wié in die stadstaat 'n stem het in die konstitusie en regering van die staat.

In hierdie hoofstuk kyk ek primêr na die gemiddelde Griekse (maar spesifiek Atheense) weermag, wat hoofsaaklik uit hopliete bestaan het, maar as direkte teenpool vir die professionele Spartaanse infanteriemag gaan ek ook na die Atheense vloot kyk. Die hoofrede hoekom die Peloponnesiese Oorlog so lank geduur het was omdat Perikles die Atheners sover gekry het om Atheense grond in Attika prys te gee, om nooit die Spartaanse leër kop-aan-kop aan te durf nie, en om alle kapitaal in die vloot te belê om die Atheense see-ryk te onderhou. Die oorlog moes dus in 'n *impasse* van onbepaalde tyd omskep word: die Spartane kon nie die Atheense leërs verslaan óf die stad inval nie, want Sparta het geen beleëringskundigheid gehad nie (Thuc. 1.102) en die Atheense vloot kon, in die afwesigheid van 'n Spartaanse vloot, onverstoord die Atheense ryk onderhou. Hopliete was meer geïntegreer met die stadstaat as die vloot, om die eenvoudige rede dat hopliete uit die middelklas-burgers met stemreg bestaan het, en matrose uit armes en (aanvanklik) nie-stemgeregtigdes.

### 4.3.1 Atheense *hoplítai* en *triēreis*

Ons weet dat die wapentuig van die hopliet teen die einde van die agste eeu begin standaardiseer het en dat die falanks binne die volgende eeu reeds (c. 650) die gevegsnorm was (Buckley, 1996:50). Die een bron naas Homeros wat vir ons die beste leidrade gee aangaande die militêre ontwikkeling is die Spartaanse offisier<sup>46</sup> en digter Turtaios (middel sewende eeu). Sy werke was patrioties van aard en is geskryf gedurende 'n ramspoedige tydperk vir die Spartaanse staat, naamlik die Tweede Messeense Oorlog (c. 650-600). In sy digwerk gee hy ook raad aan die soldate hoe om hulself te gedra tydens 'n konflik met die vyand (West, 1996:1568):

Those who display the courage to go into close combat in the front line, standing side by side with each other, die in fewer numbers and save those behind. But when men tremble, the courage of all is destroyed (Tyrtaeus fr. 11. 8D 11-4 soos aangehaal in Buckley, 1993:50).

Dus was die falanks, indien nie in naam nie, ten minste as prototipe reeds gedurende die Tweede Messeense Oorlog aanwesig. Die belangrikste ontwikkeling wat die oorgang van wanordelike massas vegters na 'n geordende falanks-form<sup>47</sup> aandui is dié van die skild (Buckley, 1996:51; Lazenby, 1989:54-5) en die helm (Buckley, 1996:50; Lazenby, 1989:58). Aanvanklik is die skild (ongeveer 80 cm in deursnee, van hout gemaak en met metaal aan die buitekant bedek) aan 'n skouerband gedra en met 'n handvatsel (*ἀντιλαβή*) teen die rand beheer. Die hopliet-skilde het, in stede van die skouerband, 'n voorarm-band (*πόρπαξ*) in die middel van die skild gehad. Eersgenoemde skild was te onhandig (sodra die skild gelig word, moet die handvatsel na bo terwyl die res van die skild na onder draai) en het ook spanning op die gewrig geplaas. Maar met die armband in die middel van die skild en al die gewig bo teen die voorarm, het die soldaat veel meer beheer oor

---

<sup>46</sup> Aangesien die digwerk dit soms laat voorkom asof Turtaios die soldate reeds in slagorde toespreek, is daar die moontlikheid dat hy ten minste 'n offisier was (West, 1996:1568).

<sup>47</sup> In die enkelvoud (*Il.* 6.6) beteken dit “massa in noue formasie”, maar in die meervoud (*φάλαγγες*) (*Il.* 11.90, 19.158) verwys dit na die range van die weermag (LSJ s.v. *φάλαγξ*; Lazenby, 1996b:1152).



die skild gehad (die skild het nou vir die eerste keer 'n definitiewe bo- en onderkant gehad)<sup>48</sup> en kon dit ook swaarder en sterker gemaak word. Dit was ook hierdie skild, beter bekend as ἀσπίς en verkeerdelik ὄπλον genoem, wat sy naam aan die ὀπλίτης gegee het (Lazenby, 1989:57).



Die Korintiese helm, soos die skild, het teen 700 reeds op vase begin verskyn (Buckley, 1996:50). Die gebruik van hierdie helm, wat omtrent die hele kop en gesig bedek, sou heeltemal onprakties in 'n oop “bondel”-geveg wees aangesien die T-vormige gleuf vooraan die sig te veel beperk. Hierdie helm, saam met 'n swaarder skild, sou net prakties en doeltreffend in 'n falanks wees, wanneer soldate langs mekaar staan, met die vyand wat van voor kom, soos uitgebeeld op die sogenaamde “Chigi Vase” (sien bo).<sup>49</sup> Hierdie vaas is die

<sup>48</sup> Dit word bevestig deur die voorkoms van asimmetriese blasoene op skilde. Party stede se soldate het hul stad se simbool op hul skilde gedra (bv. die Λ van *Lakedaimonion* vir Spartane en Athena se uil vir Atheners) en geen soldaat sou 'n geveg binnegaan met sy stad se simbool onderstebo nie (Lazenby, 1989:57).

<sup>49</sup> Protokorintiese *olpe*, c. 650 v.C. Museo Nazionale de Villa Giulia, Rome. <http://classics.unc.edu/courses/clar049/Orient.html>

vroegste en beste uitbeelding van hopliet in hul konvensionele wapentuig of *panopla* (lett. *pan* alle, (*h*)*opla* toerusting / gereedskap / wapentuig, sien LSJ s.v. ὄπλον), naamlik die Korintiese helm, die skild,<sup>50</sup> borsharnas, beenskerms, en twee steekspiese (een in die regterhand en 'n ekstra een in die linker).

Die skild sou die primêre verdedigings- en die spies die primêre aanvals-*hoplon*<sup>51</sup> wees. Soos wat die *hopla* verbeter het, het die strukturering van die massas, die Homeriese *falanga* (*Il.* 6.6), meer georden, gedissiplineerd en effektief geraak. Met ander woorde, die behoefte om as eenheid saam in 'n bondel te veg was altyd daar, en die wapentuig het ontwikkel om dit te akkommodeer.

Die gebruik van die falanks sou spoedig die standaard Griekse gevegstrategie word, met (aanvanklik) min of selfs geen bystand van liggewapendes of kavallerie nie. Die falanks het bestaan uit 'n paar (gewoonlik agt maar soms meer) rye soldate. Met die slag van Leuktra (341), byvoorbeeld, het die Thebane 50 skilde diep gestaan (*Xen. Hell.* 6.4.12), maar dit was die enigste keer (vgl. *Thuc.* 4.93) dat die falanks meer as 25 skilde diep gestaan het. Die diepte van die falanks sou natuurlik ook die lengte daarvan (d.w.s. die aantal man per ry) bepaal het.

Die falanks se effektiwiteit was geleë in die kohesie en dissipline van die hopliete. Soos reeds genoem, was die skild en spies (2-2,5 m.) die kardinale wapentuig van die falanks (Lazenby, 1989:59). Mettertyd het die hopliete, die “swaar” infanterie, al hoe ligter geraak: die borsharnas is van brons tot leer tot linne, en moontlik selfs tot kaal bolyf, ligter gemaak (Lazenby, 1989:58). Die Korintiese helm het mettertyd ook deur verskillende ontwerpe ontwikkel en kon selfs ook heeltemal weggelaat word<sup>52</sup> (Lazenby, 1989:58). Die skild was

---

<sup>50</sup> Die *porpax* (voorarmband) is nou wel nie op die afbeelding sigbaar nie, maar ek sou aan die hand van Lazenby (1989:57) argumenteer dat asimmetriese blasoene (soos op die regterkantste falanks sigbaar) eers na die gebruik van die *porpax* gebruik is en dat die kunstenaar hierdie tipe skild met die *porpax* in gedagte gehad het sonder om dit eksplisiet in te teken. Sy fokuspunt was waarskynlik meer die gedissiplineerdheid van die falanks as die tegniese detail van die soldate se toerusting.

<sup>51</sup> Vir die betekenis van “toerusting” of “wapentuig”, sien LSJ s.v. ὄπλον.

<sup>52</sup> Thoekudides (4.34) noem dat die Spartane (ten minste in die geveg by Sfakteria, Pulos in 425) vilt-helms (*piloi*) gedra het. Lazenby (1989:58) noem die spekulatiewe

egter die een kardinale stuk toerusting wat die soldaat as hopliet geïdentifiseer het en wat, spesifiek vir die sewende- tot vierde-eeuse falanks, onontbeerlik was.

In 'n vaste geveg (in teenstelling met 'n hinderlaag of skermutseling) beweeg beide falankse nader aan mekaar tot net buite spiesgooi-afstand (tussen 100 en 200 m.) voordat hulle, op bevel van 'n aanvoerder, mekaar bestorm. Herodotos (6.112) vertel dat die Griekse soldate met die Slag van Marathon vir nie minder nie as agt stadia (ongeveer 1.6 km.) ver gehardloop het om by die Perse te kom. De Sélincourt (1954:362 n. 50) is egter van mening dat dit onwaarskynlik is dat die Griekse magte sover sou kon hardloop en steeds hul orde behou. Hy reken dat hulle die afstand eerder vinnig sou gemarsjeer het en, sê, die laaste 200 m. volspoed gehardloop het. Die oogmerk was om op die Perse toe te sak voordat hulle kans kon kry om hul boogskutters en kavallerie te gebruik (vgl. Lazenby, 1989:60, 73). Wat volg was die dawerende slag soos elke kant se eerste ry skilde mekaar tref en dan, indien beide magte se falankse nog stabiel genoeg was, die *ώθισμός*, die stoot-stamp-stryd, waar elke kant desperaat beur om die ander falanks van sy voete af te dryf. Dit is spesifiek hier waar die skild van kardinale belang is: die skild is wel elke soldaat se mees basiese implement vir beskerming, maar dit dien hoofsaaklik as die wapen waarmee en waarteen die soldate in die hitte van die stryd beur en dryf. Herodotos (7.225) gebruik spesifiek dié term waar hy die Spartane se verdediging van koning Leonidas se lyk by Thermopulai beskryf:

There was a bitter struggle (*ōthismós*) over the body of Leonidas; four times the Greeks drove the enemy off, and at last by their valour rescued it (De Sélincourt, 1954:445).

Later gee Thoeukudides (4.96) die volgende beskrywing van 'n geveg tussen Athene en Thebe by Delion (424):

But everywhere else the fighting was stubborn, with shield pressing against shield. ...

---

moontlikheid dat hierdie helms wel van brons kon gewees het maar dat dit in die vorm, of “snit”, van die vilt-kapsels sou wees en daarom die naam behou het.

... they [*die Thebane*] got the better of the Athenians, pushing them back step by step at first and keeping up their pressure. ...

... and with the Thebans pushing on and breaking through on the other [wing], the whole Athenian army took flight (Warner, 1954:322-3).

Xenofoon (*Hell.* 4.3) beskryf 'n geveg tussen Spartane en Thebane met die slag van Koroneia (394):

...he [*Agesilaos*] crashed into the Thebans front to front. So with shield pressed against shield they struggled, killed and were killed (Warner, 1966:155).

Ons kan aanvaar dat die eerste twee rye soldate van elke kant mekaar gedurende die *ōthismós* met hul spiese probeer bykom het. Aan die hand van kunswerke is die aanname dat soldate oor-arm, bo-oor die skilde, na die vyand se gesig, nek of skouers steek (Lazenby, 1989:59). Dit is weer eens hier waar die skild kardinaal is vir die kohesie van die falanks aangesien die grootte daarvan nie net beskerming vir die draer bied nie, maar ook vir die soldaat aan sy linkerkant. Deur die skild in sy linkerarm voor hom te hou, word slegs die linkerhelfte van die soldaat deur sy eie skild beskerm. Die linkerhelfte van die skild wat uitsteek, beskerm die regterhelfte van die soldaat aan sy linkerkant. Dus was 'n soldaat se veiligheid nie net afhanklik van sy eie dapperheid en dissipline nie, maar ook van dié van die soldaat aan sy regterkant.

By die slag van Thermopulai was daar uit die Spartaanse 300 slegs een oorlewende soldaat. Herodotos (7.229) vertel dat twee soldate elkeen 'n ooginfeksie opgedoen het en deur die Spartaanse koning Leonidas weggestuur is om te herstel. Nogtans het die een soldaat, Eurutos, sy Heloot beveel om hom in sy wapenrusting aan te trek en na die linies te neem, waar hy weldra saam met die res van die Spartane gesneuwel het. Die soldaat wat agtergebly het en weldra genees het, Aristodemos, wou vir hierdie skaamte en skande, dat hy nie ten minste ook kon probeer veg en saam met die 300 kon sneuwel nie, vergoed deur by die slag van Plataia met meer moed en waaghalsigheid te veg (Hdt. 9.71):

... the Spartans present decided that Aristodemus had, indeed, performed great deeds [*by Plataia*], but that he had done so merely to

retrieve his lost honor, rushing forward with the fury of a madman in his desire to be killed before his comrades' eyes ... (De Sélincourt, 1954:525).

Die Spartane, wat meer klem op dissipline as enige ander Griekse staat gelê het, was nie deur Aristodemos se selfmoordneigings beïndruk nie, aangesien hy waaghalsig en ongedissiplineerd geveg het en homself sowel as sy kamerade aan onnodige gevaar blootgestel het. In 'n falanks mag jy nie probeer om ter wille van eie eer te veg nie: die geveg is groter as jy self; dit sluit jou medesoldate in, soos Turtaios reeds in die sewende eeu gesê het:

Those who display the courage to go into close combat in the front line, standing side by side with each other, die in fewer numbers and save those behind. But when men tremble, the courage of all is destroyed (Tyrtaeus fr. 11 8D 11-4 soos aangehaal in Buckley, 1993:50).

Voordat huursoldate teen die einde van die vyfde eeu meer algemeen beskikbaar geraak het, was 'n stadstaat se hele weermag afhanklik van die aantal privaat-burgers wat die wapentuig (*panopla*) kon bekostig om in die falanks te kon staan. Burgers wat nie die *panopla* kon bekostig nie, moes maar tevrede wees om hul deel as skermutselaars of liggewapendes te doen. Geen stadstaat sou 'n drastiese afname in getalle van sy middelklas ekonomies kon oorleef nie, en daarom was die meeste gevegte tussen stadstate na een kragmeting verby. Die stadstaat wie se falanks eerste gebreek het, het die kragmeting by verstek verloor die oomblik dat sy falanks gebreek het en sy soldate op die vlug geslaan het. Geen stadstaat sou dus verlengde oorloë wat meer as 'n paar seisoene geduur het, kon bekostig nie. Verder is daar ook nie veel van taktiek gebruik gemaak nie – die falankse het op 'n oop stuk grond byeengekom en die uitslag is bepaal deur die *ōthismós*. Hier en daar was daar wel 'n bevelvoerder, soos Ifikrates of Epameinondas, wat die konvensie geïgnoreer het deur iets nuuts en beters te probeer. Maar omdat buitengewone taktiek nie volkome op *andreia* (manlikheid) berus het nie, was dit vir lank die uitsondering op die reël wanneer dit wel toegepas is. Die houding was dat dit vuilspel was om van spesiale taktieke gebruik te maak (Lazenby, 1989:63; vgl. Hdt. 6.77.2).

'n Ander belangrike vleuel van die Griekse weermag, was die vloot. Aanvanklik was die hoofdoel van enige vloot die vervoer van mense en produkte oor water. Soos 'n mens kan verwag, was dit die eerste groot seevarende stadstate, naamlik Korinte en Euboia, wat eerste en die meeste gekoloniseer het. Hierdie stadstate wou hul handelsroetes teen seerowers beskerm en die enigste manier om dit te doen was om soldate (as roeiers) saam op die roetes te stuur. Indien gevegte uitbreek het, sou dit op een van die skepe se dekke plaasgevind het en die wenner sou die vyand se skip, bemanning en goedere kon buit. Teen die einde van die agste eeu het die eerste tweebanker-skepe, die pentekonters en triakonters (25 en 30 roeiers per kant onderskeidelik), te voorskyn gekom (Morrison, 2000:25). Die doel was om meer roeiers toe te laat sonder om die skip te lank en, sodoende, struktureel swakker te maak. Deurdat die roeiers bo mekaar geplaas word, behou die skip steeds sy stewigheid. Die behoefte aan meer roeiers is natuurlik – die skip sal vinniger kan beweeg en meer goedere sal op een vaart vervoer kan word. Die ander natuurlike behoefte was om die skip as 'n stormram te gebruik. In 'n seeslag kan 'n aanvallende skip een van twee dinge doen: dit kan die ander skip se romp met sy boeg stamp en die skip so met een hou buite aksie stel, óf dit kan parallel met die vyandige skip vaar en die bemanning kan mekaar se skepe probeer boord en dit op die dek hand-tot-hand uitveg. In die eerste geval wil jy 'n vinnige maar tog stewige skip hê (geen dooie gewig soos te veel gewapende soldate nie) en in die tweede geval wil jy 'n breë genoeg skip hê om meer soldate te akkommodeer. Spoed is nie 'n faktor nie. Skeepsbouers moes hier 'n balans handhaaf aangesien beide situasies in 'n seeslag moontlik was en die skip struktureel daarop voorbereid moes wees (Morrison, 2000:28, 30, 46). Met hand-tot-hand gevegte was die verdere gevaar (buiten dié van gewond word of sneuwel) egter om in die water te val en te verdrink. Deur die vyandige skip met 'n stormram te stamp sou die skip met een hou op die regte plek buite aksie gestel kon word (Rodgers, 1964:4). Hierdie behoeftes, veral die gebruik van die stormram, is die beste aangespreek deur die ontwikkeling van die driebankers (τριήρης).<sup>53</sup>

---

<sup>53</sup> Dit is onduidelik presies hoe die ontwerp van die skip drie horisontale rye roeiers toegelaat het, aangesien, die gedokumenteerde gebruik van *pentēreis* (lett.

Die driebanker was teen die Argaïese Tydperk (650-500) reeds die standaard-wapen ter see, maar die stadige ekonomiese groei van dié tydperk het gemaak dat dit nie vinnig versprei het nie: driebankers benodig 'n standaard-bemanning van 200 burgers (Morrison, 2000:41). Die skepe het waarskynlik twee maste en seile gehad, maar slegs wanneer daar lang afstande afgelê moes word sou die skip van die wind gebruik maak. Ter wille van beweeglikheid sou die seil en mas voor gevegte afgehaal en gestoor word sodat daar net op die meer beheerbare roeiers staatgemaak kan word (Morrison, 2000:175; Rodgers, 1964:51). Wanneer 'n geveg naby sou plaasvind, is die maste agtergelaat. Die norm was om, soos met hopliet-gevegte, van burgers gebruik te maak, maar wanneer daar 'n tekort aan professionele roeiers was, sou opgeleide roeiers gehuur moes word. Later, gedurende tye van 'n algemene tekort aan mannekrag, sou slawe ook gebruik kon word (Xen. *Hell.* 1.6.24). Terwyl 'n hopliet homself uit sy eie sak kon bewapen, moes die hele stadstaat bydra tot die bou en onderhou van 'n driebanker. Op vierde-eeuse skeepslyste wat in die Peiraieus gevind is, kan daar gesien word dat uit die bemanning van 200 daar vir 170 roeispane,<sup>54</sup> 10 hopliete, 4 boogskutters en 16 matrose begroot is (Morrison, 2000:109-11, 113). Normaalweg sou die bemanning sonder betaling veg, maar op langdurige veldtogte moes die *stratēgos* of *naúarkhos* die bemanning uit staatsfondse vergoed. Intussen is die daaglikse vergoeding per skip uit die *triērarkhos* (die kaptein van 'n driebanker) se eie sak betaal sodat die bemanning, wanneer hulle aan land gaan, self hul eie kos kon gaan koop (Morrison, 2000:108, 119). Die gevolg was dat Athene, weens stadige ekonomiese groei, teen 494 slegs twintig nie-driebanker-skepe kon stuur om die Ioniërs se opstand teen die Perse te ondersteun. Hierdie afleiding word gemaak deurdat Herodotos (5.99.1) slegs die vyf driebankers van Eretria


---

“vyfbankers”) onwaarskynlik klink. Tensy die rye roeiers op 'n ander manier as bloot vyf roeiers bo mekaar geplaas is, sou die skip te groot en onbeheerbaar gewees het (Morrison, 2000:14-15). LSJ (s.v. τριήρης) reken drie mans per bank, elk met sy eie roeispaan. Uitbeeldings maak dit egter duidelik dat daar ten minste by driebankers drie identifiseerbare rye roeidekke was (Morrison, 2000:24).

<sup>54</sup> Elke roeier het sy persoonlike roeispaan en roeitoerusting gehad (Thuc. 2.93). Met 170 roeiers was daar dus 85 roeiers aan elke kant van die skip, met 27 by elkeen van die onderste twee vlakke en 31 op die boonste vlak (Morrison, 2000:136).

*triēreis* noem terwyl hy na die Atheners se se twintig skepe bloot as “*nēes*” verwys (Morrison, 2000:42).

Morrison (2000:198) se voorstelling van hoe die roeiers van ’n driebanker sou sit. Die plan is gebaseer op die rekonstruksie, *Olympias*, wat in 1987 te water gelaat is.



Hierdie agterstand wat Athene gehad het, is in 483/2 reggestel toe silwer by Laurion ontdek is en die stad ’n onverwagse bron van kapitaal ontvang het. Aanvanklik is daar beplan om die kapitaal onder die bevolking te verdeel, maar Themistokles (*arkhōn* in 493) het die stad oortuig om die kapitaal te gebruik om ’n vloot van 200 oorlogskepe te bou – aanvanklik vir die verwagte oorlog teen Aigina. Die Orakel het egter kort tevore ’n kommerwekkende voorspelling (Hdt. 7.140-1) aangaande die komende Persiese Oorlog en die verwoesting van Griekeland gemaak, maar met die enkele positiewe noot “... *the wooden wall only shall not fall ...*” (Hdt. 7.141.3; De Sélincourt, 1954:416). Themistokles kon daarin slaag om die Atheners te oortuig dat hierdie “houtmure” na ’n vloot verwys wat by Salamis (Hdt. 7.141.4, 143) die Perse sal verslaan. Die vloot wat hy vir die oorlog teen Aigina wou bou, sou dus ook gereed wees vir die Perse wanneer hulle kom. Onder die vaandel van die Helleense Bond (481) moes al die lidlande kapitaal of skepe stuur om te help om mekaar teen die Perse te verdedig. Nadat die Grieke die Perse finaal by Plataia (479) verslaan het, het die Griekse vloot, onder leiding van Athene, die Perse agternagesit tot by die Hellespontos. Die Peloponnesiese vloot, onder leiding van Sparta, het intussen teruggekeer aangesien hulle nie daarin



belanggestel het om hul grondgebied verder oos uit te brei nie. Athene het egter hierdie geleentheid gebruik om die Persiese vestings op die Hellespontos te beleër en self direkte beheer oor die Swart See handelsroetes te kry. Hierdie roetes sou die basis van Athene se toekomstige seegebaseerde ryk wees (Rodgers, 1964:103).


Driebankers is, soos die meeste ander skepe, nie te beweeglik nie en kan nie te komplekse maneuvres uitvoer nie. Daarby saam het die skepe genoeg spasie reg rondom nodig, eerstens vir die roeispane, en tweedens sodat die skepe mekaar nie per ongeluk stamp nie.<sup>55</sup> Dit in ag genome, is daar basies net twee maniere van aanval wat 'n afdeling skepe kan uitvoer: die *diéklous* en die *períplous*. Met die *diéklous* sal die skepe, in 'n ry langs mekaar, na die vyand roei en poog om deur die vyand se linies (wat waarskynlik op dieselfde manier opgestel is: in lyn langs mekaar) te breek (waartydens soveel moontlike vyandige skepe se roeispane hopelik deur die aanvallende skepe vernietig word) met die oogmerk om dan 'n *anastrofē* (lett: “omkeer” of “terugkeer”) uit te voer en die vyandige skepe van agter af aan te val. Met die *períplous* sal die ry skepe probeer om aan die een kant die vyand se ry te omvleuel, na binne te draai, en die skepe op die flank teen die romp te stamp (Morrison, 2000:43; Rodgers, 1964:10).

'n Goeie voorbeeld van *diéklous* het plaasgevind met die Slag van Salamis waar 'n gesamentlike Griekse vloot van ongeveer 380 skepe (Hdt. 8.48; Morrison, 2000:57) ongeveer 1 000 Persiese skepe aangedurf het (Morrison, 2000:57; Aesch. *Pers.* 324, 366). Die Persiese vloot was in vier afdelings van 250 skepe elk verdeel (danksy Themistokles wat die Perse valse inligting d.m.v. drosters en vlugteling gevoer het: Morrison, 2000:59): een om die westelike straat tussen die eiland Salamis en die vasteland te blokkeer, een om die suidelike kant van die eiland te patrolleer, en twee om die oostelike straat, waar die Griekse vloot gelê het, te blokkeer. Die oggend vroeg het die twee afdelings wat die oostelike straat blokkeer het stadig by die straat opgevaar, met die verwagting dat die bemanning van die Griekse vloot reeds gevlug het.

---

<sup>55</sup> Morrison (2000:59, 270) skat die romp van 'n gemiddelde driebanker se mates as  $\pm 40 \times 6$  m. Met roeispane weerskante uitgestrek sou die driebanker 'n breedte van ten minste 12 m in beslag neem.

Die Griekse skepe (wit, sien diagram hieronder) het egter volspoed op die Persiese skepe (grys) afgely; die regtervleuel het voortgeskiet (Fase 1), deur die Perse se linkervleuel gebreek en hul skepe van agteraf aangeval (Fase 2). Morrison (2000:59) is van mening dat ongeveer 80 skepe langs mekaar in die straat sou kon pas: dit beteken dat die Griekse regtervleuel van ten minste vyf rye deur die Persiese sewe rye gebreek het.



Die ander gevegstaktiek, dié van die *períplous*, word die beste geïllustreer in die Slag van Kunossema (411). Sedert Athene sy grond in Attika prysgegee het ter wille van 'n seeryk, was die stadstaat afhanklik van voorraad wat van oorsee ingevoer moes word. Na die mislukte Sisiliaanse Ekspedisie (415-413) het Athene 'n lang stryd ondergaan om sy bondgenote lojaal te hou en om sy voorraadlyne na die Swart See oop te hou. In 411 het die Spartane probeer om met 87 skepe die Hellespontos te blokkeer om die belangrikste voedingslyn tot Athene af te sny. Die Atheners het vanaf Samos 'n mag van 76 skepe gestuur om hierdie bedreiging die hoof te bied. Die seeslag het binne in die Hellespontos plaasgevind, met die Atheners teen die westelike kus en die Spartane teen die oostelike kus. Die Spartane het eers probeer om die Atheners te omsingel en hul middel na die land te forseer. Die Atheners se reaksie was om hul middel tydelik prys te gee en beide hul flanke te verleng (op hierdie stadium was hul lyn 20 km lank); dié van die Spartane om beide hul flanke te omvleuel ('n dubbel-*períplous*), die Spartane van agter aan te val en tot die redding van hul eie middel te kom (Morrison, 2000:82-3).

Beide hierdie twee seeslagte, Salamis en Kunossema, is klassieke voorbeelde van hoe 'n kleiner mag 'n groter mag bloot op grond van 'n beter taktiek kan oorwin. Dit bevestig net dat die bemanning van sekere skepe, hoofsaaklik driebankers, professionele roeiers moes wees. Sedert Themistokles die Atheense Volksvergadering oortuig het om hul nuutgevonde kapitaal in 'n vloot te belê, is die mannekrag van Athene onherroeplik in matrose en roeiers omskep. Natuurlik sou die hoër en middelklasse steeds oorwegend as hopliete dien, maar die laer klasse, die *thetes*, kon nou hul deel doen om die stadstaat te beskerm waar hulle dit nie vroeër kon bekostig nie. Tog het hierdie nuwe praktyk intense opleiding behels. Terwyl Sparta sy hopliete gedril het tot die beste infanterie in Griekeland, het Athene sy roeiers ook voltyds gedril (Rodgers, 1964:120, 127). Wanneer Perikles die Atheners gerusstel oor die oorlog wat volg, beklemtoon hy dat die Atheners se vloot meer effektief as die Spartane s'n is (Thuc. 1.142.9):

Seamanship ... is an art. It is not something that can be picked up and studied in one's spare time; indeed, it allows one no spare time for anything else (Warner, 1954:121).

As aanhanger van Themistokles se beleid, was Perikles ten gunste daarvan om die Atheners 'n seevarende volk te maak, selfs ten koste van hul hoplietweermag. 'n Muur is om Athene en die Peiraieus-hawe gebou en alle voorraad is van Athene se oorsese bondgenote ingeskeep. Die Spartane kon byvoorbeeld vir die eerste tien jaar van die Peloponnesiese Oorlog die Attiese platteland plunder, maar dit was nie genoeg om die Atheners na buite hul mure te lok nie (Rodgers, 1964:127). Die realiteit was egter dat 'n staatsgeborgde vloot duurder is om te onderhou as 'n hoplietweermag waar elke soldaat sy eie toerusing moet voorsien. Die gevolg was dat Athene voor die Oorlog reeds sy bondgenote van hom vervreem het om kapitaal uit hulle te kry om sy eie vloot te onderhou. Hierdie vervreemding het gelei tot imperialistiese neigings wat weldra die oorsaak van die Peloponnesiese Oorlog was.

### 4.3.2 Spartaanse professionalisme

Dit het vroeër geblyk dat die gebeure van die sewende eeu, spesifiek die Tweede Messeense Oorlog (c. 650-600), die Spartaanse staat soos wat ons dit ken, beslissend gevorm het. Na die Eerste Messeense Oorlog (735 – 715) het Sparta 'n effektiewe alternatief tot kolonisering, naamlik die anneksasie van buurgrond, ontdek. Met die impalming van Lakonië en die oostelike helfte van Messenië het hulle, buiten grond, 'n groot bron van arbeiders, naamlik Helote, bekom. Aangevuur deur hul suksesse val hulle die Argolis binne. Hulle word beslissend verslaan en die hele Messenië, met die ondersteuning van die naburige stede, maak van hierdie geleentheid gebruik om van die Spartaanse gevaar ontslae te raak. Enkele dekades later (c. 600) is Sparta egter in beheer van die suidelike twee vyfdes van die Peloponnesos, naamlik die hele Lakonië en Messenië.

Om hierdie groot area te kon beheer het Sparta die eerste professionele weermag in die klassieke wêreld opgebou om die Helote in toom te hou. Om slawe te gebruik as ekonomiese basis was vir Aristoteles (*Pol.* 1334a 22 e.v.) 'n gegewe vir 'n suksesvolle samelewing aangesien dit die geleentheid aan die hoër klasse bied om hulself met die kunste en letterkunde te verryk. Die Spartane het egter nie Aristoteles se teorie toegepas nie (*Arist. Pol.* 1334b 1-5):

... they [*die Spartane*] train themselves only in the virtue that is useful for acquiring them [*d.w.s. “goods obtainable by this virtue”*], and ignore the virtue that is exercised in leisure ... (Reeve, 1998:219).

Thoekudides (4.80) verskaf 'n rede vir die Spartane se wegskram van “*the virtue that is exercised in leisure*”:

...they [*die Spartane*] were so frightened of their [*die Helote se*] unyielding character and of their numbers... (Warner, 1972:313).

Aristoteles (1269a 36) sou later byvoeg:

... the helots – always lying in wait, as it were, for their masters' misfortunes – attacked the Spartans (Reeve, 1998:49).

Die verhouding tussen die Spartane en die Helote was 'n dodelike sirkel: die besit van slawe het vryheid van ekonomiese verpligtinge beteken, maar al die

tyd wat gewen is, is gebruik om die Helote in toom te hou. Boonop het die Tweede Messeense Oorlog, die opstand van die Helote en die steun van die naburige state aan die Helote vir Sparta verplig om te ontwikkel tot 'n militêre kamp wat doelgerig soldate oplei. Daar is geen bewyse dat enige ander Griekse staat soveel opleiding gekry het soos wat die Spartaanse staat van elkeen van sy burgers verwag het nie (Lazenby, 1989:69). In Perikles se begrafnistoespraak (Thuc. 2.39) sit hy die verskille tussen die gebruike van die Atheners en dié van die Spartane uiteen:

Our city is open to the world, and we have no periodical deportations in order to prevent people observing or finding out secrets which might be of military advantage to the enemy. This is because we rely, not on secret weapons, but on our own real courage and loyalty. There is a difference, too, in our educational systems. The Spartans, from their earliest boyhood, are submitted to the most laborious training in courage; we pass our lives without all these restrictions, and yet are just as ready to face the same dangers as they are. ... There are certain advantages, I think, in our way of meeting danger voluntarily, with an easy mind, instead of with laborious training, with natural rather than state-induced courage. We do not have to spend our time practising to meet sufferings which are still in the future; and when they are actually upon us we show ourselves just as brave as these others who are always in strict training (Warner, 1954:146).

Voordat ek hierdie aanhaling bespreek wil ek 'n paar aanhalings verskaf wat moontlik 'n ander lig op Perikles se toespraak mag werp. In die beleg op die eiland Pulos (425), waar 440 Spartaanse hopliete vir 12 weke deur die Atheners in 'n blokkade by Sfacteria vasgekeer is, was die Atheners te bang om die Spartane direk te konfronteer met hul eie oormag van 800 Atheense en 40 Messeense hopliete, 800 boogskutters, 800 peltaste, en 8 000 gewapende matrose op 70 skepe (Thuc. 4.32; Cartledge, 2004:34-5; Lazenby, 1989:76). In stede daarvan is die liggewapendes ingestuur om die Spartane aan beide flanke van 'n afstand te teister. Die Spartane kon dit naderhand nie meer uithou nie en het na 'n hoër posisie teruggetrek (Thuc. 4.34):

...and the light troops gained confidence from finding that their enemy was reacting more slowly to their attacks; they could see that they had many times the number of troops that the Spartans had and they had now become accustomed to the idea that the Spartans *were not quite so terrible as they had thought* [my kursivering], since their first experience of them had not been so dreadful as they had imagined it would be at the time when they had landed (Warner, 1954:286).

Uiteindelik was die Atheners selfversekerd genoeg om die hopliete in te stuur om die Spartane van agter af aan te val. Hulle het nie veel gevorder nie, maar toe die Atheense bevelvoerder vir die Spartane die opsie gee om oor te gee, hét hulle.<sup>56</sup> Thøekudides vertel verder (4.40):

This event [die oorgawe van die Spartane] caused much more surprise among the Hellenes than anything else that happened in the war. The general impression had been that Spartans would never surrender their arms whether because of hunger or any other form of compulsion ... (Warner, 1954:289).

Selfs nadat Sparta in die slag van Leuktra (371) verslaan is, het die verskyning van 'n Spartaanse leër steeds 'n leër van Argeërs en Arkadiërs in so 'n mate geïntimideer dat hulle op die vlug geslaan het. Dit is die sogenaamde “Traanlose Geveg” (368) genoem omdat geen Spartaan sy lewe verloor het nie (Xen. *Hell.* 7.1.32; Lazenby, 1989:63).

Die punt is dat die toespraak van Perikles, wat meen dat die Atheners se “natuurlike” dapperheid minstens net so effektief is as die Spartaanse “kunsmatige” dapperheid, eintlik vol hol bravade was. Die Griekse stadstate was definitief deur die Spartaanse weermag geïntimideer.

Ook Demaratos, verbanne koning van Sparta wat deur Kleomenes se vuilspel van sy geboortereg ontnem is en wat toe by die hof van Xerxes aangeklop het,

---

<sup>56</sup> Die oorgawe het gevolg eers nadat die Spartane gevra het dat die Atheners 'n Spartaanse boodskapper vanaf die vasteland moet laat oorkom om vir die Spartane te sê wat om te doen. Die boodskapper het laat weet dat Sparta hulle toelaat om te doen wat hulle wil, solank hulle nie Sparta in die skande steek nie. Selfs tóé het die oorblywendes nog eers die saak onder mekaar bespreek voordat hulle uiteindelik oorgegee het (Thuc. 4.38).

moes voor Xerxes van die kwaliteit van die Spartaanse soldate getuig (Hdt. 7.104):

So it is with the Spartans; fighting singly, they are as good as any, but fighting together they are the best soldiers in the world (De Sélincourt, 1954:405).

Dit is daarom dat die Spartane se opvoeding en opleiding op dissipline en respek gefokus het. Vir die eerste sewe jaar word kinders by die huis grootgemaak (soos oral in Griekeland), waarskynlik met of sonder die hulp van Helote-*oiketai* (Cartledge, 2004:69). Vanaf hul sewende verjaardag óf, soos Xenofoon (2.1) sê, van wanneer hulle oud genoeg is om te verstaan wat vir hulle gesê word, kry Atheense seuns 'n *paidogogos* en Spartaanse seuns 'n *paidonomos* (Xen. Lac. 2). Eersgenoemde was 'n opgevoede slaaf wat aangekoop of aangestel is om 'n kind se opvoeding te behartig en sy gedrag te monitor. Die *paidonomos*, daarenteen, was 'n eerbiedwaardige en gesiene Spartaanse burger in beheer van die hele *agōgē*. Dié persoon was dus, volgens Moore (1986:99), soortgelyk aan die inwonende hoof van 'n Britse privaatskool (public school). Die persoonlike opvoeding van die seuns was die verantwoordelikheid van die 20-30 jarige *eirenes* (lett. "jong mans")<sup>57</sup> wat in die barakke gewoon het. Hulle het groepe kinders onder hul beheer gehad aan wie hulle die basiese vereistes van dissipline, respek en oorlogvoering geleer het, en het oortredings ernstig gestraf (Moore, 1986:100). Dit was die eerste fase van die *agōgē*, die verpligte basiese opleidingskool waaraan alle Spartaanse seuns<sup>58</sup> moes deel hê indien hulle burgerskap wou ontvang.

Die tweede fase begin in hul twaalfde jaar wanneer elke seun aan 'n jong volwasse kryger toegeken word om as sy surrogaat-pa op te tree. Dié verhouding sou ook seksueel van aard wees, maar die hoofdoel was vir die

---

<sup>57</sup> Die Spartaanse *eirenes* is vergelykbaar met die Atheense *efēboi*: beide terme verwys na adolessente jong mans wat pas as burgers in die staat opgeneem is. In Athene word die *efēboi* deur hul onderskeie deme geregistreer om op die burger-lys te kom (Arist. [Ath.Pol.] 42.2).

<sup>58</sup> Blykbaar is die opvolger-seuns van konings van die *agōgē* vrygestel. Agesilaos was 'n uitsondering aangesien hy die *agōgē* voltooi het voordat hy as opvolger aangewys is (Moore, 1986:102). Die aanname is dat daar waarskynlik te veel druk op 'n opvolger sou wees met wie al die seuns sou wil kompeteer en dat Spartane nie sou wil sien dat hul toekomstige koning swak vaar nie (Moore, 1986:102).

seuns om persoonlike aandag, opleiding en opvoeding van die ouer krygers te ontvang, met wie hulle ook 'n dieper band van eer en respek sou hê (Xen. *Lac.* 2.12-14; Moore, 1986:101-2). Xenofoon (*Lac.* 2.13) vergelyk hierdie tipe verhoudings met dié tussen ouers en kinders en broers, en beklemtoon dat hierdie verhoudings nie uit fisiese begeerte spruit nie. Op agtien jaar word die *agōgē* afgehandel. Uit diegene wat dit voltooi het, kon die *paidonomos* toekomstige kandidate aanbeveel vir die hoër posisies in die Spartaanse samelewing, naamlik die *Hippeis*,<sup>59</sup> bevelvoerders van die onderskeie troepe-afdelings, en uiteindelik die *Gerousia*. Dit was hierdie elite-Spartane wat, kort na hul inisiëring in die *agōgē*, by die *krupteia* (die geheime staatspolisie) ingedeel is om die Helote dop te hou en tereg te stel volgens hul oordeel.

Die *agōgē* het gepaard gegaan met hewige en gereelde loesings: indien 'n seun uitgevang is dat hy gesteel het (wat aangemoedig is ingeval hul kos te min was: Xen. *Lac.* 2.6), is hy gestraf omdat hy “swak gesteel” het en uitgevang is. Indien die spesifieke *eirēn* nie 'n oefensessie van die seuns kon bywoon nie, is die naaste burger aangesê om oor die seuns toesig te hou, hul oefeninge of opleiding waar te neem en hulle na sy oordeel te straf (Xen. *Lac.* 2.10). Dit sou in die eerste plek meebring dat die seuns nie ledig is nie en, tweedens, dat hulle alle Spartaanse burgers, nie net hul amptelike opsigters nie, respekteer en gehoorsaam (vgl. Xen. *Lac.* 6: kinders, honde, perde en gereedskap was persoonlike eiendom maar kon deur die gemeenskap gebruik word asof hulle aan die gebruiker behoort). Kompetisie is sterk aangemoedig op alle moontlike terreine met die gevolg dat daar dikwels straatbakleiery uitbreek het wat enige omstander moes stopsit. Indien die kwaaddoeners nie gehoor gee nie, is hulle voor die *Eforoi* gebring wat hulle dan swaar laat straf het (Xen. *Lac.* 2.8, 10). Weereens gaan die oortreding nie daaroor dat hulle baklei het nie, maar dat hulle nie aan die burger gehoor gegee het nie.

Teen die tyd dat hulle die *agōgē* voltooi het, is hulle formeel εἰρηες, en kon hulle by 'n *sussition* ingesluit word om saam met die ouer krygers te leef, te

---

<sup>59</sup> Lett. “ridders”, maar hierdie groep was selde indien ooit te perd: hulle was die persoonlike lyfwag van die aktiewe koning op 'n veldtog. Hulle was 300 in getal en is gekies uit die eerste tien ouderdomsklasse (d.w.s. tussen 20- en 30-jarige ouderdom: Cartledge, 1973:256). Hulle was die elite van die elite (Cartledge, 1979:204; Moore, 1986:103).




oefen en te eet. Die idee was dat die verskillende ouderdomsklasse hulself voor die oueres en jongeres moes gedra en dat die jongeres steeds direk van die oueres kon leer (Xen. *Lac.* 5.1-6; Moore, 1986:105).

Die weermag is aanvanklik in drie kompanjies opgedeel, naamlik die oorspronklike drie Doriese stamme wat die Peloponnesos binnegedring het, die Hulleis, Dumanes, en Pamfulioi (Hammond, 1973:79). Hierdie stamme sou, soos by die Atheners, uitgebreide families (*genē*) gehad het waaruit die broederbonde (*fratriai*) opgebou is wat basies, op 'n informele vlak, verantwoordelik was vir die keuring vir burgerskap en werwing vir die weermag. Soos die Doriese invallers hulself tussen onderworpe volke, die Mukeense voorgangers, en naderhand Doriese *perioikoi*, bevind het, het hulle spoedig gesien hoedat so 'n ras- of stam-gebaseerde werwing onprakties tussen al die onderdrukte sou wees indien hulle 'n beter georganiseerde weermag op die been wil hou. Met die Hervorming is Spartaanse grond in vyf gelokaliseerde areas – gebaseer op die oorspronklike vyf dorpies wat die *polis* opgemaak het – verdeel. Hierdie vyf areas, of *ōbai*, se inwoners het nou elk hul eie stam gevorm en, soos met die Atheense stamme van Kleisthenes, was lidmaatskap aan dié stamme oorerflik, en kon lede naderhand in ander *ōbai* gaan woon maar steeds tot die aanvanklike *ōbai*-stam behoort (Hammond, 1973:80). 'n Volgende ontwikkeling was dat die weermag in vyf afdelings, of *lokhoi*, verdeel is, waarvan elke afdeling gekoppel was aan 'n *ōba* (ὠβά, mv. ὠβαί) en die ooreenstemmende stam.

Van al die Griekse state was Sparta die enigste wat tot en met laat in die vierde eeu verpligte militêre opleiding ondergaan het. Eers vir die Slag van Mantinea (418) het 'n duisend Argeër-soldate staatsopleiding ontvang (Thuc. 5.67.2); eers ná Leuktra (371) het die Boiotiërs begin om basiese militêre opleiding te ondergaan (Xen. *Hell.* 6.5.23). Xenofon (*Lac.* 11.8) vermeld verder dat die opleiding wat die Spartane ondergaan het te veeleisend vir ander Grieke was. Lazenby (1996a:980) verduidelik dat, aangesien die meerderheid hopliete uit die middelklas kom, hulle nie daarvan sou hou om slaafs bevele te gehoorsaam in driloefeninge nie. Dit was makliker om roeiers te laat oefen aangesien hulle alreeds van die laagste klasse was. In Sparta is dié probleem uitgeskakel deurdat die *agōgē* een van die eerste vereistes vir burgerskap was,

en daar deur die *agōgē* op dissipline en die gehoorsaam van bevele gekonsentreer is. Ook persoonlike rykdom en ambisie is uitgeskakel, sodat daar geen klasse-onderskeid was nie behalwe dié tussen burger en nie-burger (Xen. *Lac.* 7.2).

Xenofoon noem twee spesifieke militêre bewegings wat die Spartaanse leër uitgevoer het, die *anastrofē* ('n kolonne van 'n paar man breed breek van die falanks se flank(e) weg en val agter die falanks in om die diepte te verdubbel, *Hell.* 6.5.18-9) en die *ekseligmos* (die “teen-marsjeer”, *Lac.* 11.8, *Hell.* 4.3.18). Die volgende diagram (gebaseer op Lazenby, 1989:64), beeld die *ekseligmos* uit soos toegepas deur 'n falanks van agt skilde diep en vier man per ry breed. Let op die posisies van regs-voor (★) en regs-agter (☆) voor (Fase 1) en ná (Fase 3) die beweging. Die falanks wat na bo marsjeer kom tot stilstand, en elke man draai na regs (Fase 1). Elke kolom beweeg 'n tree uitmekaar en die voorste soldaat in elke kolom marsjeer tussen sy kolom en die kolom aan sy regterkant na agter, gevolg deur die res van sy eie kolom (Fase 2). Sodra elke kolom na onder kyk beweeg die kolomme na mekaar om die gaping te vul en is die falanks in posisie (Fase 3).



Wat indrukwekkend is, is dat die Spartaanse leër sulke bewegings (bogenoemde is maar net twee waarvan ons weet) kon uitvoer terwyl hulle

onder druk van 'n aanval was. Dit is moontlik gemaak deurdat die Spartane waarskynlik die eerste Griekse staat was wat hul leërs in kleiner beheerbare eenhede ingedeel het, elkeen met sy eie offisier. Die kleinste eenheid was die *enomotia*, met 'n totaal van 40 man.<sup>60</sup> Dan was daar twee *enomotiai* in 'n *pentekostus* (80 man), agt *pentekostues* in 'n *lokhos* (640 man), en twee *lokhoi* in 'n *mora* (1 280 man) (Lazenby, 1989:64). Verder was daar ses *morai*, elkeen onder beheer van 'n *polemarkhos*, en almal saam was onder beheer van die koning (Lazenby, 1989:63). Hierdie indeling was nie rigied nie: Thokudides (5.68) beskryf 'n formasie van sewe *lokhoi*, elk met vier *pentekostues*, elk met vier *enomotiai* waarvan elkeen uit 'n gemiddeld van 32 soldate (8 rye skilde by 4 man per ry per *enomotia*) sou bestaan vir 'n groottotaal van 3 584 man. Bevele is van offisier na offisier oorgedra, met die gevolg dat bewegings stiptelik en sonder verwarring uitgevoer kon word.

In die algemeen was die Grieke nie stratege nie. In Athene is generaals (*stratēgoi*) en bevelvoerders uit die hoër klasse verkies om troepe van laer klasse te lei, maar dit was slegs by uitsondering individuele bevelvoerders wat die vyand doelbewus met 'n goeie strategie sou verneder het (Lazenby, 1989:80). Dieselfde het vir die Spartane gegeld, wat selde iets anders as die gewone falanks-teenoor-falanks-formasie gebruik het. Ook is daar relatief min van liggewapende soldate gebruik gemaak om die eenvoudige rede dat hulle van die laagste klasse was wat nie die wapentuig kon bekostig nie. Dit was dus 'n sosiale belediging om liggewapendes te gebruik in stede van middelklas-hopliete. Party gevegte<sup>61</sup> het al getoon hoe magteloos 'n afdeling hopliete is wanneer hulle deur onbereikbare skermutselaars geteister word. Die Spartane het egter 'n tegniek uitgewerk om dit teen te werk, en dit was om die jonger en vinniger soldate op een slag op die skermutselaars te laat afstorm om te hulle in te haal en af te maai (Thuc. 4.125; Xen. *Hell.* 4.6.9; Lazenby, 1989:75). Dié


---

<sup>60</sup> Op volle sterkte het dit een man van elke ouderdomsgroep (20-59 jaar) bevat; andersins slegs 35 as die laaste vyf klasse van 55-59 nie opgeroep is nie. Dan is die totaal 1 120 man per *mora*.

<sup>61</sup> Die beste voorbeeld is waarskynlik die geveg by Pulos, Sfakteria (425), waar 440 Spartaanse hopliete deur liggewapendes vasgekeer en geteister is totdat hulle oorgegee het (Thuc. 4.32-40). Ook toe die Sisiliaanse Ekspedisie misluk het (413), is die Atheense infanterie konstant deur die skermutselaars lastig geval en uiteindelik vasgekeer (Thuc. 7.81, 83).

strategie was nou wel nie altyd suksesvol nie (Xen. *Hell.* 4.5.16), maar dit was die beste oplossing wat die Spartane teen skermutselaars gehad het.

Soms kon die Spartane ook ander taktieke in 'n geveg gebruik om die geveg in hul guns te laat draai. In enige falanks-geveg is die natuurlike behoefte van elke soldaat om nader aan sy buurman se skild te neig vir meer beskerming. Die gevolg was dus dat beide falankse in die meeste gevegte na hul regterkant neig. Die slag van Mantinea (418) illustreer hoe die Spartane hierdie natuurlike neiging tot hul voordeel kon gebruik (Thuc. 5.63-75): beide falankse oorvleuel na hul onderskeie regterkante (Fase 1) maar die Spartane (grys) het aanhou aanbeweeg en die vyand ('n mag saamgestel uit plaaslike Mantineërs, Argeërs en Atheners - wit) se linkerflank heeltemal oorvleuel, waarna hulle uiteindelik hul eie falanks laat omdraai het (Fase 2) om die onverdedigde linkerflank van die vyand te oorrompel (diagram gebaseer op Lazenby, 1989:68).



Eers nadat Ifikrates se militêre hervormings in die laat vyfde en begin vierde eeu begin posvat het (veral onder Philippos II van Masedonië), het die ligter gewapende soldate stelselmatig die swaarder hopliete vervang. Ifikrates was egter nie die eerste wat die potensiaal van die liggewapende soldate raakgesien het nie; dié eer het die Spartaan Brasidas toegekom (Lazenby, 1989:77). Thoekudides (4.125) vertel hoedat Brasidas, vasgekeer in 'n hinderlaag, sy eie liggewapende soldate agter sy hopliete laat plek inneem het

sodat eersgenoemde van agter die beskerming van die hopliete kon aanval. Verder was Brasidas ook die eerste persoon wat teen 424 Helote uit staatsfondse bewapen het om as hopliete te veg; uiteindelik het hy hulle vrygestel as beloning vir hul diens (Cartledge, 1979:311; 2004:190). Die skepping van die *Brasideioi*, later *Neodamodeis*, is vir Cartledge (1979:185) die *terminus ante quem* vir die Spartaanse staat om wapenrusting aan al sy soldate te verskaf. Aanvanklik was dit seker, soos elders, deur private aankope, maar soos wat die weermag al hoe meer genasionaliseerd en gespesialiseerd geraak het en burgers al hoe minder privaatsnywerhede bedryf het, moes die staat waarskynlik die nodige toerusting verskaf het. Dit sou ooreenstem met die gebruik dat burgers selfs in die openbare sektor 'n uniform en eenvoudige kleredrag gedra het sodat ryker of armer Spartane nie van mekaar onderskei kom word nie (Cartledge, 1979:156; Thuc. 1.6). Brasidas se 700 Helote-hopliete is bewapen kort nadat Pulos oorgeneem is (Thuc. 4.32-40) en nadat Sparta 2 000 Helote tereggestel het (4.80). Die *Brasideioi* wat ná Brasidas se veldtog teruggekeer het, is vrygestel; soos vele *Neodamodeis* na hulle, is hulle veral in garnisoene geplaas veral as verdediging, maar hulle kon ook saam met Spartane aan falanksgevegte deelneem (Cartledge, 1979:251). Hulle sou dan saam met die Lakoniese en perioikiese bondgenote as *Lakedaimonioi*<sup>62</sup> geveg het, op 'n vlak laer as die volwaardige Spartaanse burgers (*homoioi*: “gelykes” of “eenderses”).

### 4.3.3 Samevatting

Ek wil nou ten slotte weer na Perikles se begrafnistoespraak verwys om die verskille tussen die Atheense en Spartaanse houdings teenoor oorlogvoering te beklemtoon. Aristoteles (*Pol.* 1334b 1-5) sou 'n eeu later redeneer dat die Spartane die “ideale vrye tyd” wat saam met slawerny kom, misbruik deur die verkeerde praktyk, naamlik oorlogsopleiding, te beoefen. In sy begrafnistoespraak bevestig Perikles hierdie sentiment vanuit 'n vyfde-eeuse

---

<sup>62</sup> Die  $\Lambda$  op Spartaanse (sowel as op Lakoniese, *Perioikiese* en *Neodamodeiese*) skilde beteken dat die leërs as *Lakedaimonioi* veg en nie spesifiek as *Spartiatai*, of *homoioi* (volwaardige Spartaanse burgers) nie. Dit bevestig die idee dat Sparta groter as die vyf dorpie was en dat die *polis* die hele Lakonië ingesluit het (Cartledge, 1979:4-5). Sparta, beter bekend as Lakonië, was dus 'n stadstaat wat twee vyfdes van die hele Peloponnesos groot was (Thuc. 1.10; Cartledge, 1979:7).

Atheense wêreldbeeld. Die duidelike ideologiese verskille tussen Athene en Sparta word soos volg deur Thoe kudides se Perikles uiteengesit (2.39.1):

Our city is open to the world, and we have no periodical deportations in order to prevent people observing or finding out secrets which might be of military advantage to the enemy. This is because we rely, not on secret weapons, but on our own real courage and loyalty (Warner, 1954:146).

Die Spartane was as staat meer geheimsinnig oor hul eie doen en late as die meeste ander Griekse stadstate, spesifiek ten opsigte van die weermag (Cartledge, 1979:246, 2004:32). Thoe kudides verwys na twee spesifieke gevalle van Spartaanse geheimsinnigheid. Die eerste geval (4.80) was ná die verlies van Pulos (425), toe die eiland deur die Atheners oorgeneem is. Die Spartane, wat 'n moontlike Helote-opstand gevrees het, het 2 000 van die dapperste Helote in die geheim van kant gemaak. Plutargos (*Vit. Lyc.* 28) was oortuig dat dit deur middel van die *krupteia*, die geheime staatspolisie, geskied het. Die volgende geval wat Thoe kudides noem (5.68) was met die beskrywing van die slag van Mantinea (418). Met die beskrywing van die twee kante se magte moes Thoe kudides die aantal Spartaanse soldate uitwerk op grond van die afdelings soldate wat sigbaar was omdat die getalle weens Spartaanse geheimsinnigheid nie vooraf bekend was nie. Daarby saam het die Spartane ook beter taktieke en strategieë as die ander Grieke toegepas – Perikles se “*secret weapons*” (vgl. Lazenby, 1989:63; Hdt. 6.77.2).

Oor die Spartane se militêre opleiding sê Perikles (Thuc. 2.39.1):

The Spartans, from their earliest boyhood, are submitted to the most laborious training in courage; we pass our lives without all these restrictions, and yet are just as ready to face the same dangers as they are. ... We do not have to spend our time practising to meet sufferings which are still in the future; and when they are actually upon us we show ourselves just as brave as these others who are always in strict training (Warner, 1954:146).

Sparta was 'n staat wat in die sesde eeu reeds omskep is in 'n militêre kamp. Die sosiale sisteem is stelselmatig aangepas om beheer oor die Helote en

Perioikoi uit te oefen. Die prys wat die Spartane vir 'n arbeidsvrye samelewing moes betaal was permanente en voltydse militêre aktiwiteit binne hul eie grense. Selfs klasseonderskeid is in so 'n mate afgebreek dat daar geen sigbare verskil tussen ryk en arm Spartane was nie. Die enigste klasseverskille wat erken is, was dié tussen die *homoioi* en die res. Die gevolg van 'n adelklas wat hulself nie aan 'n luukse lewe oorgelewer het nie, was dat die skone en intellektuele kunste agteruitgegaan het en uiteindelik tot sterwe gekom het (Cartledge, 1979:156; vgl. Thuc. 1.6). Kunstenaars van verskillende terreine wat nie meer 'n lewe kon maak nie, moes elders, onder andere veral in die Spartaanse kolonie Taras in Suid-Italië, nuwe markte gaan soek. Die militêre lewe kon nie luukshede of klasseverskille binne die linies bekostig of toelaat nie.

Die alledaagse Spartaanse lewe, van die afrigting van die kinders tot die gereelde driloefeninge wat die dienspligtiges moes uitvoer, weerspieël hierdie feit. Verder het dit nie bloot oor voorkoms gegaan nie – op die slagveld self was die Spartane deurgaans die meesters wat die oorhand gehad het. Maar selfs in 'n uiterste geveg waar elke Spartaan uiteindelik sy lewe verloor het, sou die skade wat hulle aan die vyand aangerig het, meer wees as die verliese wat hulle self gely het, soos gesien is met die slag by Thermopulai (480).

Daar was lank geen militêre opleiding in die res van Griekeland nie. Die uitsondering was egter dat Athene die eerste professionele roeiers en skeepsbemanning opgelei het terwyl ander seevarende stadstate bloot op ondervinding vertrou het. Athene het relatief laat eers 'n vloot gebou en dit was waarskynlik weens sy agterstand dat hulle dit nodig geag het om met 'n definitiewe oefenprogram na vore te kom. Dit het hulle in staat gestel om selfs die magtige Persiese vloot teen te staan.

Met sy toespraak voor die Peloponnesiese Oorlog het Perikles (in die woorde van Thokudides) sy bes gedoen om die vaardigheid van die Atheense vloot te beklemtoon en terselfdertyd daarop aan gedring dat die Spartane nie in 'n oop geveg op hul eie terme gekonfronteer moes word nie (Thuc. 1.143.4-5):

If they [*die Spartane*] invade our own country by land, we will invade theirs by sea, and it will turn out that the destruction of a part of the

Peloponnese will be worse for them than the destruction of the whole of Attica would be for us. ... Sea-power is of enormous importance. ... Suppose we were an island, would we not be absolutely secure from attack? As it is we must try to think of ourselves as islanders; we must abandon our land and our houses, and safeguard the sea and the city. We must not, through anger at losing our land and homes, join battle with the *greatly superior* [*my kursivering*] forces of the Peloponnesians (Warner, 1954:122).

Sparta was 'n landgebaseerde ekonomie. Athene het sy ekonomie oorsee geneem waar die Spartane nie sonder 'n vloot sou uitkom nie. Perikles het die Atheners gerusgestel deur daarop klem te lê dat dit vir die Spartane onmoontlik sou wees om 'n bedreiging vir die Atheense vloot te wees (Thuc. 1.142.6-7):

As for seamanship, they will find it difficult to learn. You yourselves have been studying it ever since the Persian wars, and have still not entirely mastered the subject. How, then, can it be supposed that they could ever make much progress? They are farmers, not sailors ... (Warner, 1954:121).

Perikles het gehoop vir 'n *impasse*-situasie tussen Athene en Sparta, maar met die beweeglikheid van die Atheense vloot in sy guns. Die gevolg was 'n langdurige oorlog van amper 30 jaar en die enigste rede waarom Sparta uiteindelik die oorlog gewen het, was omdat die stad finansiële ondersteuning van die Perse ontvang het en so op grond van finansiële hulpbronne vir Athene oorleef het.

#### 4.4 Die *Politeía*

In hoofstuk 2.2 (*Politeía* en die *polis*) is daar reeds 'n basiese beskrywing gegee van die konsep van burgerskap en politiek in die Griekse *polis*. 'n Burger (*politēs*) moet op 'n sekere manier optree in die *polis*. Hierdie optrede word saamgevat in die konsep van *politeía*. Dit sluit elke aspek van die openbare lewe in die *polis* in. Cartledge (1996:91) verwoord die konsep van *politeía* soos volg:



... politics – in the sense of the sorts of things that went on in public spaces of a Greek city (assembly, lawcourts, *agora*, theatre, and so on), or on the battlefield – quite simply were more important than any other aspect of life [*d.w.s. private*] in Classical Greece ...

Die private lewe by die huis was vir die individu. Dit was in die openbaar, op die *agora* en op die slagveld, waar die burgers van 'n *polis* polities aktief was, waar hulle *politai* was. By die huis, saam met hul vrouens, kinders en slawe, was hulle die meesters van die huis (sien Arist. *Pol.* 1253b 6), maar buite in die openbaar was hulle *politai* (deelnemers aan die *polis*).

In 'n gemeenskap waar 'n klomp mense bymekaarkom vir beskerming teen die gevare van buite moet daar 'n vorm van orde wees wat individue in toom hou en die gemeenskap as 'n geheel beskerm. Dit is daarom dat die *nomos* (νόμος: lett. “gewoonte” of “tradisie”, maar ook “wet”, d.w.s. “verwagte manier van optrede”) so belangrik is aangesien dit die lede van die *polis* teen die totaal wettelose *fusis* (φύσις: lett. “natuur”, d.w.s. die “natuurlike” ingesteldheid van o.a. 'n persoon gestroop van *nomos*) beskerm.<sup>63</sup> 'n Gedragskode binne die *polis* is dus van kardinale belang en dit hang van die lede van die gemeenskap (die *politai*) af om mekaar te beskerm en in toom te hou.

Aristoteles (1253a 1-4) verklaar hierdie behoefte van die mens om te organiseer en polities te verkeer soos volg:

It is evident ... that a city-state is among the things that exist by nature, that a human being is by nature a political animal, and that anyone who is without a city-state, not by luck but by nature, is either a poor specimen or else a superhuman (Reeve, 1998:4).

In hierdie hoofstuk gaan ek spesifiek na die ontwikkeling van Sparta en Athene se politieke sisteme kyk. Sparta was die kampvegter vir die “ou” orde, die patriargale, aristokraties-konserwatiewe oligargie, terwyl Athene 'n “nuwe” sisteem, die populistiese demokrasie, ontwikkel het.

---

<sup>63</sup> Die mens is gebore in die *fusis*, maar d.m.v. *nomoi* kan hy *poleis* bou en sy medeburgers administreer en beskerm. *Nomos* is dus die enigste skeiding tussen die mens en die wettelose natuur.

#### 4.4.1 Athene: regering deur die *dēmos*

Met die val van die Mukeense beskawing het die koningskap in 'n groot mate in Griekeland uitgesterf. Die stadstaat Athene is nou deur nege *arkhontes* (lett. “leiers”) bestuur: die *basileus* was in beheer van veral die staatsgodsdienste, die *polemarkhos* was die oorlogsleier, die *arkhōn eponimos* (wat ook sy naam aan die jaar gegee het) was staatsadministrateur, en 'n verdere ses *thesmothetai* was regplegende amptenare. So is die oorspronklike *basileus* se verantwoordelikhede verdeel (Buckley, 1996:97). Onder die *arkhontes* was die Areiopagos-raad, 'n oorblyfsel van die patriargale “ouderlinge”, 'n liggaam wat uitsluitlik uit aristokrate bestaan het en waaruit *arkhontes* jaarliks gekies is. Vir die res van die volk was daar die volksvergadering, die *ekklesia*. Dié vergadering het byna geen stem in die bestuur van die staat gehad nie, behalwe om die keuses van die Areiopagos goed te keur en om oor die *arkhontes* se besluite ingelig te word.

Bogenoemde stelsel is oorwegend oligargies. 'n Oligargie beteken “regering deur min”, waar “min” na die aristokrasie verwys. Athene se eerste tiran,<sup>64</sup> Kulon (c. 632), het deur middel van militêre ondersteuning Athene se Akropolis beset. Dié staatsgreep het egter doodgeloop weens, soos Robinson (1972:64) dit stel, die agterlikheid van die Atheense politieke bewussyn. Kulon het geen ondersteuning van die onderdrukte laer klasse ontvang nie. Trouens, die laer klasse was so gewoond aan hul onderdanige posisie dat hulle die Akropolis beleër het toe Kulon gedreig het om hul posisie te verbeter. Die staatsgreep het misluk, die adel het voortgegaan om voordeel uit die laer klasse te trek en die kleinboere is verder deur hul landhere uitgebuit.

Teen hierdie tyd (die tweede helfte van die sewende eeu) was die Fenisiese alfabet, wat al vir ten minste 'n honderd jaar lank in Griekeland beskikbaar was, algemeen genoeg om die tradisionele wet, wat tot dusver slegs mondeling oorgedra en deur die adellikes toegepas is, vir die eerste keer (volgens tradisie, in 621) deur Drakon te kodifiseer. Vir oortredings is daar nou 'n standaard-

---

<sup>64</sup> Τύραννος het aanvanklik bloot “leier” beteken, maar weens die onkonstitusionele maniere waarop tiranne gewoonlik mag gegryp en dit misbruik het, het dit mettertyd, veral gedurende die demokrasie, 'n negatiewe konnotasie gekry.

boete gehef en die adel kon nie meer die wet tot eie voordeel toepas soos hulle vroeër in staat was om te doen nie (Buckley, 1996:88).


Die adel kon egter steeds die interpretasie van die wet manipuleer, veral ten opsigte van die kleinboere se skuld. Indien 'n kleinboer 'n lening by 'n landheer wou aangaan, kon die landheer die rente en voorwaardes so manipuleer dat die kleinboer óf homself en sy familie aan die landheer moet verpand as lyfeiene, óf die grond aan die landheer opgee maar dit vir hom bewerk, óf selfstandig bly maar sy huur of skuld aan die landheer deur middel van sy produksie vereffen. Solon, *arkhōn* van 594/3, het gedurende sy termyn daarin geslaag om die lot van die kleinboere effens te verlig sonder om die regte van die adel te veel in te kort. Sy hervormings was ekonomies sowel as polities en dit is vir laasgenoemde waarvoor hy gedurende die vyfde eeu die meeste bekendheid verwerf het, naamlik dat hy die weg vir die demokrasie gebaan het.

Aristoteles ([*Ath. Pol.*] 9.1) formuleer Solon se skuldherformings soos volg:

The following seem to be the ... most democratic features of Solon's constitution: first and most important, the ban on loans on the security of the person ... (Rhodes, 1984:50).


Soos blyk uit bogenoemde, het hy dus eerstens die kleinboere se reg op vryheid beskerm deurdat hy dit onwettig gemaak het dat enigiemand sy persoon as borg vir skuld kon aanbied. Hy het ook 'n limiet geplaas op die hoeveelheid grond wat 'n individu kon besit. Dit sou die landhere daarvan weerhou om te veel grond op te eis wat eerder 'n kleinboer en sy familie sou kon onderhou (Robinson, 1973:67). In die proses het hy ook alle skuld gekanselleer sodat selfs die boere wat skuldarbeid moes verrig, nou wettige eienaars van hul eie grond was (Buckley, 1996:95).

Tot nou toe het Atheense burgerskap uit twee klasse bestaan: die adel en die res (die *plethos*). Die adel wat in die Areiopagos-raad gedien het, het uit die ou families bestaan wat hul familielyn geslagte ver kon terugvoer (Buckley, 1996:94), meermale tot by die een of ander held of mitiese koning (o.a. Theseus of Kekrops), en wat tot die "*Eupatridai*" (εὐπατρίδαι: lett. "goeie vaders" of "voorgeslag")-klas behoort het. Die *arkhontes* is almal uit hierdie klas verkies.



Solon het die onderskeid tussen die *Eupatridai* en die *plethos* verwyder en vier nuwe klasse, gebaseer op inkomste, ingestel. Die boonste klas was die *Pentakosiomedimnoi* (πεντακοσιομέδιμνοι: lett. “500 eenhede”); ’n lid van dié klas moes ten minste 500 eenhede van ’n landbouprodukt in ’n seisoen lewer. Die tweede klas was die *Hippeis* (ἵππεις: lett. “ridders”, d.w.s. enigiemand wat ten minste een perd en die toerusting en onderhoud daarvan kon bekostig), en moes ten minste 300 eenhede graan lewer. Die *Zeugitai* (ζευγίται: lett. “gejukte pare osse”, d.w.s. enigiemand wat ten minste een paar osse kon bekostig), moes 200 eenhede<sup>65</sup> lewer. Laastens was die *Thetes* (θητες: lett. “huurarbeiders” of “lyfeienes”), wat geen eiendom besit het nie, wat nie die toerusting kon bekostig om ten minste as ’n hopliet te veg nie, en dus ook in geen posisies in die “staatsdiens” kon dien nie. Volgens Aristoteles ([*Ath. Pol.*] 7.4) het hierdie klasse reeds voor Solon bestaan, en soos Buckley (1996:96) tereg argumenteer, sou dié vier groeperinge *de facto* Solon voorafgegaan het – dit wil sê die *Hippeis* as ridders, die *Zeugitai* as hopliete, en die *Eupatridai* en die *Thetes* as nie-vegtend, omdat hulle te ryk (of te adellik) óf te arm was om te veg. Die verskil is egter dat Solon die sosio-ekonomiese en militêre klasseverdelings ook vir die regeringsrade laat geld het. Die oorspronklike adel sou waarskynlik nog die totale meerderheid van die eerste klas uitgemaak het, maar enigiemand kon nou op grond van inkomste, eerder as geboorte, ’n nuwe klas betree en die staat dien soos dit van daardie betrokke klas verwag word. Die oorspronklike ampte is steeds behou, maar was nou toegankliker vir enigiemand wat in die Volksvergadering gedien het.

<sup>65</sup> Die Griekse μέδιμος was ongeveer 25 kg (LSJ s.v.). Dus moes die eerste klas ten minste 12 500 kg, die tweede klas 7 500 kg en die derde klas 5 000 kg graan (óf enige landbouprodukt van ekwivalente hoeveelheid) per seisoen lewer.



Hierdie diagram beeld Solon se nuwe klasseverdelings uit sowel as die rade waartoe elkeen toegang het. Let daarop dat almal steeds toegang tot die Volksvergadering gehad het.

Die nege *arkhontes* is uit die eerste twee klasse (die *Pentakosiomedimnoi* en die *Hippeis*) verkies. Laer administratiewe ampte soos belastinginvorder en boukontraktering kon na enigiemand in die boonste drie klasse gaan. Die eerste klas het uit die staanspoor aan die Areiopagos-raad behoort, maar indien die jaartermyn van 'n *arkhōn* uit die tweede klas (die *Hippeis*) verstrekket, is hy outomaties tot die raad toegelaat en het sy familie die status van *Eupatridai* ontvang (Buckley, 1996:97). 'n Vlak onder die Areiopagos-raad het Solon die *Boulē* ("Raad") van 400 lede geskep, met 100 lede uit elk van die vier Atheense stamme. Nominasies sou waarskynlik tot die eerste drie klasse beperk gewees het, en weens hul algemene meerderheid in die samelewing sou die meeste lede vanuit die *Zeugitai* kom. Solon se doelwit was duidelik om die *Boulē* as 'n teenwig vir die aristokratiese Areiopagos-raad te gebruik. Laasgenoemde se funksies is nou tot die uitvoer van die stad se wette beperk terwyl die *Boulē* se funksies en outoriteit op die Volksvergadering gemik is (Robinson, 1973:69). Dié raad sou voorstelle of onderwerpe bespreek en dan 'n seleksie daarvan aan die Volksvergadering stel om oor te stem (Buckley, 1996:99).

Ongelukkig was die klasseverskille in Athene nie die enigste faktor wat politieke onstabiliteit in Athene veroorsaak het nie. Nadat Solon se termyn

verstryk het, het ander familie-gebonde of ekonomies georiënteerde faksies genoeg onmin veroorsaak dat daar twee gevalle was waar daar nie 'n administratiewe *arkhōn* verkies is nie, daar die moontlikheid van tirannie was toe 'n *arkhōn* vir twee jaar na mekaar verkies is, en daar gepoog is om die nege *arkhontes* tussen die *Eupatridai*, die *agroikoi* (boere) en die *dēmiourgoi* (vakmanne) te verdeel. Dit impliseer spanning op ekonomies-professionele terreine, soos bevestig met die ontstaan van die partye “*Paralioi*”,<sup>66</sup> “*Pediakoi*”,<sup>67</sup> en “*Huperakrioi*” of “*Diakrioi*”<sup>68</sup> in c. 570. Die ontstaan van dié faksies sowel as die spanning wat tussen die adellike families bestaan het, met spesifieke verwysing na die Alkmaionidai, kon Solon egter nie in sy enkele jaar van *arkhōn*-skap voorkom nie.

Die volgende individu wat dit op homself geneem het om die spanning en tekortkominge van Athene op te los, het meer deursettingsvermoë en ambisie gehad wat dit vir hom moontlik gemaak het om ná elke mislukking weer die Atheense regering oor te neem. Peisistratos, held van die geveg teen Megara om Salamis terug te wen, het drie keer probeer om beheer van Athene op onkonstitusionele wyse oor te neem.

Die eerste twee probeerslae (tussen 560 en 556) het Peisistratos laat besluit dat alliansies met enige van die interne faksies van die Kus, Vlaktes of Heuwels van korte duur sou wees aangesien die oorblewende faksies nie sou skroom om saam te staan om hom weer te verdryf nie. Hy het besluit dat buite-Attiese alliansies en militêre ondersteuning die enigste bestendige kombinasie sou wees om hom in die magposisie te hou. Die goud- en silwermyne wat hy in Thrasië oorgeneem het, het hom nog lank finansiële veilig gehou om die nodige huursoldate te bekostig en om genoegsame alliansies en

---

<sup>66</sup> “Dié van die kus”; die nuwe vakmanne wat Solon ingebring het en wie se bedrywe nader aan die hawe was (Arist. [*Ath.Pol.*] 13.4; Buckley, 1996:102; Robinson, 1973:70). Hulle was dus nuwelinge, maar ekonomies sterk genoeg om die *Eupatridai* se eksklusiewe regte te bedreig.

<sup>67</sup> “Dié van die vlaktes”; die groot landeienaars, die *Eupatridai*, en hul *clientes* (Arist. [*Ath.Pol.*] 13.4; Buckley, 1996:102; Robinson, 1973:70). Dié groep was konserwatiewe en adellike families wat meer vyandig teenoor die vakmanne van die kus sou wees.

<sup>68</sup> “Dié van die heuwels”; kleiner plaaseienaars wat op minder gesogte grond 'n lewe moes maak (Hdt. 1.59; Buckley, 1996:102; Robinson, 1973:70). Hulle kon nie op gelyke voet met óf die landhere van die vlaktes óf die vakmanne van die kus meeding nie.

ondersteuning te werf. In die elfde jaar van sy ballingskap, in 547/6, het hy teruggekeer, Athene se weermag verslaan en die stad ingeneem. Die Atheense burgers is ontwapen, maar hy het sy eie huursoldate in stand gehou en uit sy eie sak betaal (Buckley, 1996:111).

Dit was egter so ver as wat Peisistratos se onderdrukkingsbeleid gestrek het. Aristoteles ([*Ath. Pol.*] 16.7), byvoorbeeld, vel 'n heel positiewe oordeel oor hom:

Pisistratus gave the masses no trouble in other respects during his rule, but always maintained peace and saw that all was quiet. For that reason it was often said that the tyranny of Pisistratus was the age of Cronus [*d.w.s. Hesiodos (Op. 109-126) se mitiese Goue Era*] ... (Rhodes, 1984:58).

Peisistratos het goed geweet dat indien hy die burgers militêr sou onderdruk, hy nie lank met die goedkeuring van die burgers sou kon regeer nie, aangesien die burgers in hul verskeie faksies sou saamstaan om hom te verwerp. Dit was juis as gevolg van hierdie sagte aanslag van Peisistratos, redeneer Aristoteles ([*Ath. Pol.*] 16.8-9), dat die stad hom elke keer toegelaat het om terug te keer:

Most important of all things mentioned was his democratic and humane manner. In other respects he was willing to administer everything according to the laws, not giving himself any advantage... Consequently he remained in power for a long time, and when he was expelled [560, 556] he easily recovered his position (Rhodes, 1984:58-9).

Daarom het hy sy magte, militêr sowel as administratief, met 'n praktiese en doeltreffende hand aangewend, sonder om van die Atheense konstitusie af te wyk. Dieselfde het vir sy seuns gegeld. So bevestig Thoeekudides (6.54):

These particular dictators [*Peisistratos se seuns, Hippias en Hippargos*], in fact, showed for a very long time both high principles and intelligence in their policy. The taxes they imposed on the Athenians were only a twentieth of their incomes,<sup>69</sup> yet they greatly improved the

---

<sup>69</sup> Buckley (1996:114) bevestig dat Peisistratos, soos sy seuns na hom, slegs 'n 5%-belasting gehef het. Die Griekse term *dekatē*, wat letterlik “'n tiende” beteken, was waarskynlik net 'n konvensionele term.

appearance of the city, carried through their wars successfully, and made all the religious sacrifices. In all other respects the city was still governed by the laws which had existed previously, except that they took care to see that there was always one of their family in office (Warner, 1972:443).

Thoekudides het bogenoemde passasie geskryf spesifiek ten opsigte van die val van die Peisistratidai-“tirannie” in 511. Die punt wat hy egter maak is dat ten spyte daarvan dat Peisistratos en sy seuns onkonstitusionele diktators (volgens Warner se vertaling) was, hulle die Atheense stadstaat binne Solon se regstelsel geadministreer en beheer het. Dit wil sê dat die hele politieke infrastruktuur – die *arkhontes*, Areiopagos, Volksvergadering en *Boulē* – gefunksioneer het soos Solon dit reeds vasgestel het. Die enigste uitsondering was dat die Peisistratidai seker gemaak het dat ten minste een familielid of politieke ondersteuner elke jaar as *arkhōn* gedien het. Dit sou verseker het dat daar altyd ’n Peisistratidai-beleid in die regering van die staat aanwesig sou wees, sonder direkte inmenging van die tiran self, wat ’n meer welwillende nie-inmengingsbeleid sou handhaaf (Buckley, 1996:113).

Waar Solon probeer het om die toestand van die kleinboere te verbeter met die kansellering van skuld en met sy leningswette, was dit slegs ’n tydelike uitkoms en het hul probleme nie weggegaan nie. Peisistratos het, danksy sy finansiële selfstandigheid vanweë die myne wat hy verkry het, geld vir die kleinboere op redelik informele voorwaardes geleen. Dit het die kleinboere in staat gestel om óf die geld in die plaas te belê, óf hulle vir ’n seisoen te ondersteun terwyl hulle na olywe of die een of ander bedryf oorskakel. Sodoende sou hulle van selfonderhoudende kleinboere na gespesialiseerde nyweraars ontwikkel (Buckley, 1962:114). Die gevolg was dat verskeie kleinboere (middelklas en lae middelklas, d.w.s. die *Zeugitai* wat die meerderheid van die Volksvergadering uitgemaak het) dit aan Peisistratos te danke gehad het dat hulle ’n potensieel meer suksesvolle of versekerde bestaan gehad het.

Peisistratos kon as outokraat, maar binne die konstitusie, die res van sy lewe (van 546 tot 527) daaraan wy om Athene vanuit sy onstabiliteit tot ’n wêreldstaat te verhef. Sy seuns, Hippias en Hippargos, het ná hom die bewind



oorgeneem en sy beleid voortgesit. Hippias was waarskynlik die oudste, maar het saam met Hippargos as tiranne volgens die konstitusie Athene geadministreer en, soos Peisistratos voor hulle, gematig en konstitusioneel regeer. Die einde van die Peisistratidai-tirannie is deur die geromantiseerde Harmodios en Aristogeiton ingelui toe laasgenoemde twee vir Hippargos vermoor het. Herodotos (5.62) beskryf die terugkoms van die Alkmaionidai, een van die families wat in 546 reeds in ballingskap gegaan het, en die finale val van die Peisistratidai soos volg:

Hippias was still tyrant and embittered against the Athenians because of the murder of his brother. The Alcmaeonidae, an Athenian family which had been driven into exile by the house of Pisistratus, attempted with the help of the other exiles to procure their return by force and liberate Athens (De Sélincourt, 1954:300).

Na die beëindiging van die tirannie (uiteindelik met die hulp van Sparta in 512) was daar nie enige onmiddellike probleme met die bestuur van Athene nie, waarskynlik danksy die Peisistratidai-beleid om die konstitusie te laat soos Solon dit opgestel het (Buckley, 1996:127). Die probleme wat wel opgeduik het, was weens die vakuum wat die tirannie gelaat het: verskeie politieke leiers en faksies het gepoog om die regering weer in die hande van die adel te plaas (Buckley, 1996:127).

Een van die faksielede, Kleisthenes, 'n lid van die Alkmaionidai-familie, het egter by die tiranne geleer dat 'n politieke leier nie net met ondersteuning van sy familie en eensgesinde aristokrate kan oorleef nie, maar ook die ondersteuning van die *plethos* nodig het. Presies hoe Kleisthenes die ondersteuning van die *plethos* gewen het, is onduidelik, maar waarskynlik was dit met die belofte van beheer oor die staat (Buckley, 1996:128).

Toe Kleisthenes meer ondersteuning begin kry het, het een van die ander faksieleiers, Isagoras, hulp van die Spartaanse koning Kleomenes ingeroep om 'n staatsgreep uit te voer. Aristoteles ([*Ath. Pol.*] 20.1-3) beskryf dit soos volg:

As Cleisthenes was getting the worse of the party struggle, he attached the people to his following, by proposing to give political power to the masses (Rhodes, 1984:63).

Die Spartane kon die staatsgreep suksesvol uitvoer en Kleisthenes was verplig om die stad te verlaat. Maar weens die ondersteuning wat Kleisthenes by die *plethos* geniet het, het die *plethos* daarin geslaag om die Spartane en Isagoras die stad te laat verlaat. Die *plethos*, op wie tot dusver neergesien en wat geïgnoreer is deur die aristokrasie gedurende hul eie familie- en faksiesgeskille, wou nie Kleisthenes verloor nie. Hy het vir hulle meer direkte politieke mag belowe, waarskynlik deels uit opportunisme met die oog op hul ondersteuning (Buckley, 1996:129) en, veral nadat 'n deel van die *plethos* reeds op die *Boulē* kon dien, die wete dat die *plethos* enigiemand sal ondersteun wat hul regte beskerm sowel as nuwe regte belowe.

Met sy terugkeer was sy eerste hervormings gerig op die indelings van stamme- (φυλαί) en “broederbonde” (φρατρίαί). Die burgers van alle Ioniese stede, insluitende Athene, het hul stad se herkoms teruggevoer na een van vier Ioniese helde, die seuns van Ion, as hul stamvader. Elke *fulē* is weer saamgestel uit uitgebreide families (γέννη) en nukleêre families of gesinne (οἴκοι). Gesinne en families binne die stam sou 'n eenheid binne 'n gelokaliseerde “broederbond” (*fratria*) vorm, gewoonlik onder die oorerflike leiding van 'n aristokratiese lid wat op die *fratria* se ondersteuning kon staatmaak vir sy familie se politieke ondersteuning (Buckley, 1996:131). So 'n bond was ook religieus van aard in die sin dat dit plaaslike heiligdomme versorg het en rituele, onder andere dié met geboortes of mondigwording, uitgevoer het. Dit was ook deur middel van sulke *fratriai* waardeur burgerskap verkry is; indien 'n familie nie in 'n *fratria* aanvaar is nie, sou dié se naam nie op die familie- en stamregisters van die staat kon kom nie. Die hoof van die *fratria* sou, met die ondersteuning van die bond, besluit of 'n kandidaat genoegsame dienste (as soldaat of produktiewe werker) vir die *polis* sou kon lewer om as burger opgeneem te word.

Nadat Solon die vakmanne na Athene gelok het, was daar baie lede van die samelewing wat nie hul burgerskap kon verkry nie bloot omdat hulle as buitelanders nie in enige *fratria* toegelaat sou word nie. Bonde (onder leiding

van, normaalweg, konserwatiewe aristokrate) sou nie sommer inwonende buitelanders (*paroikoi* en *metoikoi*, sien ook Whitehead, 1996:969) toelaat nie (Buckley, 1996:132; Davies, 1996:334). Besluite ten opsigte van lidmaatskap was natuurlik ook ekonomies en polities georiënteerd. Die ontstaan van die faksies van die Kus, die Vlaktes en die Heuwels is op ekonomiese *fratriai* gebaseer (Buckley, 1996:132).

Kleisthenes het eerstens die politiese funksies van die “broederbonde” verwyder sodat hulle slegs sosiale en religieuse funksies oorgehou het. Politieke verantwoordelikhede is nou na die “deem” (δῆμος: lett. “distrik” / “wyk”) verskuif, waarvan daar in die hele Attika 139 of 140 (Buckley, 1996:133) was. Die deme het bestaan uit plaaslike gemeenskappe van wisselende grootte binne spesifieke geografiese areas. Die belangrikste verskil met die *fratriai* was dat die deem nou demokraties van aard was deurdat die gemeenskap sy eie leier, ’n *demarkhos*, kon kies (waarskynlik jaarliks), in plaas van die oorerflike pos wat die *fratriai* se leiers gehad het. Verder was die deem as geografiese area in stede van die stam die bepalende faktor van burgerskap sowel as van burgerlike identiteit.

Aristoteles ([*Ath. Pol.*] 21.4) noem ook die verdere funksies van die deme:

He made the men living in each deme fellow-demesmen of one another, so that they should not use their father’s names and make it obvious who were the new citizens but should be named after the demes ... (Rhodes, 1984:64).

Kleisthenes het die vier tradisionele Ioniese stamme verwerp en tien nuwe stamme geskep. Hy het Attika in drie geografiese dele verdeel: die Kus, die Stad en die Binneland. Elkeen van dié dele (sg. *trittúes* of “derdes”) het hy in tien onderdele verdeel, d.w.s. 30 “derdes” in totaal. Elke stam het nou bestaan uit een tiende van die Kus, een tiende van die Stad en een tiende van die Binneland vir ’n totaal van tien stamme<sup>70</sup> in Athene. Elke stam is dus geografies maar ook kwantitatief saamgestel met gewoonlik ’n arbitrêre aantal deme maar nagenoeg dieselfde aantal burgers (Buckley, 1996:134-5). Solon se

---

<sup>70</sup> Een derde (*trittús*) van elkeen van die tien stamme was dus oorspronklik van die Kus, een derde was van die Stad en een derde was van die Binneland.

*Boulē* van 400 lede (waarvoor die oorspronklike vier “Ioniese” stamme elkeen 100 lede moes verskaf) is nou vergroot tot die *Boulē* van 500, met 50 lede uit elkeen van die tien stamme.

Aristoteles ([*Ath. Pol.*] 21.2) gee die rede vir en gevolg van Kleisthenes se nuwe stamindeling:

...he first distributed all the citizens through ten tribes instead of the old four, wanting to mix them up so that more men should have a share in the running of the state. This is the origin of the saying ‘Don’t judge by tribes’, addressed to those who want to inquire into a man’s ancestry (Rhodes, 1984:63).

Die funksie van die *Boulē* van 500 was steeds om sake te bespreek voordat dit voor die Volksvergadering dien, maar wanneer die saak te dringend (of te triviaal) was om vir die byeenkoms van die Volksvergadering te wag, is ’n staande komitee van 50 lede op maandelikse basis (elke 35 of 36 dae) vanuit die *Boulē* van 500 verkies om hierdie sake te hanteer (Robinson, 1973:79).

Een nadeel van die jaarliks verkiesbare *arkhontes* was dat bykans enige burger bo die ouderdom van 30 verkies kon word (d.m.v. ’n lotery), ongeag sy vaardighede. Omdat die verkiesings jaarliks geskied het en omdat geen kandidaat meer as een jaar kon dien nie, sou geen kandidaat boonop gedurende sy termyn werklik vaardighede vir sy pos kon ontwikkel nie. Vir onder andere die oorlogsleier (die *polemarkhos*) was dit fataal aangesien die *polemarkhoi* in elk geval geen opleiding ondergaan het nie en met die lewens van die burgers toevertrou is (Robinson, 1973:80). ’n Gevolg hiervan was die ontstaan van die tien *stratēgoi*, militêre leiers (een vir elkeen van die tien stamme) met magte op land sowel as ter see. Aangesien die verkiesing van die *arkhontes* tot op hierdie punt meer van ’n formaliteit was, is die *stratēgoi* jaarliks verkies, maar ’n kandidaat kon herverkies word. Die tradisionele *polemarkhos* se funksies was nou slegs ritualisties binne Athene terwyl die *stratēgoi* troepe buite die stad gelei het. Die generaalskap het egter naderhand ook die politieke terrein oorskadu en die *stratēgoi*, as populêre leiers, het ook meer invloed binne die stad verkry (Robinson, 1973:80). Om te keer dat sulke leiers nie te ambisieus raak en ’n staatsgreep wil uitvoer nie, is ostrasisme

ingebring om 'n mate van skadebeheer uit te oefen. Hierdie meganisme is waarskynlik in 508/7 deur Kleisthenes ingestel (Arist. [*Ath. Pol.*] 22) en het die volgende behels: indien die Volksvergadering wou, is 'n referendum elke jaar gehou waarin daar bepaal moes word of enige persoon geostraseer (verban) moes word. Enige burger kon iemand nomineer wat hy dink die staat of sy eie politieke regte bedreig, sy naam op 'n potskerf (*ostrakon*) skryf en dit ingee om saam met die ander potskerwe getel te word. Die persoon wat die meeste stemme bo 6 000 gekry het, is vir tien jaar uit Attika verban (Robinson, 1973:81-2). 'n Kandidaat sou ná 'n nominasie tien dae grasie hê om sy besigheid en reëlins in die stad uit te sorteer, en het selfs gedurende die ballingskap volmag oor sy privaateiendom gehad (Buckley, 1996:145). Politieke leiers sou hulself so in toom moes hou om nie net hul eie of hul klas se ambisies na te streef nie, maar om die goedkeuring en ondersteuning van die Volksvergadering te verkry. Aristoteles (*Pol.* 1284a 17-19) verduidelik die doel van ostrasisme soos volg:

That is why, indeed, democratically governed city-states introduce ostracism. For all city-states these are held to pursue equality most, and so they ostracize those held to be outstandingly powerful<sup>71</sup> ... (Reeve, 1998:89).

Ostrasisme was egter nie 'n onfeilbare sisteem nie; dit kon verkeerd toegepas word en as politieke wapen gebruik word: op die Atheense Akropolis is daar 'n hoop van 190 *ostraka* gevind wat elkeen Themistokles se naam bevat, maar wat duidelik aan die hand van handskrifte deur slegs 'n paar verskillende persone geskryf is. Themistokles se vyande sou hierdie *ostraka* voorberei het om by die verkiesing uit te deel en mense aan te moedig om hom te ostraseer. Huperbolos, die laaste persoon wat geostraseer is (417/16), is juis geostraseer omdat hy so hard probeer het om iemand anders te ostraseer (MacDowell, 1996b:1083). Ostrasisme het in onbruik verval (maar die reg om dit toe te pas was tot in die volgende eeu aanwesig) en is uiteindelik deur die *grafē paranomōn* (lett. “geskrif teen die wet”, d.w.s. “aanklag van onkonstitusionele voorstel”) vervang. Laasgenoemde was 'n veto teen die implementering van 'n

<sup>71</sup> Prominente persone soos o.a. Themistokles (c. 470) en Kimon (461) is geostraseer.

nuwe wet op grond van 'n aanklag dat die nuwe wet teenstrydig met bestaande wette is. 'n Onderzoek sou dan ingestel word om die geldigheid van die *grafē* te bepaal (MacDowell, 1996a:647).

'n Slagwoord wat gedurende Kleisthenes se hervormings gemunt is, is *isonomia* (ἰσονομία: lett. “gelykheid voor die wet”), wat idiomaties as “politieke gelykheid” vertaal kan word. Dit verwys na die bemagtiging van die Volksvergadering en die *Boulē* van 500 sodat die gewone mense direk by die wetgewing betrek is, en sodat slegs hulle wette kon uitvaardig en goedkeur (Buckley, 1996:141). Later, in die vyfde eeu, sou dié term met *dēmokratia* (δημοκρατία: lett. “mag aan die *dēmos*”) vervang word. 'n Verdere slagwoord, waarskynlik uit Kleisthenes se hervorming (Buckley, 1996:141), was νόμος in stede van θεσμός. Laasgenoemde verwys na die tradisies en konvensies wat deur die aristokrasie (en die gode) gestipuleer is; eersgenoemde na die nuwe wette en reëls wat deur die burgers in die Volksvergadering deurgevoer is.

Of Kleisthenes bloot 'n opportunist was wat sy eie posisie probeer beskerm het deur die Atheense konstitusie aan die Atheners beskikbaar te stel, en of hy werklik uit die staanspoor die oogmerk gehad het om meer regte aan die Atheense burgers te gee, is debatteerbaar. Vir die doel van dié hoofstuk is dit egter voldoende om aan te dui hoe die Atheense konstitusie reeds van vroeg af in 'n rigting ontwikkel het waarin daar gestreef is om die gewone burgers teen die aristokrasie te beskerm en om laasgenoemde se magte in te perk tot voordeel van die *plethos*. Dit is ook debatteerbaar of hervormers vanaf Solon 'n vorm van demokrasie as doelwit gehad het en tentatiewe maar doelbewuste treetjies in dié rigting geneem het. Persoonlik reken ek dat elke hervormer, hetsy tiran of *arkhon*, ten minste huidige toestande so ver wou verbeter as wat die bevolking hom met vertroue sou toelaat. Solon, byvoorbeeld, sou aan die begin van die sesde eeu nooit *isonomia* tussen die Volksvergadering en die Areiopagos-raad kon bewerkstellig het nie. Maar ook voel ek dat dit onredelik is om van Solon te verwag dat hy 'n vorm van *dēmokratia* in die toekoms moes sien en dat hy dit op homself moes neem om die weg daarvoor te baan.

#### 4.4.2 Sparta: regering deur die *oligoi*

Volgens tradisie was een persoon, Lukoergos, die argitek van die Spartaanse staat; alle Spartaanse wette, tradisies en gebruike word dus aan hom toegeskryf. Die pseudo-historiese Lukoergos was waarskynlik slegs 'n staatsamptenaar (moontlik selfs met die naam Lukoergos) wat 'n daadwerklike bydrae tot Spartaanse konstitusionele hervorming gelewer het. Op die fundamente wat hy gelê het sou latere amptenare voortbou, maar dit steeds aan Lukoergos toeskryf.

Die stabiliteit van hierdie sisteem word soos volg deur Thoekudides (1.18) beskryf:

From the time when the Dorians first settled in Sparta there had been a particularly long period of political disunity; yet the Spartan constitution goes back to a very early date, and the country has never been ruled by tyrants. For rather more than 400 years, dating from the end of the late [*Peloponnesian*] war, they had the same system of government, and this has been not only a source of strength, but has enabled them to intervene in the affairs of other states (Warner, 1972:45).

Hierdie uiteensetting impliseer dat Sparta ten minste vanaf die tiende of neënde eeu dieselfde politieke sisteem gehad het. In die akademiese wêreld word dié datum as *terminus post quem* aanvaar. Die *terminus ante quem* is die eerste helfte van die sesde eeu, waartydens die hervorming reeds geïmplementeer was (Hammond, 1973:85). Hammond (1973:88) argumenteer verder dat, aangesien die Spartaanse *polis* vanaf ten minste 800 – 730 (vanaf die amalgamasie van die Spartaanse *polis* tot die Eerste Messeense Oorlog) reeds Doriese gemeenskappe in Lakonië geannekseer het, die staat vroeg reeds 'n politieke sisteem benodig het wat geskik was om onderworpe volke in toom te hou en te administreer. Hammond (1973:89) beskryf die proses soos volg:

In this period (800 – 730) the constitution of Sparta crystallized in its final form with the emergence of the ephorate<sup>72</sup> and the tightening of executive control. The fully formed Lacedaemonian state turned next upon Messenia and doubled its basis of economic strength.

Wat die Hervorming self betref, is ons in die duister ten opsigte van die presiese evolusie of ontwikkeling daarvan. Soos reeds genoem, sou dit onwaarskynlik wees dat die hele Hervorming vanuit die staanspoor volledig opgestel sou wees sonder enige verdere toevoegings van ander staatsamptenare, ten spyte daarvan dat die Spartane wel daarvan oortuig was. Die sisteem was wel baie meer stabiel as byvoorbeeld Athene s'n wat op 'n relatief gereelde basis hervormings ondergaan het. Sparta se sisteem sou nie noodwendig vir 400 jaar onveranderd gebly het soos Thoekudides beweer het nie, maar die basis van die sisteem sou stabiel gebly het.

Sedert die samesmelting van die oorspronklike vier dorpies van Sparta het dit twee koninklike families gehad, die Agiadai en Europontidai, waarvan eergenoemde die senior pos beklee het. Hul presiese rolle was relatief beperk in terme daarvan dat hulle nie werklike juridiese poste beklee het nie, maar wel as hoëpriesters en oorlogvoerders opgetree het. Aristoteles tref die volgende onderskeide (*Pol.* 1285a 2-10):

For kingship in the Spartan constitution, which is held to be the clearest example of kingships based on law,<sup>73</sup> does not have authority over everything, but when the king leaves the country, he does have leadership in military affairs. Moreover, matters relating to the gods are assigned to the kings. This type of kingship, then, is a sort of permanent autocratic generalship (Reeve, 1998:91).

Tog, soos met die Atheense *stratēgoi* wat primêr bevelvoerders was maar wat in die Volksvergadering se oë weens hul populariteit 'n meer direkte invloed op die politiek uitgeoefen het, kon Spartaanse konings weens die ondersteuning en goedkeuring van die soldateklas 'n subtile of selfs direkte

---

<sup>72</sup> Vyf amptenare wat jaarliks verkies word. Hul pligte het van dag-tot-dag-administrasie tot hofsake, selfs oor konings, gestrek.

<sup>73</sup> M.a.w. die wet ken die posisie aan die koning toe en daarom is die koning onderworpe aan die wet.



invloed op plaaslike politiek of internasionale onderhandelinge hê (Buckley, 1996:71). Herodotos skep die volgende beeld (6.56):

The prerogatives of the Spartan kings are these: two priesthoods, of Zeus Lacedaemon and of Zeus Uranius, and the power of declaring war on whom they please. In this, no Spartan may attempt to oppose their decision, under pain of sacrilege ... (De Sélincourt, 1954:341).

Dat die konings oorlog kon verklaar, verwys na alle waarskynlikheid na 'n vroeër tydperk, aangesien die keuse in die vyfde en vierde eeu by die Volksvergadering gelê het. Verder was daar ook 'n geval toe twee konings (Kleomenes en Demaratos) se verskillende oortuigings 'n veldtog in duie laat stort het ten aanskoue van al Sparta se bondgenote (Hdt. 5.75, Buckley, 1996:72).

Die twee konings moes ook saam met die *Gerousia* (γερούσία: lett. “raad van ou mans, die γέροντες”) gediën het, 'n raad van 28 mans bo die ouderdom van sestig wat vanuit die Volksvergadering gekies is. Soos die konings, het hulle lewenslank gediën. Sake van algemene belang is deur die *Gerousia* bespreek, en indien nodig is 'n agenda opgestel wat aan die Volksvergadering voorgelê is om oor gestem te word (Buckley, 1996:72-3). Die *Gerousia* was ook verantwoordelik vir die toepassing van wetgewing en in die geval van hofsake het dié raad die hoogste gesag gehad en kon dit selfs oor die konings oordeel.


Alle manlike Spartane wat die basiese militêre opleiding ondergaan het en daarom volwaardige burgers van Sparta (*homoioi* of “gelykes”) was, was deel van die Volksvergadering. Hul rol was om lede vir die *Gerousia* en Raad van *Eforoi* te kies en om oor besluite of mosies van die *Gerousia* te stem. Indien die Vergadering egter gekibbel het oor die bewoording van die mosie of dit selfs wou verander, was dit die *Gerousia* se reg om die Vergadering te omseil (Buckley, 1996:75).

Die laaste groep staatsamptenare was die vyf *Eforoi* (ἔφοροι) wat jaarliks vanuit die Volksvergadering verkies is. Dit was 'n jonger amp as die *Gerousia* of koningskap, maar teen die vyfde eeu waarskynlik die belangrikste amp in die hele Spartaanse staatsdiens. Hulle moes die algemene dag-tot-dag-administrasie van die staat behartig, as regters in private hofsake dien, saam


met die *Gerousia* sit om 'n koning te beoordeel, besluite van die Volksvergadering uitvoer, en oor die res van die staatsamptenare toesig hou. Een van hul belangrikste funksies was die onderhoud van en oorsig oor die *agōgē*, die staatsopleiding van soldate. Op buitelandse terrein moes hulle ambassadeurs ontvang voordat hulle aan die Vergadering bekend gestel is. In oorlogstyd moes hulle die leërs op die been bring en die algemene logistiek behartig vir die komende veldtog. Buiten sy eie lyfwagte, sou 'n koning op 'n veldtog deur ten minste twee *Eforoi* vergesel wees wat sy optrede monitor. Die *Eforoi* het nagenoeg volmag oor die lede van die Spartaanse staat gehad, en vandaar Aristoteles se wantroue in dié pos (*Pol.* 1270b):

Matters relating to the board of overseers [*die Eforoi*] are also badly organized. For this office has sole authority over the most important matters; but the overseers are drawn from among the entire people, so that often very poor men enter it who, because of their poverty, are open to bribery ... Moreover, because the office is too powerful – in fact, equal to tyranny – even the kings were forced to curry favour with the overseers ...

Admittedly, the board of overseers does hold the constitution together ... (Reeve, 1998:52).



Die feit dat die *Eforoi* jaarliks verkies is, skeep die moontlikheid dat hulle slegs een termyn kon dien en dat hulle daarom nie so maklik 'n koning met 'n lewenslange pos tot skoothond kon intimideer nie.



Bogenoemde diagram illustreer hoedat elke administratiewe posbekleër (buiten vir die koningskap, wat dinasties was) uit die Volksvergadering gekies kon word.

Die hervorming van Lukoergos asook die uitmergelende oorloë teen die Messeniërs en Argolis het uiteindelik die Sparta geskep wat bestem was om oor die Peloponnesos te heers (direk of indirek). Hierdie Sparta het die mees professionele weermag van sy tyd onderhou, wat uiteindelik die vry Griekse state teen die oormag Persiese soldate gelei het. Buckley (1996:77) beskryf die invloed van beide die Hervorming en die oorloë soos volg:

It was the Second Messenian War (or Messenian revolt) ... and its all-powerful threat to Sparta's very existence that proved to be the constitutional turning-point in Sparta's history. The Great Rethra,<sup>74</sup> by giving sovereign power to the hoplites, was intended to resolve their political grievances, and to provide them with the incentive to save Sparta from destruction.

Buckley (1996:78) beklemtoon verder hoedat die oorloë gelei het tot die ontwikkeling van Spartaanse militarisme:

The Second Messenian War was the catalyst of the reform of the Spartan state: not only in the field of politics, but also in the social and economic changes that must have been implemented as a consequence of the decision to make all Spartiates hoplites, thus creating a hoplite army from all citizens (usually 30-40 per cent of the citizen population in other Greek states).

Die belangrikste sosiale instelling van die Spartaanse staat was die *agōgē*, die openbare militêre opleidingstelsel wat tot Spartaanse burgers beperk was. Seuns het op ses- of sewejarige ouderdom die ouerhuis verlaat om saam as 'n groep 'n tipe kommunale leefwyse te lei waartydens hulle onderworpe was aan die strengste en veeleisendste fisiese en basiese militêre opleiding om hul liggame te slyp en te dissiplineer. Na veertien jaar se opleiding kon hulle op die ouderdom van twintig by 'n *sussition* (συσσίτιον: lett. "algemene eetplek of

---

<sup>74</sup> Neënde- of agste-eeuse dokumentasie van die hervorming, deur Plutargos aangehaal.

ete”) ingedeel word. Op die ouderdom van 30 was lede volwaardige Spartaanse burgers met alle burgerregte, insluitend die reg om staatsgrond te besit en toelating tot die Volksvergadering, en kon getroude lede meer tyd by hul vroue spandeer.

Spartaanse burgerskap was aanvanklik gekoppel aan die drie oorspronklike Doriese stamme wat die Peloponnesos binnegedring het, naamlik die Hulleis, Dumanes en Pamfulioi (Hammond, 1973:79). Ná die hervorming is hierdie drie stamme (elkeen met sy onderskeie *genē*, *oikoi* en *fratriai*) van Sparta in vyf gelokaliseerde areas van die oorspronklike vyf dorpies verdeel. Hierdie areas (*ōbai*) se inwoners het nou hul eie stam gevorm en lidmaatskap van dié stamme was, soos met die Atheense stamme van Kleisthenes, oorerflik. Lede kon naderhand in ander *ōbai* gaan woon, maar het steeds tot die aanvanklike stam behoort (Hammond, 1973:80).

Waar Kleisthenes die *fratriai* se funksies op die sosiale terrein in Athene behou het, het Lukoergos se hervorming familie- en gesinsbande onder die *fulē* geskrap met die instelling van die *agōgē*. Kinders het die ouerhuis verlaat om by die *agōgē* opgeneem te word en na die voltooiing van dié basiese opleiding kon hulle by ’n *sussition* aansluit, wat erkenning van hul burgerskap en status as *homoioi* was. Die *sussition* het die plek van die *fratriai* op ’n meer direkte wyse ingeneem (Hammond, 1973:83). Die doelwit was dat seuns reeds vanaf ’n vroeë ouderdom ’n sterker band met hul mede-rekrute, en naderhand medesoldate, moes ontwikkel as met hul familie.

Ek het vroeër na die oligargiese tydperk van Athene se politiese ontwikkeling verwys toe die stadstaat hoofsaaklik deur die aristokrasie (die *Eupatridai*) regeer is. Die indruk kan dus ontstaan dat ’n oligargiese regering spesifiek aristokraties van aard is. Sparta se oligargie was egter nie klasgebonde nie aangesien Lukoergos se hervorming (of ten minste die meegaande kulturele rewolusie, sien Cartledge, 1979:156 sowel as Thuc. 1.6) reeds enige medium tot klasse-onderskeid uit die Spartaanse samelewing verwyder het. Alhoewel party Spartane wel ryker as ander was, is geen burger op grond van rykdom bevoor- of benadeel nie. Die *oligoi* wat Sparta regeer het was dus nie ’n bevoorregte minderheid soos vroeër in Athene nie. Sparta was streng gesproke ’n monargie (dubbele koningskap), maar die eintlike uitvoerende politieke

mag het by die konings, die *Gerousia* en die *Eforoi* gelê. Elkeen behalwe die konings (wie se posisies dinasties was) was dus 'n gelyke ('n *homoios*).

### 4.4.3 Samevatting

Twee feite is myns insiens belangrik om te beklemtoon: eerstens, dat teen die tyd dat die stadstaat Athene sy eerste tiran gehad het (c. 632) en sy regeringsstelsel begin aanpas het, Sparta reeds twee vyfdes van die hele Peloponnesos (ongeveer so groot soos die hele Attika en Boiotië saam) oorheers het; en tweedens, dat Sparta sedert 650 bitter min politieke ontwikkel of aangepas het terwyl Athene vir die duur van die Klassieke Era politieke ontwikkel en aanpas het.

Nadat Sparta die Tweede Messeense Oorlog (650-600) gewen het, het hy 'n resep gehad wat, gebaseer op ondervinding, sy eie voortbestaan sou verseker, naamlik dié van militêre superioriteit. Hierdie resep het Sparta toegelaat om grond sowel as slawe te wen vir sy burgers, sowel as om die ander Griekse stadstate te intimideer om Sparta met respek te behandel. Die gevolg van hierdie militêre kamp waarin Sparta omskep is, was dat alle klasseonderskeidings sowel as politieke kreatiwiteit doelbewus onderdruk is. Die "tradisionele" aristokratiese regering is dus nooit verander nie, behalwe dat dit weens klassegelykheid nie meer aristokraties was wat die stadstaat regeer het nie, maar senior en gesiene burgers. 'n Mens sou neerhalend kon sê dat Sparta selfs nooit verby die koningskap (die mees basiese regering) ontwikkel het nie, maar dan moet daar tereg toegegee word dat hulle 'n relatief baie stabiele regering gehad het. Dit is byna met respek dat Thukydides (1.18) die ontwikkeling van die Spartaanse regering opsom:

... yet the Spartan constitution goes back to a very early date, and the country has never been ruled by tyrants. For rather more than 400 years, dating from the end of the late [*Peloponnesian*] war, they had the same system of government, and this has been not only a source of strength, but has enabled them to intervene in the affairs of other states (Warner, 1972:45).

Sparta het wel bitter min ontwikkeling ondergaan, maar dit wat hulle gehad het, het gewerk.

Athene, daarenteen, was geseënd met 'n paar politiek aktiewe individue wat dit op hul self geneem het om die slegte toestande van hul kleinboere te verbeter. 'n Mens kan egter vra waarom dit Athene so lank geneem het voordat hulle ontwikkel het en waarom die kleinboere so genadeloos deur die ryker klasse uitgebuit is. Hoe dit ook al sy, toe Athene begin ontwikkel het, het dit spoedig al hoe moeiliker vir die aristokrasie geraak om die politiek te domineer.

Aanvanklik het die Atheense burgerskap uit die *plethos* en *Eupatridai* bestaan. Uiteindelik is die burgerskap, danksy Solon se hervormings, in sosio-ekonomiese klasse verdeel wat volgens hul status tot die politiek kon bydra. Hoe hoër op die sosiale leer 'n burger was, hoe meer direkte invloed kon hy in die politiek hê. Uiteindelik is die *de facto* leiers, die *stratēgoi*, gekies uit die Volksvergaderings, en kon hulle vir 'n onbepaalde tyd herverkies word. Die stemgeregtiges was die inwoners van die *dēmoi* en dit is van hierdie woord dat die konsep van *dēmokratia* ontstaan het.

Die *dēmos* was Athene se mees basiese eenheid waardeur burgerskap verwerf kon word. Die *fratriai* was aanvanklik 'n meer eksklusiewe “broederbond” waartoe nuwe burgers toegelaat kon word, gewoonlik deur mondigwording, maar met Kleisthenes se hervormings is hierdie pligte na die *dēmos* oorgedra.

Sparta was konstitusioneel konserwatief: hulle het een vorm van regering tot stand gebring, daarby gehou en dit ingeburger. Die stadstaat is regeer deur die twee konings en bygestaan deur die *Gerousia*, die aanvanklike aristokratiese raad, maar na die sewende eeu was dit 'n raad waartoe lede bo die ouderdom van 60 verkies kon word. Die res van die burgers kon deur middel van die Volksvergadering mosies slegs goed- of afkeur wat deur die *Gerousia* aan hulle voorgelê word.

Sparta het nie die politieke ekwivalent van die *dēmos* gehad nie; dit sou nie nodig wees nie aangesien hul konings dinasties was en ander verkiesings in die Volksvergadering plaasgevind het. Die *stussition* was soos Athene se *fratriai* in die sin dat dit op sosiale vlak die Spartaanse dienspligtiges se verhouding met mekaar sterker moes maak.

## 5. Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat Sparta op byna alle terreine van Athene verskil het. Die uiteenlopendste verskille is myns insiens te bespeur in die politiek, die weermag, die bekom en gebruik van slawe, en die posisie van vroue. Sparta en Athene was beide Griekse stadstate, het beide nagenoeg dieselfde taal gepraat (Athene het die Ioniese en Sparta die Doriese dialek van klassieke Grieks gebruik) en dieselfde panteon aanbid. Maar dit is hiér waar die ooreenkomste eindig: Athene was kultureel en polities vooruitstrewend; Sparta se oligargie het ook monargistiese elemente bevat en die Spartane het byna geen letterkunde en kuns opgelewer nie. Verder was Sparta behep met en bekend vir sy byna oordrewe militarisme; Athene se weermag het, soos in die meeste Griekse stadstate van sy tyd, uit 'n swaar gewapende, hopliet-burgermag bestaan, maar Athene het naderhand meer op sy vloot begin staatmaak. Atheense vroue moes by die huis bly en so naïef as moontlik in die huwelik tree; Spartaanse vroue kon vry rondbeweeg, sonder sosiale beperkings. Atheense slawe is met verloop van tyd aangekoop; Sparta het teen 600 die hele Messeense volk verower en verslaaf om die Spartaanse volk te dien. Waarom hierdie uiteenlopende verskille? Kennelik het Athene ook van ander Griekse stadstate verskil, veral ten opsigte van sy vloot en politieke stelsel, maar die verskille tussen Sparta en ander stadstate was op alle terreine nóg groter.

Cartledge (1993:80) het dit reeds raakgesien dat Herodotos, in die tradisie van die etnograaf, vir Sparta as “Anderse” Griekse stadstaat beskryf:

It is a little noticed or even appreciated fact that Sparta is the only Greek state that Herodotos treats in his ethnographic manner, describing some of the Spartans' customs as if they might be as unfamiliar and outlandish to his audience as those of the Nasamonies. The Spartans, that is, function as Herodotus' Greek Other, a kind of control on the Greek side of the Greek-barbarian polarity.

Dit was nie vir Herodotos nodig om die gewoontes en gebruike van ander stadstate te beskryf nie, aangesien hulle nie genoeg verskil het van dit

waaraan hy en sy gehoor gewoon sou wees nie. Sparta was egter bekend en verskillend genoeg om uit te lig asof dit “nie-Grieks” was.

Vanwaar dan Sparta se uniekheid? In die eerste instansie is Sparta ’n nedersetting van die Doriese invallers wat deur die vasteland getrek het en waarvan ’n aantal hulle in die Peloponnesos gevestig het. Maar uit al die Peloponnesiese groepe van Doriese herkoms is Sparta steeds uniek: dat hy Dories is, verklaar maar net die dialektiese en godsdienstige verskille. Die verskil lê ook nie daarin dat hulle die legendariese staatsman Lukoergos gehad het wat hul samelewing en regering herontwerp het nie, aangesien verskeie ander stadstate soortgelyke prestasies aan hul eie legendariese stigters of staatsmanne toeskryf. Waarom was Sparta so militaristies? Athene het sy vloot meer professioneel begin oplei juis sodat hulle nie die Spartaanse leërs die hoof moet bied nie. Waarom het Spartaanse vroue soveel meer vryheid as ander Griekse vroue gehad? Waar kom Sparta se slawe, die Helote, vandaan?

My navorsing het getoon dat die oorsaak van die uiteenlopende verskille teruggevoer kan word na die gebeure van 750-600. Ná die middel van die agste eeu het Sparta, soos die meeste van die groot Griekse stadstate, aan oorbevolking gely en moes hulle óf van ’n gedeelte van hul burgers ontslae raak, óf meer bewerkbare grond in die hande kry. Die meeste Griekse stadstate, soos Korinte en Euboia, het kolonies gestig om hul oorbevolking te verlig. Die Spartaanse vloot was te onderontwikkeld om hierdie moontlikheid werklik te gebruik en hul enigste uitweg was om hul grense fisies uit te brei na hul buurstaat Messenië. Die Eerste Messeense Oorlog (735-715) was ’n sukses: Sparta het grond, slawe en buit gewen. Hierna het hulle, met verskillende grade van sukses, dieselfde met hul ander buurstate probeer, met die gevolg dat toe die Messeense krygsgevangenes gerebelleer het, bykans die hele Peloponnesos teen Sparta gedraai het om dié stadstaat in een oorlog uit te wis. Presies hoe hierdie oorlog verloop het, weet ons nie. Uit Turtaios se gedigte kan ons aflei dat hierdie oorlog die grootste bedreiging was wat Sparta beleef het tot en met hul nederlaag met die Slag van Leuktra (371) en die daaropvolgende inval van die Thebaanse leër. Toe Sparta uiteindelik hierdie Tweede Messeense Oorlog (c. 650-600) gewen het, het hy reeds die hele



Lakonië en Messenië onder direkte beheer gehad, met die ander stadstate indirek onder sy gesag.

Met die einde van die oorlog was alle Messeners by definisie krygsgevangenes en daarom by uitstek staatslawe. Die woord Heloot beteken ook “krygsgevangene”. Dit was dus nie vir die Spartaanse staat nodig om slawe in te voer soos die ander Stadstate nie; hulle het hul eie plaaslike staatslawe gehad.

Een nadeel daarvan om 'n hele nasie te verslaaf, is dat, anders as gewone slawe, hulle nie van hul geboorteland verwyderd is om as vreemdeling in 'n vreemde huis te dien nie: die Messeniërs, as Helote, het steeds 'n nasionale identiteit en kultuur gehad wat, ondanks al die Spartane se pogings om dit te onderdruk, by tye na die oppervlak gekom het met landwye rebellies. Om die Helote onderdruk te hou was 'n verdere rede vir die Spartane se oordrewe militarisme. Hul weermag het gemaak dat hulle die sterkste stadstaat in die Peloponnesos kon word en bly, maar hulle moes plaaslik die Helote onderdruk hou. Die oomblik dat die Helote gerebelleer het, moes 'n leër daar wees om hulle teen te staan. Daarom wou Sparta ook nooit soldate te ver van die Peloponnesos stuur nie: indien te veel soldate te ver van die stadstaat was, sou die Helote rebelleer en moontlik die stadstaat plunder.

Elke burger moes sedert die sewende eeu voltyds militêre diensplig lewer. Die Helote is ingespan om die plase te onderhou en te bewerk en die *Perioikoi* om die nywerhede te bestuur. Die burgers het die Spartaanse weermag onderhou en dus permanent oor die Helote gewaak. Sedert die sewende eeu is klasseonderskeid uit die samelewing verwyder: alle Spartaanse burgers (*spartiatai*) was nou *homoioi* (gelykes). Persoonlike rykdom is onderdruk en kleredrag is uniform gemaak. Daar kon nie tussen burgers onderskei word nie: elkeen was by uitstek 'n soldaat. Daarom het die kunste en letterkunde in Sparta sedert die sewende eeu uitgesterf. Burgers kon nie enigiets buiten soldate wees nie en geen kunstenaar sou 'n lewe kon maak in 'n samelewing wat hom op 'n *spartaanse* leefwyse roem nie.

Met die uitbreek van vyandighede tussen Athene en Sparta in 431 het Perikles geweet dat die Atheense leër nie teen die superieure Spartaanse leër sal bly

staan nie. Hy het daarom die Atheners aangemoedig om eerder al hul landelike eiendom prys te gee en binne die Atheense mure saam te trek sodat die Spartane met die landerye kan doen wat hulle wil; Athene sou deur sy vloot en bondgenote onderhou word. Atheense soldate moet dus nie hul lewens teen die Spartane gaan weggooi nie, maar moes dit eerder gebruik om die bondgenote in toom te hou (Thuc. 1.143). Perikles wou 'n *impasse* van onbepaalde tyd tussen Athene en Sparta skep in die hoop dat Sparta, as die aggressor, eerste sal bes gee en terugtrek terwyl Athene onverstoord sy see-ryk regeer.

Dit was ook weens Sparta se militêre konserwatisme dat hy by sy monargistiese sisteem gebly het. Die norm was dat 'n stadstaat geleidelik van 'n ware monargistiese sisteem na 'n oligargie, en dan na 'n tirannie, sou ontwikkel. Sparta was 'n kombinasie van die monargie en die oligargie in die sin dat hulle wel 'n dubbele koningskap gehad het, maar een bygestaan deur 'n adellike raad. Hul sisteem is sedert die Tweede Messeense Oorlog minimaal aangepas, maar is steeds, soos elke ander aspek van hul samelewing, toegeskryf aan die antieke wetgewer Lukoergos.

Omdat die Spartaanse burgers voltyds op militêre diens was, moes die vroue na die erwe en plase omsien. Hulle moes, soos enige ander Griekse vrou, oor die slawe toesig hou en die basiese alledaagse administrasie afhandel, maar anders as ander Griekse vroue, moes hulle op 'n jong ouderdom aan atletiek deelneem en kon hulle eiendom besit en erf. Omdat die verwekking van 'n nageslag as toekomstige soldate belangriker vir die stadstaat as vir die familie was, kon vroue en mans "uitgeleen" word met die ander egpaar se toestemming. 'n Getroude man of vrou kon aan 'n ander egpaar se man of vrou beskikbaar gestel word om by te dra tot 'n regmatige nageslag.

Die Spartaanse samelewing het op byna elke moontlike terrein van die Atheense model verskil. Sparta is as gevolg van eksterne invloede van 750 tot 600 op die weg na ontwikkeling, spesialisering en uiteindelijke stagnasie geforseer. Athene, daarteenoor, het relatief laat eers 'n dinamiese ontwikkeling getoon, danksy 'n paar staatsmanne wat die internasionale situasie kon lees; daarom is buitelandse kundiges van verskeie terreine gelok om die Atheense intellektuele poel uit te brei.

# Bibliografie

## Primère Bronne

- Barrett, D. 1964. (transl.). *Aristophanes: The Wasps, The Poet and the Women, The Frogs*. Harmondsworth: Penguin Books.
- De Sélincourt, A. 1954. (transl.). *Herodotus: The Histories*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Fitzgerald, R. 1998. (transl.). *Homer: The Iliad*. Oxford: Oxford University Press.
- Lichtheim, M. 1997. (transl.). The Great Hymn to the Aten (1.28). In Hallo, W.W. (Ed.). *The Context of Scripture*. 1:44-46. Leiden Brill.
- Melville, A.D. 1998. (transl.). *Ovid: Metamorphoses*. Oxford: Oxford University Press.
- Moore, J.M. 1986. (transl.). *Aristotle and Xenophon on Democracy and Oligarchy*. Los Angeles: University of California Press.
- Reeve, C.D.C. 1998. (transl.). *Aristotle: Politics*. Cambridge: Hackett Publishing Company.
- Rhodes, P.J. 1984. (transl.). *Aristotle: The Athenian Constitution*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Sommerstein, A.H. 1973. (transl.). *Aristophanes: Lysistrata / The Acharnians / The Clouds*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Warner, R. 1966. (transl.). *Xenophon: History of my Times*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Warner, R. 1972. (transl.). *Thucydides: History of the Peloponnesian War*. London: Penguin Books.

## Sekondère Bronne

- Austin, M.M. 1996. Imperialism (Greek and Hellenistic). In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 750-1. Oxford: Oxford University Press.
- Blundell, S. 2001. *Women in Classical Athens*. London: Bristol Classical Press.
- Buckley, T. 1996. *Aspects of Greek History 750-323 BC: A Source-Based Approach*. London: Routledge.
- Cartledge, P. 1979. *Sparta and Laconia: A Regional History 1300-362 BC*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Cartledge, P. 1993. *The Greeks: A Portrait of Self and Others*. Oxford: Oxford University Press.
- Cartledge, P. 1996a. Peloponnesian League. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 1133. Oxford: Oxford University Press.

- Cartledge, P. 1996b. Slavery, Greek. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 1415. Oxford: Oxford University Press.
- Cartledge, P. 2004. *The Spartans: The World of the Warrior-Heroes of Ancient Greece*. New York: Vintage Books.
- Chrimes, K.M.T. 1949. *Ancient Sparta: A Re-examination of the Evidence*. Manchester: Manchester University Press.
- Davies, J.K. 1996. Citizenship, Greek. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 333-4. Oxford: Oxford University Press.
- Dickinson, O.T.P.K. 1996. Mycenaean civilization. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 1013-5. Oxford: Oxford University Press.
- Gould, J.P.A. 1996. Herodotus. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 696-8. Oxford: Oxford University Press.
- Hammond, N.G.L. 1973. *Studies in Greek History*. Oxford: Clarendon Press.
- Harris, S.L. & Platzner, G. 2001. *Classical Mythology: Images and Insights*. New York: McGraw-Hill.
- Hobbs, A. 2000. *Plato and the Hero: Courage, Manliness and the Impersonal Good*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Hooker, J.T. 1976. *Mycenaean Greece*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Hornblower, S. 2002. [3de uitgawe]. *The Greek World 479-323 BC*. London: Routledge.
- Hunter, R.L. 1996. Medea. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 499. Oxford: Oxford University Press.
- Kearns, E. 1996. Ion (1). In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 763. Oxford: Oxford University Press.
- Lazenby, J. 1989. Hoplite Warfare. In Hackett, J. (Ed.). *Warfare in the Ancient World*. 54-81. London: Sidgwick & Jackson Limited.
- Lazenby, J. 1996a. Military Training (Greek). In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 980-1. Oxford: Oxford University Press.
- Lazenby, J. 1996b. Phalanx. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 1152. Oxford: Oxford University Press.
- MacDowell, D.M. 1996a. *Graphē paranomōn*. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 647. Oxford: Oxford University Press.
- MacDowell, D.M. 1996b. Ostracism. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 1083. Oxford: Oxford University Press.
- McCoskey, D.E. 2001. "I, Whom She Detested so Bitterly": Slavery and the Violent Division of Women in Aeschylus' *Oresteia*. In Joshel, S.R. & Murnaghan S. (Eds.). *Women and Slaves in Greco Roman Culture*. 35-55. London: Routledge.

- Meiggs, R. & Hornblower, S. 1996. Delian League. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 441. Oxford: Oxford University Press.
- Morrison, J.S., Coates, J.F. & Rankov, N.B. 2000. *The Athenian Trireme*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Oliva, P. 1971. [vertaal deur Urwin-Leitová, I]. *Sparta and her Social Problems*. Amsterdam: Adolf M. Hakkert.
- Parker, R.C.T. 1996. Heracleidae. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 686. Oxford: Oxford University Press.
- Pomeroy, S.B. 1975. *Goddesses, Whores, Wives, and Slaves*. New York: Schocken Books.
- Powell, A. 1996. *Athens and Sparta: Constructing Greek Political and Social History from 478 BC*. London: Routledge.
- Rabinowitz, N.S. 2001. Slaves with Slaves: Women and Class in Euripidean Tragedy. In Joshel, S.R. & Murnaghan, S. (Eds.). *Women and Slaves in Greco Roman Culture*. 56-68. London: Routledge.
- Robinson, C.E. 1973. *A History of Greece*. London: Methuen Educational Ltd.
- Rodgers, W.L. 1964. *Greek and Roman Naval Warfare*. Annapolis: United States Naval Institute.
- Rose, H.J. & Dowden, K. 1996. Deucalion. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 460. Oxford: Oxford University Press.
- Rose, H.J. & March, J.R.M. 1996. Orestes. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 1074. Oxford: Oxford University Press.
- Schachter, A. 1996. Heracles. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 684-6. Oxford: Oxford University Press.
- Sekunda, N. 1989. The Persians. In Hackett, J. (Ed.). *Warfare in the Ancient World*. 82-103. London: Sidgwick & Jackson Limited.
- West, M.L. 1996. Tyrtaeus. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 1568. Oxford: Oxford University Press.
- Whitehead, D. 1996. Metics. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (Eds.). *The Oxford Classical Dictionary*. 969. Oxford: Oxford University Press.
- Wiedemann, T. 1981. *Greek and Roman Slavery*. London: Croom Helm.
- The Perseus Digital Library. In Crane, G. (Editor in Chief). <http://www.perseus.tufts.edu/>
- Classical Archaeology 49: The Archaeology of Greece. In Sams, G.K. 2004. <http://classics.unc.edu/courses/clar049/index.html>